UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# *Gilgamesh sien die Diepte: van Skande tot Eer*


**deur**

**Gezina Gertruida de Villiers**


**voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**Magister Artium**

**aan die Fakulteit Geesteswetenskappe**

**Universiteit van Pretoria**

**PRETORIA**

**Studieleier: Prof GTM Prinsloo**

**Oktober 2000**


© University of Pretoria

# *VOORWOORD*

*Dit is verstommend dat die mens, ten spyte van al die wetenskaplike kennis en tegnologiese ontwikkelinge wat intussen soveel toegeneem het, vir die afgelope 4000 jaar nog nie veel verander het nie. Die behoeftes, aspirasies, vrese en vreugdes bly presies dieselfde. Die Epos van Gilgamesh vertel van 'n mens - 'n mens in wie elkeen wat dit lees, 'n spieëlbeeld van homself of haarself siën. Soos elke mens moes Gilgamesh leer dat die pad van die lewe nie met maanskyn belig en met rose bestrooi word nie: veel eerder lê die pad met dorings en distels besaai wat krap en steek. Gilgamesh vind uit dat sy eer nie daarin lê om mense, monsters en gode te oortref nie. Nee. Eers nadat hy skandes maak en misluk, besef hy dat eer te make het met die wyse waarop hy hier en nou lewe : in eer of in skande.*

*Kortliks wil ek die volgende mense bedank:*

- *prof. Sakkie Cornelius by die Universiteit van Stellenbosch wat my gehelp het om 'n transliterasie van die Epos te bekom,*

- *die personeel by die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch wat die interbiblioteek-lenings so ongekompliseerd moontlik gemaak het,*

- *al die dosente van Antieke Tale by die Universiteit van Pretoria vir aanmoediging en belangstelling,*

- *Etienne, vir die eerste kritiese opmerkings,*

- *Dawie en Braam wat hul ma se studie verduur,*

- *Gert Prinsloo, my studieleier, vir die gebruik van sy kantoor, sy rekenaar en sy tyd, sy aanmoediging, bemoediging en sy kritiek,*

- *Dawid, vir die eensame geswoeg en gesweet agter die rekenaar, en wat grootliks verantwoordelik is vir die finale afronding van hierdie skripsie.*

*Aan God : dankie vir die mense langs die pad van my skripsie.*

# INHOUDSOPGAWE

Pg

**VOORWOORD** i

**HOOFSTUK I : INLEIDING** 1

1. NAVORSINGSPROBLEEM 1
2. HIPOTESE EN TITEL 3
3. DOEL VAN NAVORSING 3
4. METODE 3
5. STRUKTUUR 5

**HOOFSTUK II : BRONNE** 7

1. DIE EPOS 7

1.1 Literatuursoort 7
1.2 Inhoud 9
1.2.1 Analities 9
1.2.2 Samevattend 12
1.3 Agtergrond 13
1.4 Redaksiegeskiedenis 17
1.5 Elf of Twaalf Tablette 19

2. SOSIAAL-WETENSKAPLIK 21

2.1 Antropologie en Bybelnavorsing 21
2.2 Bruce Malina se teorie 24
2.2.1 Letterkunde en kultuur 24
2.2.2 Eer en skaamte: kernwaardes van die Mediterreense wêreld in die 1 ste eeu 25
2.2.2.1 Hoe eer toegeken word 26
2.2.2.2 Uitdaging en respons 26
2.2.2.3 Hoe eer gesimboliseer word 27
2.2.2.4 Eervertoon 28
2.2.2.5 Geslagsdifferensiasie 29
2.2.3 'n Diadiese persoonlikheid 30
2.2.4 Samevatting 30

3. LETTERKUNDIGE TEORIE 31

**HOOFSTUK III : EER-EN-SKAAMTE-MOMENTE IN DIE GILGAMESH-EPOS 37**

A. DIE PROLOOG 37
B. (i) KONING GILGAMESH: 'N MAN VAN EER GEDRA HOM SKAAMTELOOS 42
B. (ii) ENKIDU (a) Sy Skepping 47
(b) Sy Inisiasie 50
C. KOMPETISIE: DIE KONING SE EER WORD UITGEDAAG 58
D. EER GESOEK: HUMBABA DOODSVERAGTEND TEGEMOET 65
E. EER IN DIE WEEGSKAAL: TWEE BANGBROEKE OF TWEE HELDE? 75
F. EER BEKOM: HUMBABA WORD OORWIN 81
G. EER VERWERP: 'N GODIN IN DIE SKANDE 89
H. DIE DOOD: NIE DAT NIE, MAAR HOE 100
I. ONTDAAN VAN EER: OP SOEK NA DIE EWIGE LEWE 111
J. DIE GEHEIM VAN DIE EWIGE LEWE: DIE TOETS GEDOP 129
K. DEUR Oë VOL TRANE 143

**HOOFSTUK IV : INTEGRASIE VAN GEGEWENS 144**

1. INTERPRETASIE VAN DIE EPOS 144
2. GEVOLGTREKKING: DIE HIPOTESE AANVAAR OF VERWERP 147
3. LEEMTES IN DIE NAVORSING EN TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK 150
4. FINALE OPMERKINGS 151

**BIBLIOGRAFIE 152**

**OPSOMMING 154**

**SUMMARY 155**

**SLEUTELTERME 156**

**KEY WORDS 156**

# HOOFSTUK I

## INLEIDING

Matteus 9:17: *'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is daarmee heen."*

In 'n allegoriese sin is dit presies wat hierdie skripsie probeer doen. Daar is aan die een kant die ou sak - 'n baie ou en beleë epos - en daar is aan die ander kant baie nuwe wyn - die "jong" sosiologiese benaderings en die resente literatuur-'wetenskaplike' teorieë, albei nog in wankelrige kinderskoene. Hierdie skripsie wil aantoon dat die antieke, wanneer dit aan moderne standaarde gemeet word, nie slegs staande bly nie, maar sterker vertoon en inderdaad nuwe karakter na vore bring.

### 1. NAVORSINGSPROBLEEM

(Die name en terminologie wat in **vetgedrukte letters** in hierdie afdeling voorkom, word meer breedvoerig in Hoofstuk 2 bespreek.)

Daar word dikwels gesê dat ou letterkunde nie meer vandag relevant is nie. Dis interessant om te lees, maar bied hoogstens 'n insig in die leef- en denkwêreld van toeka. Niemand glo immers meer in gode nie, die werklikheid kan empiries ondersoek en wetenskaplik verklaar word - mites is bloot vermaaklike storietjies. Die enigste mense wat werklik waarde uit antieke tekste put, is historici en linguiste.

Die Gilgamesh-epos is 'n baie ou epos - trouens, dit is die oudste epos wat skriftelik opgeteken is. Waarom dan, laat hierdie epos 'n mens wonder? Waarom lees 'n mens dit ook 'n tweede, en selfs 'n derde keer weer? Wat is dit wat tref? Kan die impak van die verhaal vandag dieselfde wees as 4000 jaar gelede? Het enigiets enigsins verander? Indien wel, wat? Het dit nog iets te sê vir die moderne leser?

Die feit dat die Epos van Gilgamesh deur al die eeue heen van geslag tot geslag oorgedra is, en die feit dat dit vandag nog wye belangstelling geniet, laat die vermoede ontstaan dat hierdie epos 'n tydlose wysheid vervat, en dat dit meer as een aspek van menslike lewe dek. Daarom is dit nodig om een of meer fasette in die epos te ondersoek en in diepte te verken.

Bykans 4000 jaar het egter verloop sedert die Gilgamesh-epos vir die eerste keer gelees of gehoor is. Tereg kan die post-moderne leser vra: deur watter 'bril' - of 'brille' - kan 'n ou epos in die 21e eeu gelees word sonder om afbreuk te doen aan die bedoeling van die oorspronklike outeur of outeurs?

Die mens van die antieke tyd en die wêreld waarin hy/sy geleef het, het inderdaad heel anders gelyk as die mens en die wêreld van vandag. Bybelwetenskaplike navorsers was die eerstes om in te sien dat antieke tekste nie direk op 'n moderne samelewing oorgedra kan word nie. Vir die moderne mens is dit onmoontlik om ou tekste te verstaan sonder insig in die wêreld waarin die tekste ontstaan het. Antieke tekste is ingebed in 'n kultuur waarin mense ander waardes en norme onderskryf het as die van moderne tye. Dus, om ou tekste te verstaan, moet die moderne leser ook die mense en die wêreld van die teks verstaan, en verskille tussen toe en nou, deeglik in ag neem. Bruce Malina en sy medewerkers het die Mediterreense wêreld van die eerste eeu nC intensief bestudeer en navorsing gedoen oor die sosiaal-kulturele milieu van die tyd. Hulle definieer **eer en skaamte** as kernwaardes van antieke Mediterreense samelewings, en gebruik 'n antropologiese **eer-skaamte**-model wat hulle op antieke tekste toepas: eerstens natuurlik op die Bybel, maar ook op ander tekste. Hierdie toepassing was enersyds uiters suksesvol en insiggewend, maar is andersyds ook skerp gekritiseer. Hoe dit ookal sy, **Malina** se kritici het nog nie met iets beters vorendag gekom nie, en die belangrike rol wat **eer en skaamte** in enige samelewing speel, kan nie ontken word nie.

Hieruit spruit 'n volgende belangrike vraag: met soveel agtergrond, soveel sosiaal-kulturele voorveronderstellings, loop 'n mens nie die gevaar om in 'n teks in te lees wat nie daar staan nie? Hoe geregverdig is dit om die Gilgamesh-epos te lees met **eer en skaamte** van die Mediterreense wêreld prominent in die agterkop?

**Strukturalisme** wys dit af. Daarenteen vereis **post-strukturalisme** met die **dekonstruksie**-tak daarvan dat die leser bewustelik sy/haar voorveronderstellings in die teks moet indra, maar deur 'n voordurende proses van selfkritiek, hierdie voorveronderstellings bewustelik bevraagteken, vernuwe en verwerp. 'n **Lesersentriese** benadering erken dat daar leemtes in 'n teks is wat die leser maar mag vul - en gedagtig aan verskillende lesers op verskillende tye en plekke, staan hierdie benadering ook besonder simpatiek teenoor 'n histories-sosiologiese lees van 'n teks.

Vanuit 'n **post-strukturalistiese, dekonstruktiewe** - en **lesersentriese** oogpunt blyk dit dus dat daar maar in 'n teks ingelees mag word, mits dit op 'n verantwoordelike wyse

gedoen word, en mits die leser daarvan bewus is dat hy/sy dit doen. Siende dat **Bruce Malina** se model van **eer en skaamte** reeds verrykend op ander antieke Mediterreense tekste ingewerk het, is dit veroorloof om hierdie model ook op die Gilgamesh-epos te probeer toepas - maar dan krities.

## 2. HIPOTESE EN TITEL

Die volgende ***hipotese*** word gestel: ***eer en skaamte motiveer die karakterontwikkeling van Gilgamesh terwyl hy groei van jeug na volwassenheid.***. Hierdie hipotese weerspieël die bril waardeur die navorser die epos lees, daarom die ***titel*** van die skripsie:

***Gilgamesh sien die Diepte : van Skande tot Eer***

## 3. DOEL VAN NAVORSING

Die Gilgamesh-epos kan beskryf word as 'n emosionele, innerlike verkenning van die absolute sin in die lewe. Hierdie epos toon aan dat 'n krisis, sonder dat dit noodwendig opgelos word, tot groter insig en wysheid lei. Die volwasse persoonlikheid is immers nie gebou slegs op sukses nie, maar erken en hanteer ook mislukking. Almal strewe eer na - maar dis onmoontlik om eer te bekom sonder om te besef dat mislukking grootliks daartoe bygedra het. Juis die aanvaarding van hierdie paradoks skep afstand, en stel die mens daartoe in staat om homself met humor te beskou.

In die skripsie word die motief van eer en skaamte ondersoek, aangesien daar vermoed word dat dit 'n belangrike rol in die hoofkarakter se lewe speel namate hy insig in homself verkry en na volwassenheid groei. Sukses sowel as mislukking slyp die hoofkarakter vir volwassenheid in sy soeke na die sin van die lewe.

## 4. METODE

Hierdie skripsie neem as uitgangspunt die Epos van Gilgamesh. Die Standaard Babiloniese teks, soos getranslitereer deur Simo Parpola (1997) word gebruik. Tot op hede is die enigste ander transliterasie uit die hand van R.C. Thompson (1930), en dit dateer uit 'n tydperk toe baie materiaal nog ontbreek het, of nog nie ontsyfer is nie. Parpola se weergawe is 'n intelligente rekonstruksie van die Standaard Babiloniese teks,

saamgestel uit verskillende tablette en fragmente vanuit verskillende tydperke, met die doel om 'n leesbare, samehangende verhaal te verskaf. Dit is waarskynlik nie die getrouste rekonstruksie nie, maar dit beantwoord aan die doel van hierdie skripsie aangesien dit op die verhaal in sy geheel fokus, en nie op die verskillende gedigte en hul afsonderlike redaksiegeskiedenis met betrekking tot die epos nie.

Die mees resente vertaling is die van Andrew George, 1999: "The Epic of Gilgamesh". Vir hierdie vertaling het hy baie omvattend te werk gegaan, en inkorporeer alle tekste wat met Gilgamesh verband hou, ook die wat nie in die Standaard Babiloniese teks voorkom nie. George waarsku teen moderne lesings wat nie rekening hou met die diversiteit van die materiaal nie, en 'n verkeerde indruk skep van die inhoud van en die toestand waarin die epos oorgelewer is (George, 1999 : xv). In sy vertaling word tekste geskei volgens tyd, plek en taal, sodat die leser elke afsonderlike gedeelte in eie reg kan waardeer. George verskaf egter slegs 'n vertaling, nie 'n transliterasie nie.

Die grootste frustrasie van hierdie navorsing was om 'n Akkadiese teks te bekom, omdat dit veronderstel is om eerstehandse navorsing vanuit die Akkadiese teks self te wees. Slegs Thompson en Parpola bied transliterasies - Thompson s'n miskien meer getrou maar uiters onvolledig, Parpola minder getrou maar meer omvattend, samehangend en resent, en daarom word Parpola se weergawe verkies.

Vertalings in hierdie skripsie word dus uit die Akkadies gedoen, en is die van die navorser self. Daar word gepoog om 'n dinamies ekwivalente vertaling te verskaf, terwyl die Akkadies sover moontlik getrou nagevolg word. 'n Grammatikale ontleding van die teks wat gebruik is, sowel as 'n letterlike woord-vir-woord-vertaling, is op aanvraag beskikbaar. Al die momente waar eer en skaamte van toepassing is, word ondersoek in die lig van sosiale en psigologiese betekenis, en uiteindelik word die literêre bydrae van die eer-en-skaamte model tot die epos self gepeil.

Die sosiologies-antropologiese wêreld agter die teks word bekyk hoofsaaklik vanuit Bruce Malina se insigte ten opsigte van waardes en norme van die antieke wêreld, spesifiek met die klem op eer en skaamte wat hy as kernwaardes van hierdie wêreld definieer. Malina se model word ondersoek en met sy kritici se waarskuwings in die agterkop, verantwoordelik op die Epos van Gilgamesh toegepas om vas te stel of hierdie model werklik daartoe bydra om die epos beter te verstaan.

Vir die doel van hierdie studie word daar slegs oorsigtèlik en in die breë na die verskillende strominge in literêre kritiek gekyk. Die onderlinge variante en fynere onderskeidings is te gedetailleerd en gespesialiseerd: 'n volledige verkennig regverdig 'n ander studie, dalk net daaroor. Die meriete van die verskillende benaderings word ook nie teenoor mekaar opgeweeg nie. Dit lyk by 'n eerste lees asof die mees toepaslike benadering vir hierdie skripsie 'n post-strukturalistiese omgang met die teks is, met die klem op die leser se response.

**5. STRUKTUUR**

Die struktuur van die skripsie lyk soos volg:

**HOOFSTUK I**

**INLEIDING**

1. NAVORSINGSPROBLEEM
2. HIPOTESE EN TITEL
3. DOEL VAN NAVORSING
4. METODE
5. STRUKTUUR

**HOOFSTUK II**

**BRONNE**

1. DIE EPOS
    - 1.1 Literatuursoort
    - 1.2 Inhoud
        - 1.2.1 Analities
        - 1.2.2 Samevattend
    - 1.3 Agtergrond
    - 1.4 Redaksiegeskiedenis
    - 1.5 Elf of Twaalf Tablette
2. SOSIAAL-WETENSKAPLIK
    - 2.1 Antropologie en Bybelnavorsing
    - 2.2 Bruce Malina se teorie
        - 2.2.1 Letterkunde en kultuur

2.2.2.2 Uitdaging en respons
2.2.2.3 Hoe eer gesimboliseer word
2.2.2.4 Eervertoon
2.2.2.5 Geslagsdifferensiasie
2.2.3 'n Diadiese persoonlikheid
2.2.4 Samevatting
3. LETTERKUNDIGE TEORIE

**HOOFSTUK III**

**EER-EN-SKAAMTE-MOMENTE IN DIE EPOS VAN GILGAMESH**
A. DIE PROLOOG
B. (i) KONING GILGAMESH: 'N MAN VAN EER GEDRA HOM SKAAMTELOOS
B. (ii) ENKIDU (a) Sy Skepping
(b) Sy Inisiasie
C. KOMPETISIE: DIE KONING SE EER WORD UITGEDAAG
D. EER GESOEK: HUMBABA DOODSVERAGTEND TEGEMOET
E. EER IN DIE WEEGSKAAL: TWEE BANGBROEKE OF TWEE HELDE?
F. EER BEKOM: HUMBABA WORD OORWIN
G. EER VERWERP: 'N GODIN IN DIE SKANDE
H. DIE DOOD: NIE DAT NIE, MAAR HOE
I. ONTDAAN VAN EER: OP SOEK NA DIE EWIGE LEWE
J. DIE GEHEIM VAN DIE EWIGE LEWE: DIE TOETS GEDOP
K. DEUR Oë VOL TRANE

**HOOFSTUK IV**

**INTEGRASIE VAN GEGEWENS**
1. INTERPRETASIE VAN DIE EPOS
2. GEVOLGTREKKING: DIE HIPOTESE AANVAAR OF VERWERP
3. LEEMTES IN DIE NAVORSING EN TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK
4. FINALE OPMERKINGS

**BIBLIOGRAFIE**

# HOOFSTUK II

## BRONNE

## 1. DIE EPOS

### 1.1. Literatuursoort

Tradisioneel lê die onderskeid tussen 'n epos en 'n mite daarin dat mites gode as hoofkarakters het, en dat 'n epos die verhaal van menslike karakters se heldedade vertel. Hierdie onderskeid is egter nie waterdig nie: in die antieke tye was die wel en weë van gode en mense immers verstrengel, en het die giere en grille van die gode grotendeels die mense se lot bepaal.

'n Definisie van die epos as 'n stuk verhalende poësie is volgens Van Selms (1970 : 2) heeltemal te eng. Wat Mesopotamiese literatuur betref, sou daarvolgens nie veel wees wat as epos kwalifiseer nie. Van Selms (1970 : 3) beskou egter die verhaal van Gilgamesh as 'n epos in die volle sin van die woord.

Nie almal stem met hom saam nie. Gilgamesh is immers nie oorspronklik as een lang samehangende epos beplan nie, maar was 'n aantal los, selfs onsamehangende gedigte uit verskillende tydperke wat later tot 'n verhaal saamgevoeg is - gedurende 'n tyd toe die epos as literatuursoort nog nie gedefinieer is nie. Vir Rivkah Scharf Kluger is die verhaal van Gilgamesh eerder 'n mite as 'n epos (Kluger, 1991 : 13). Gilgamesh is 'n argetipe van die mens wat tyd en ruimte transendeer en 'n brug slaan tussen mense van alle tye (Kluger, 1991 : 14). Hierdeur word dit vir die hedendaagse mens moontlik om te besef dat die sogenaamde wesenlike probleme van die tyd eintlik maar deel is van die kontinuïteit van die ewige probleme van die mens, soos wat dit weerspieël word in die mites.

Die woord 'epos' was onbekend in die antieke Mesopotamiese tyd. Die finale redaksie van Gilgamesh is gekategoriseer volgens die eerste sin, en het bekend gestaan as *"ša nagba īmuru"* - hy wat die diepte gesien het. Dit is egter ook genoem die *"iškaru"* van Gilgamesh - *iškaru* verwys in hierdie verband na 'n reeks (Gardner & Maier, 1984 : 37). *Iškaru* sê egter niks oor die inhoud of aard van die reeks nie, dit kon enigiets wees van liedere tot religieuse tekste.

Verder kan Gilgamesh as ‘n gedig oor liefde gelees word (Gardner & Maier, 1984 : 42) - nie erotiese liefde nie, maar liefde tussen vriende. Volgens Maier (Gardner & Maier, 1984 : 42) is Gilgamesh waarskynlik die voorloper van vriendskapsliteratuur in latere Griekse en Latynse werke. Hy maak ‘n interessante stelling met betrekking tot Gilgamesh se ineenstorting na Enkidu se dood: so sterk was die identifikasie tussen die twee vriende dat Gilgamesh na Enkidu se dood self Enkidu word - die natuurmens wat Enkidu was. Wanneer hy in Tablet XII probeer om die gees van Enkidu te omhels maar nie slaag nie, eers dan word die dood as finale skeiding ‘n realiteit. “In Gilgamesh the pain of love and loss is the defining feature of humanity” (Gardner & Maier, 1984 : 42).

Maier (Gardner & Maier 1984 : 38) self verkies om die verhaal van Gilgamesh nie ‘n epos te noem nie. Dit is waar dat die term nuttig daarop toegepas kan word aangesien die protagonis ‘n mens is en nie ‘n god nie, en aangesien die eerste helfte van die werk wel oor heroïese dade handel. Terselfdertyd is dit ook ‘n term wat misbruik (“overworked”) word, en wat die Gilgamesh-epos betref, nie krities genoeg ondersoek word nie. Om slegs die jonger, geredigeerde weergawe as vertrekpunt te neem, weerspieël niks van die vroeëre mondelinge tradisie, mondelinge komposisie en letterkunde nie. Maier (Gardner & Maier, 1984 : 40) tipeer Gilgamesh as ‘n roman. In Cloete (1992 : 437) word die verskil tussen epos en roman soos volg omskryf: “Die epos vergestalt ‘n insigself geslote lewenstotaliteit. Die roman trag vormend die verborge totaliteit van die lewe te onthul en tot stand te bring.” In hierdie sin is Gilgamesh inderdaad meer van ‘n roman as ‘n epos. En ook Jacobsen (1976 : 197), alhoewel hy Gilgamesh steeds as epos beskou, beskryf die styl waarmee die verhaal begin as die van ‘n romantiese epos - soos die Odussea.

Ook George (1999 : xxxv) sien die lang gedig wat oor Gilgamesh handel as ‘n epos, eerder as ‘n mite, maar hy beklemtoon veral die wysheidsaspek wat daarin vervat is. Die proloog skep die indruk dat die epos ‘n outobiografie is wat die held self in die derde persoon geskryf het - met die doel dat almal wat na hom kom, dit moet lees om daaruit te leer. Die literêre genre wat bekend staan as Koninklike Advies (Royal Counsel) was vroeg reeds in die Ou Nabye Ooste gevestig: konings was veronderstel om ook wysgere te wees en het groot erns daarmee gemaak om hul koninklike wysheid vir hul nageslag oor te dra. Die Bybelboek Spreuke is ‘n voorbeeld van hierdie literatuursoort.

Die wysheid wat die Gilgamesh-epos wil oordra, is dat die held se soektog na die ewige lewe futiel is. Die plig van die mens is dus om sy sterflikheid te aanvaar en die lewe wat hy het ten volle te geniet. Terselfdertyd wys die epos egter ook op die verpligtinge wat

mense en konings behoort na te kom - wanneer die mens buite sy grense tree, kry hy moeilikheid. Die epos waarsku teen 'n onoordeelkundige uitoefening van mag en losbandige hedonisme, maar moedig die mens aan om die geleenthede in die lewe op 'n verantwoordelike en gedissiplineerde wyse te benut.

Hierdie skripsie beskou die lang gedig wat oor Gilgamesh handel as 'n epiese verhaal waarin mites, romantiek en wysheid vervat is. Daar word egter volstaan met die term 'epos' as die mees onomstrede en algemene manier om na die verhaal te verwys.

### 1.2. Inhoud

#### 1.2.1. Analities

Die Gilgamesh-epos sentreer rondom die tema van die dood. Twee houdings ten opsigte van die dood wat diametries teenoor mekaar staan, word gereflekteer (Jacobsen, 1976 : 215). In die eerste fase word die dood verag deur die held, in die tweede fase word hy deur die dood ingehaal. Positief gestel, word die tema van die epos verwoord as 'n soeke na onsterflikheid; negatief gestel, word dit 'n vrees vir die dood.

Volgens sy tipering van die Gilgamesh-verhaal as 'n roman, verdeel Maier (Gardner & Maier, 1984 : 26-34) die vertelling in twee fases: 'n Apolliniese en 'n Dionusiese fase. Hierdie terminologie word gebruik om die gelyktydige bestaan van twee teenoorgestelde beginsels aan te dui - hetsy alternatiewe lewensbeskouinge, alternatiewe bewussynsvlakke, en selfs die verskillende linker- en regterbreinfunksies. Apollo beheer die linkerbrein wat logies en analities redeneer, en aksie insieer, Dionusos van die regterbrein laat verbeelding, fantasie en intuïsie domineer.

In die eerste helfte van die Gilgamesh-verhaal is die belangrikste aksie die heroïese onderneming van Gilgamesh en Enkidu om die monster, Humbaba, te verslaan. Die twee helde word gedryf deur hul begeerte na roem en om onsterflikheid te bekom deur 'n naam vir hulself te maak. Die god wat hier die belangrikste rol speel is Shamash - net soos Apollo, is hy die songod, die god van geregtigheid en redelike denke (Prinsloo, 1999 : 62). Dit is hy wat die begeerte by Gilgamesh aanwakker om die stryd met Humbaba aan te knoop - dit is dan ook vir hom wat Ninsun, Gilgamesh se ma, verwyt. Op hierdie god beroep sy haar om die twee helde in hul stryd te beskerm en ongedeerd terug te bring. Wanneer Ishtar, die godin van liefde en oorlog (Saggs, 1984 : 202), haar vir Gilgamesh vervies en haarself met die Hemelbul probeer wreek, maak Gilgamesh en Enkidu ook hierdie monster dood, en wy hulle sy hart aan Shamash.

In hierdie fase vind 'n belangrike leerproses plaas: ten opsigte van Enkidu. Hy is 'n primitiewe mens wat sonder rede en volgens sy instinkte lewe. Met die hulp van Shamhat, die prostituut, word hy mens, en speel uiteindelik die rol van Gilgamesh se vriend en raadgewer. Wanneer Enkidu sterf, word hierdie fase afgesluit. In sy siekte en lyding bekla hy sy lot bitter en opstandig - dan tree Shamash tussenbeide. Met sy redelike toespraak en logika laat hy Enkidu insien dat die lewe wat hy tot dusver verkry het, tog die moeite werd was. Enkidu vind 'n mate van berusting voordat hy sterf. Hierdie lang toespraak van Shamash onderstreep reeds in die eerste helfte die waarheid wat die Gilgamesh-verhaal tuisbring: die dood is onafwendbaar en verskriklik, maar die lewe, vriendskap, eer en herinnering - deel van die beskaafde lewe - is kosbaar.

Die Gilgamesh van die eerste fase is vol selfvertroue terwyl hy gereed maak om Humbaba tegemoet te gaan. Hy is selfs bereid om die risiko te loop dat hy dalk sy lewe kan verloor - al wat belangrik is, is om vir homself naam te maak. Maar hierdie selfvertroue verander na 'n uitsiglose wanhoop nadat hy sy vriend verloor. In sy hoedanigheid as koning en priester lewer Gilgamesh 'n aangrypende elegie oor sy vriend Enkidu se dood - op hierdie stadium dink hy, selfs in sy droefheid, nog redelik en logies. Hiermee word die Apolliniese fase afgesluit. Gilgamesh se rede verlaat hom, hy verlaat sy stad Uruk en die lang redelose en futiele soektog van die Dionusiese fase begin.

Albei fases speel af buite die mure van Uruk. In die eerste fase het Gilgamesh buite die mure van Uruk op sy triomftog gegaan. Nadat hy die dood van Enkidu betreur, gooi Gilgamesh sy klere af - klere wat ook simbolies van die beskawing is. Hy verlaat Uruk weer. Hierdie keer is sy tog egter nie 'n triomftog nie, maar een van vrees en verskrikking. Sy lang reis is meer as 'n geografiese reis na donker, onbekende en onherbergsame plekke. Dis selfs meer as 'n reis buite die veilige mure van Uruk. Dis 'n reis na binne wat hy onderneem, na die donker plekke van sy eie wese. Hy soek 'n antwoord op die probleem van die dood - die probleem waarop geen mens tot vandag toe al 'n antwoord gevind het nie.

Hy vind uit dat die dood nie vermy kan word nie. Gilgamesh se reis gee nie aan hom die hoop van persoonlike onsterflikheid nie, en dit laat Enkidu nie herleef nie, selfs nie in Tablet XII nie. Maar Gilgamesh word gereinig. Hy gooi die vuil velle af, bad homself en trek skoon klere aan. Hy keer terug na sy stad, Uruk, en hervat sy pligte as koning. Dus, in 'n sekere sin het daar niks verander nie: die verhaal sluit af presies waar dit begin het, in Uruk, en een ding is seker, die mens kan die dood nie ontkom nie. Maar Gilgamesh het verander: hy het die *nagbu* - die diepte - gesien.

In die tweede fase is Ea die god wat die toon aangee. Ea, die god van die *nagbu* - diepte, of oerwaters (Prinsloo, 1999 : 62), maar ook die god van wysheid (Saggs, 1984 : 202). Die *nagbu* is die plek van die geheime en verborge dinge. In hierdie fase verwerp Gilgamesh die redelikheid van die Shamash, en die redelikheid van Siduri, die kroegmeisie. Hy rus nie voordat hy die diepte gesien het nie. Hierdie insig, vertel die digter heel aan die begin , reeds in die proloog, het Gilgamesh nie vir homself gehou nie, maar hy het dit teruggebring na sy stad, en alles wat hy weet, op ‘n stela uitgraveer.

Maier (Gardner & Maier, 1984 : 24-36) se verdeling tussen ‘n Apolliniese en Dionusiese fase kan, wat die Gilgamesh-verhaal betref, as ‘n Shamash- en Ea-fase getipeer word, in aansluiting by die jargon van die tyd. Die wysheid wat Gilgamesh van Ea leer, is dat die dood onafwendbaar is, en dat plae (die leeu, die wolf, hongersnood en pes) realiteite is waarmee die mens moet saamleef. Selfs die gode is nie te vertrou nie - nie die mens se feilbaarheid nie, maar die grille van die gode het in Tablet XI die Groot Vloed veroorsaak. Al wat standhoudend is, is dit wat die mens van sy eie lewe maak - en daarom is die lewe wat hy het, kosbaar.

Die verhaal weerspieël ‘n beweging van heroïese idealisme na strak realisme - ‘n realisme wat moed verg van die mens om te aanvaar. Veral interessant is die ontleding wat Jacobsen (1976 : 219) doen in terme van die vlug-tema in Gilgamesh. Deur die hele verhaal is Gilgamesh besig om dinge te vermy. In die eerste helfte van die verhaal weier hy om die verantwoordelikhede van die volwasse lewe te aanvaar, soos om te trou en om kinders groot te maak. Wanneer hy Enkidu ontmoet, verwerp hy ‘n huwelik vir iets gelykstaande aan ‘n pre-adolessente vriendskap met dieselfde geslag. Hy verwerp Ishtar se huweliksaanbod “almost unnecessarily violent” (Jacobsen, 1976 : 219), alhoewel ‘n mens seker kan verstaan waarom hy dit doen. As Enkidu sterf, soek hy nie nuwe kameraadskap in die huwelik nie, maar probeer hy terugvlug in die sekuriteite van sy kinderdae. Siduri se advies om te eet, te drink en vrolik te wees met die vrou en kinders wat sin gee aan sy bestaan, verwerp hy.

Wanneer hy die uiteindes van die aarde bereik waar Utnapishtim en sy vrou woon, word hulle die vader- en moederfigure van sy kinderdae waar ouderdom en dood nie bestaan nie. Utnapishtim probeer om op ‘n streng manier vir Gilgamesh sy verantwoordelikhede te laat insien deur hom ‘n les te leer. Hy gaan ‘n weddenskap aan met slaap, die kleinboetie van dood: as hy verloor, moet hy die gevolge dra. Utnapishtim se vrou, as moeder, is egter bereid om Gilgamesh kind te laat bly, en praat Utnapishtim om om aan hom die plant te gee wat hom ewig jonk sal laat bly.

Gilgamesh vlug van die dood, hy vlug van die ouderdom, hy vlug van volwassenheid - hy gryp terug na die sekuriteite van sy kinderdae. Wanneer hy egter die plant verloor, verloor hy ook die illusie dat hy weer kind kan word. Slegs een ding bly oor - hy moet groot word en die realiteite en verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan, aanvaar.

In Jacobsen se woorde (1976 : 219): "The Gilgamesh Epic is a story about growing up."

### 1.2.2. Samevattend

Die Epos van Gilgamesh word meestal opgesom as die verhaal oor die vrees vir die dood, of oor die soeke na die ewige lewe. Vrees vir die dood en 'n soeke na die ewige lewe is inderdaad belangrike temas in die epos, maar dis nie al nie. Uit die voorafgaande bespreking het dit reeds geblyk dat meer as twee temas in hierdie lang epiese gedig aangeraak word.

Dit blyk dat die Epos van Gilgamesh 'n baie menslike verhaal is. Dit beweeg deur al die stadia van menslike ontwikkeling heen, en vra baie menslike vrae. Die jeug word gekenmerk aan energie, dryfkrag en selfvertroue, maar wanneer mag op 'n arrogante wyse misbruik word en tirannie daarop volg, word dit skerp gekritiseer. 'n Vraagteken word geplaas oor 'n beskawing wat verword het, en 'n teregwysing volg. Die vervulling wat 'n hegte vriendskap in die jeugjare meebring, word uitgelig as een van die kosbaarste waardes in die lewe.

Aspirasies van die vroeë volwassene word deur waaghalsige heldedade verwesenlik: om onsterflikheid deur persoonlike roem te bekom, om ryk en beroemd te wees, om die sosiale suksesleer te klim en bo uit te kom, om deur ander bewonder te word, is die mikpunte. Terselfdertyd word die verhouding mens-natuur ook aangespreek.

Die dood van 'n vriend, die skok wat daarmee gepaard gaan, die persoonlike verlies en die droefheid wat dit meebring, vorm die keerpunt in die epos - en in die mens se lewe. 'n Gevallestudie van klinies psigologiese depressie - die siekte van die 20ste en waarskynlik die 21ste eeu - word geskets. Die middeljare treur oor wie of wat vir ewig verlore is. Ouderdom en die dood word bedreigende en vreesaanjaende werklikhede. Onsterflikheid word iets waarna gehunker word, maar wanneer dit onbekombaar blyk te wees, word 'n desperate soektog na die ewige jeug onderneem.

Aanvaarding is 'n karaktereienskap van die volwasse persoon. Deur mislukking te aanvaar, deur bestaande omstandighede in die oë te kyk en die beste daarvan te maak, vind die volwasse persoonlikheid uiteindelik berusting.

Die Epos van Gilgamesh moraliseer nie. Die gode word trouens as uiters onvolwasse en selfs as swakkelinge voorgestel. Gilgamesh respekteer hulle nie werklik nie. Hy en sy vriend Enkidu maak Huwawa dood, die monster wat deur Enlil ('n god) as bewaker van die sederbos aangestel is. Hy verwerp die huweliksaanbod van Ishtar ('n godin) wat, nadat sy afgesê is, soos 'n bedorwe brokkie optree en 'n kabaal opskop. Hy verwerp die goeie raad van Shamash ('n god), selfs in sy vrees en droefheid. Ook die verhaal van die Groot Vloed wat in hierdie epos ingebed is, teken die gode as kwaadwillig, geslepe, knoeierig, en afhanklik van die enigste menslike oorlewendes wat dan met onsterflikheid geseën word. Uiteindelik vind Gilgamesh troos in sy eie prestasies en insigte, nie in geloof of wonderwerke nie.

Hierdie lang epiese gedig vertel nie veel van fisiese ontberinge nie. Veel eerder is dit intense psigiese pyn wat uitgebeeld word in die verhaal van een man se pad na die ontdekking wat dit beteken om ten volle mens te wees. Op hierdie pad word nagedink oor die paradokse in die lewe: jeug en ouderdom; hoop en wanhoop; sukses en mislukking; lewe en dood; gode en mense; eer en skande. Kortom, hierdie epos handel oor volledige menswees.

### 1.3. Agtergrond

Alhoewel die epos hoofsaaklik in Akkadies (met Assiriese en Babiloniese variante) oorgelewer is, het dit baie vroeër ontstaan, waarskynlik gedurende die Sumeriese tydperk. Oor die Sumeriërs word baie geraai en bespiegel - min feite kan egter met absolute sekerheid as die waarheid verkondig word.

Ongeveer 5000 vC het die Sumeriërs hulself tussen die Tigris en die Eufraat kom vestig (Prinsloo, 1999 : 20). Waarvandaan hulle oorspronklik gekom het, weet niemand en die taal wat hulle gepraat het - Sumeries - is nie aan enige bekende taal verwant nie. (Jacobsen, 1980 : 72). Die Sumeriërs het egter 'n baie hoë peil van beskawing en ontwikkeling gehad wat hulle met hulle saamgebring het na hul nuwe landstreek toe. Die belangrikste aspek van hierdie beskawing was dat hulle skrif ontwikkel het (Prinsloo, 1999 : 21) - die Sumeriese spykerskrifsisteem - en die vroegste geskrifte van alle tye is in hierdie medium teruggevind.

'n Paar eeue later begin ander nomadiese volke belang stel in die vrugbare landstreek waar die Sumeriërs woon. Die Sumeriërs word aangeval en oorwin, en verdwyn mettertyd heeltemal van die aardbol. Hul skrifsisteem bly egter voortleef en word aangepas by die vertakkings van die verskillende Semitiese tale (Jacobsen, 1980 : 75) - die tale waarin die Epos van Gilgamesh oorgelewer is, en tot vandag toe bestaan.

Die belangrikste bydrae met betrekking tot die bewaring en herontdekking van die Gilgamesh-epos, is ongetwyfeld gelewer deur Ashurbanipal - alhoewel hyself dit waarskynlik nie so ver vooruit beplan het nie! Maar dit is onmoontlik om oor die literatuur van Mesopotamië te praat sonder om melding te maak van die groot koning Ashurbanipal.

Ashurbanipal is koning van Assirië vanaf 668-627 vC en sy vesting is in Nineve (George, 1999 : xxi). Alhoewel hy bekend is vir sy veldslae en oorwinnings, en veral vir sy bedrewendheid as leeu-jagter, het hy ook 'n passie vir kuns en kultuur, letterkunde in die besonder (Beek, MCMLX : 111).

Na die dood van Esarhaddon, tree Ashurbanipal se ouma as koningin-moeder op. Gou sien sy die vermoëns en moontlikhede van haar talentvolle kleinseun in. As sterk en intelligente vrou laat sy haar invloed geld, en sorg dat Ashurbanipal vir Esarhaddon as koning opvolg (Beek, MCMLX : 111). Hy is veelsydig, talentvol, 'n uitmuntende vegter en jagter, maar hy is ook opgevoed en belese, kan Sumeries lees en skryf, en hy kan selfs ingewikkelde wiskundige berekenings doen, so word vertel deur die skrifgeleerdes van sy tyd.

Een van Ashurbanipal se grootste ambisies is om al die bestaande en bekende letterkunde van sy tyd te versamel. Vir hierdie doel laat hy 'n biblioteek by sy paleis te Nineve aanbou. Op hierdie stadium is daar in die staatsargiewe verskeie opnames, verslae, en ook religieuse tekste, maar 'n biblioteek wat literêre werke bevat, is onbekend (Beek, MCMLX : 111). Ashurbanipal se idee is revolusionêr.

Ashurbanipal het 'n gevorderde manier om sy 'boeke' - sy kleitablette - te kategoriseer. Hierdie tablette word volgens reekse ingedeel en gegroepeer, en word daarvolgens in groot kleipotte geplaas. Ashurbanipal sorg selfs dat katalogusse opgestel word om die soeke na informasie te vergemaklik. Daar word gespekuleer dat die Essener-gemeenskap wie se Dooie Seerolle gevind is, teruggegryp het na Ashurbanipal se metode deur ook hul manuskripte in kleipotte te stoor (Beek, MCMLX : 114).

Koning Ashurbanipal word dus opgelei volgens die skrifgeleerdes se tradisies, en hy is ook 'n ywerige versamelaar (George, 1999 : xxii). Die koninklike biblioteke beslaan ten minste twee afsonderlike geboue op die sitadel van Nineve. Behalwe sy eie geleerdes en kundiges, beveel Ashurbanipal ook diesulkes in ander stede soos Babilon en Borsippa om tekste vanuit hul biblioteke te kopieer. Hy gebruik selfs krygsgevangenes en politieke gyselaars vir sy doel - hy laat hulle in kettings werk in die skriptorium van Nineve (George, 1999 : xxii). Kopieë word gemaak op hout-skryfborde waarvan die oppervlakte met was bedek is, maar gelukkig ook op kleitablette. Wanneer Nineve in 612 vC deur die Mede-Babiloniese alliansie verwoes word, gaan die inskripsies op was tot niet, maar nie die kleitablette nie - alhoewel hulle stukkend gebreek en in skerwe op die vloere van die koninklike paleis lê.

Die Epos van Gilgamesh is onder die tekste wat Ashurbanipal se skrifgeleerdes kopieer. Ten minste vier kopieë van die epos word gemaak. Trou aan die gebruike van sy tyd, stel Ashurbanipal nie juis belang in wie die oorspronklike outeurs is van die letterkunde wat hy versamel nie, daarom is die meeste antieke letterkundige werke anoniem of pseudoniem. Soms egter, word die naam van die kopieerder vermeld: wat die Gilgamesh-epos betref, is daar inderdaad iemand wat 'n finale bydrae gelewer het.

Sin-liqe-unninni - O Maangod, Verhoor My Gebed - was waarskynlik 'n eksorsis, iemand wat deur towerspreuke en magie daartoe in staat was om die bose af te weer, siekes te genees, sonde vry te spreek en heilige grond te wy (George, 1999 : xxiv). Hy het voor Ashurbanipal se tyd gelewe - tussen die 13e en die 11e eeue vC - maar op die een of ander wyse het sy redaksie van die Gilgamesh-epos in Ashurbanipal se biblioteek beland, getiteld: *ša nagba īmuru* hy wat die diepte gesien het. Hierdie titel is ook die eerste reël van die Epos en word toegeskryf aan Sin-liqe-unninni (George, 1999: xxv).

Vir bykans 2500 jaar lê Gilgamesh ongestoord op die vloere van die verwoeste paleis in Nineve. Maar sedert die laaste dekades van die 18e eeu nC, ontwaak 'n hernieude belangstelling in die antieke tale. Duperron, 'n Fransman, vertaal tekste uit die Avestan-taal in 1771 (Hooker, 1996 : 58). Hierdie taal hou verband met Oud-Persies en verskaf belangrike leidrade wat help met die ontsyfering van Oud-Persies.

Die eerste stappe in hierdie rigting word geneem deur die Duitse geleerde, Georg Frederich Grotefend. Danksy Persiese konings wat drietalige inskripsies gelaat het, kan Grotefend met sy omvangryke historiese kennis en goeie intuïsie vergelykings tref en gevolgtrekkings maak wat insiggewend blyk te wees. Die inskripsie wat Grotefend ontsyfer,

ontsyfer, bestaan uit Oud-Persies, Elamities en Babilonies. Na baie moeite en harde werk, lewer Grotefend sy tesis op 4 September 1802 (Beek, MCMLX : 23). Wat hy basies ontdek het, was dat die inskripsie die name bevat van Hystapses, Darius en Xerxes: die name van 'n oupa, pa en seun - drie konings van die Persiese Ryk.

Grotefend se werk word verder gevoer deur 'n Franse geleerde Bornouf, maar dit is die Engelsman Rawlinson wat die meeste pionierswerk doen sover dit Assiriologie betref. Henry Rawlinson is 'n offisier in die Britse leer in Indië en word later oorgeplaas na Kirmansjah in Persië. Met baie moeite en midde groot gevaar, kopieer hy die groot inskripsies wat Darius aan die kant van 'n berg te Behistun in Wes-Iran uitgegraveer het. Hierdie inskripsies herdenk sy oorwinnings terwyl hy die Persiese Ryk gevestig het, en daar is ook 'n reliëf wat Darius uitbeeld en sommige van die konings wat hy gevange geneem het (Beek, MCMLX : 23).

Rawlinson dra kennis van Avestan en Sanskrit. Hy tref vergelykings en ontsyfer al die name van die volke in Darius se ryk. Hierdie name word gekontroleer en bevestig deur die Griekse geskiedenis, en nou kan selfs meer spykertekens korrek geïdentifiseer word. Die volledige Oud-Persiese teks word in 1846 vertaal: nou bly nog Elamities en Babilonies oor.

Rawlinson gee sy aantekeninge aan Edwin Norris wat die Elamitiese gedeelte in 1855 vertaal (Hooker, 1996 : 62). Dis 'n deurbraak, aangesien Elamities nie verwant is aan Avestan of Sanskrit nie. Intussen takel Rawlinson en ene Edward Hincks die Babiloniese tekste.

Leidrade is egter aan die kom. Die eerste spykerskriftablette word sedert 1850 in die koninklike biblioteke van Nineve opgegrawe. Austen Henry Layard en sy assistent, 'n Assiriese Christen met die naam van Hormuzd Rassam doen die meeste werk rakende hierdie opgrawings en ontdekkings. In 1850 reeds ontdek hulle tablette in die paleis wat Sanherib, Ashurbanipal se oupa, gebou het. Dis bloot toevallig - eintlik is hulle op soek na Assiriese beeldhouwerk. Alhoewel hulle baie opgewonde is, kan hulle nie die tablette lees wat hulle gevind het nie. Daarom stuur hulle dit na die British Museum waar Rawlinson en Hincks instinktief weet dat hierdie tekste verband hou met die ander verdwaalde tekste wat in Babilonië en Assirië gedurende die afgelope dekades gevind is, en dat dit alles verband hou met wat hulle tot dusver besig is om te ondersoek.

Drie jaar later keer Rassam op versoek van die British Museum terug na Nineve, en ontdek 'n tweede stoorkamer in Ashurbanipal se Noordelike Paleis (George, 1999 : xxiii). Hierdie

tablette wat Layard en Rassam ontdek het, is die nukleus van die versameling kleitablette in die British Museum, en vorm die basis waarop Assiriologie gebou word.

Stap vir stap word spykerskrif ontsyfer, getranskribeer en getranslitereer. Babiloniese spykerskrif word in verband gebring met die Semitiese tale soos Siries, Hebreeus en Arabies. Verhale word gevind wat ouer is maar wat parallel loop met bekende Bybelse verhale. In hierdie verband is die Epos van Gilgamesh opspraakwekkend. Daar word vertel dat die briljante geleerde George Smith in 1872, terwyl hy besig was om Assiriese tablette in die British Museum te sorteer, skielik ontdek het dat hy besig is om die verhaal van die Groot Vloed te lees. Dit is een van die tablette wat die beste behoue gebly het en wat ingeweef is in die Epos van Gilgamesh. So oorstelp was hy dat hy die tablet opsy gesit het, van skone opwinding opgespring het, op en af in die vertrek rondgehardloop het, en "to the astonishment of those present, he began to undress himself!" (George, 1999 : xxiii). 'n Klein bietjie later het hy sy ontdekking bekend gemaak deur 'n referaat te lewer vir die Society of Biblical Archaeology waar Mr. Gladstone en ander hooggeplaastes ook teenwoordig was: hopelik was hy nugter, en vermoedelik ten volle gekleed.

**1.4. Redaksiegeskiedenis** (George 1999: tydtabel lx).

Indien dit aanvaar word dat geskiedenis merkers aandui, is dit so dat Gilgamesh omstreeks 2800 vC die historiese koning van die antieke Sumeriese stad-staat Uruk is. Skrif is pas 'ontdek', slegs die vroegste Sumeriese tablette bestaan, hoofsaaklik handelstransaksies. Die vroegste Sumeriese literatuur dateer sedert omstreeks 2600 vC. Die opleiding van alle skrifgeleerdes vereis dat hulle Akkadies sowel as Sumeries moet kan bemeester. Gilgamesh word vergoddelik in godelyste, en sedert 2350 word hy in die kultus verheerlik.

Die ou Akkadiese Ryk word gekoppel aan die naam van Sargon van Akkad wat Akkadies vestig as die taal van sy ryk. Dit gebeur omstreeks 2300 vC. Gedurende hierdie tydperk, en vir die volgende 150 jaar, word gedigte oor Gilgamesh mondeliks oorgedra, beslis in Sumeries, maar heel waarskynlik ook in Akkadies. Die oudste kopie van 'n Sumeriese Gilgamesh-gedig dateer iewers tussen 2050 en 2000 vC. Dit val min of meer saam met die Derde Dinastie van Ur, die Sumeriese Renaissance, die regering van Shulgi en die oprigting van die koninklike Tablet-huise. Gedurende hierdie tyd is Sumeries die taal van die hof, en literatuur word in Sumeries geskryf of vertel.

In 2000 vC val Ur. Die Isin Dinastie neem oor maar word gou opgevolg deur die Larsa Dinastie. Gesproke Sumeries sterf uit. Wanneer 1800 vC aanbreek, kom die Ou-Babiloniese Dinastie onder die regering van die beroemde Hammurapi van Babilon tot stand. Skole wat skrifgeleerdes oplei, word by Ur en Nippur opgerig. Akkadies word in Sirië gebruik, en ook te Hazor in Palestina. Opleiding en skoling in spykerskrif raak wydverspreid. Tussen 1800 en 1700 vC word baie kopieë van Sumeriese Gilgamesh gedigte gemaak. Sedert 1750 - 1600 vC bestaan Akkadiese fragmente van die gedig met die titel: "Alle ander Konings Oortref". Oorblyfsels van tekste van die Gilgamesh-epos is gevind in Ebla en Sirië.

Nog later gedurende die tweede millennium vC word Akkadies gebruik in die handelsposte van Kappadosië. Oorblyfsels van die aktiwiteite van Akkadiese geleerdes gedurende hierdie tyd is gevind by Hattusa (moderne Borgazkoy), die Hetitiese hoofstad van Anatolia; by Akhetaten (El Amarna) die koningstad van die Farao Akhenaten in Opper Egipte; by Ugarit (Ras Shamra) 'n prinsipaat op die Siriese kus; en te Emar (Tel Meskene), 'n provinsiale stad aan die kromming van die Eufraat (George, 1999 : xxvi). Behalwe Amarna het al hierdie plekke tablette van die Gilgamesh-epos opgelewer; selfs by Megiddo in Palestina is kopieë van die epos gemaak.

Van nou af begin Akkadiese letterkunde bloei, maar Suidelike Babilonië kwyn. In 1600 vC word Babilonië deur die Hetiete verwoes. Die Kassiete Dinastie neem oor - daar blyk egter min tablette oor te wees van hierdie tydperk. Dit is nietemin insiggewend dat Akkadies die lingua franca in die Mediterreense wêreld word tussen 1500 en 1400 vC: alle verslaggewing, berigte en korrespondensie geskied in hierdie taal. In 1400 vC breek die Amarna tydperk saam met die Laat Bronstydperk aan: tekste versprei na die Weste en die Epos van Gilgamesh word in Middel Babilonies gekopieer in streke soos Anatolië, Palestina, Sirië en Babilonië. Die Oostelike Mediterreense wêreld word gedomineer deur die Nuwe Egiptiese Koninkryk, en die Hetitiese Ryk. Akkadies bly egter die medium van internasionale kommunikasie, geskrewe volgens tradisie in spykerskrif.

Daarom word alle skrifgeleerdes opgelei om spykerskrif te ken, of hulle nou Egipties, Hetities, Kanaanities of Horities is. Uiteindelik word Babiloniese letterkunde georganiseer: iewers tussen 1200 en 1100 vC redigeer die briljante redaktor Sin-liqe-unninni die Babiloniese Epos van Gilgamesh in die werk wat bekend staan as "Hy wat die Diepte gesien het" - tot vandag die standaard weergawe.

Tussen 1115 - 1077 vC regeer Tiglath-pileser I van Assirië - 'n mag waarmee rekening gehou moet word. Weer eens word kultuur en letterkunde ondergeskik gestel aan

veldslae en oorlog. Uit hierdie tydperk dateer daar min Sumeriese en Akkadiese tablette. Ten spyte van die opbloei van die Nuwe Assiriese Ryk (ongeveer sedert 900 vC) wen Aramees vinnig veld in Assirië en Babilonië. Eers wanneer Ashurbanipal in 650 vC oorneem en die koninklike biblioteke in Nineve oprig, word daar weer kopieë van die Epos van Gilgamesh gemaak.

Nineve val, en in 600 vC word die Nuwe Babiloniese Ryk onder Nebukadneser II gevestig. Gesproke Akkadies sterf uit. In 500 vC neem die Persiese Ryk onder Darius en Xerxes oor. Gelukkig het hierdie heersers 'n aanvoeling vir kultuur, want kopieë van die Epos van Gilgamesh word later in Uruk en Babilon gevind. Skynbaar het die Persiese konings toegesien dat Babiloniese literatuur gekopieer en bewaar word in die biblioteke en tempels van geleerdes.

Alexander die Grote van Macedonië begin om die Griekse Ryk te vestig sedert 300 vC. Griekse kultuur en mitologie neem oor en word aangepas. Die heel laaste spykerskrif-kopieë van die Epos van Gilgamesh dateer uit die jaar 130 vC, min of meer gedurende die Partiese Periode. Babilonië kwyn. 'n Laaste en eensame student-astroloog met die naam Bēl-aḫḫe-uṣṣur (O Heer, Behoed die Broeder) kopieer die laaste uitgawe van die Gilgamesh-epos. Teen hierdie tyd is Aramees en Grieks die omgangstaal, nie meer Akkadies nie. Desnieteenstaande blyk dit dat hierdie antieke tempel in Babilon, ten spyte van 'n kwynende invloed, haar steeds beywer om studente in die kuns van spykerskrif op te lei.

Danksy bestudeerde oorlewering, en danksy lukrake skrifoefeninge het baie van die epos behoue gebly. Vanuit verskillende tablette en fragmente vanuit verskillende tydperke, kon hierdie epos gerekonstrueer word. Danksy moderne tegnologie leef Gilgamesh voort, nie slegs op gehawende kleitablette of op verweerde papier nie, maar is daar tans meer as 3000 inskrywings onder sy naam op die Internet. Dit wil gedoen wees - bykans 4500 jaar na 'n mens se dood!

Gilgamesh wou sy naam verewig - wou hy dan nie?

### 1.5. Elf of Twaalf Tablette?

Die Epos van Gilgamesh is op twaalf tablette uitgegraveer. Maar hierdie twaalf tablette is problematies. Dit blyk dat die eerste elf tablette 'n hegte strukturele eenheid vorm: die laaste reëls van Tablet XI herhaal die openingsreëls van Tablet I. Hierdeur word 'n netjiese

netjiese inclusio gevorm en bind die hele werk sinvol saam: die hele epos word as't ware omarm deur die mure van Uruk. Verder het die mure van Uruk simboliese waarde vir Gilgamesh. Telkens beweeg hy weg daarvandaan, maar keer uiteindelik weer daarheen terug. Die mure van Uruk is Gilgamesh se prestasie en ook sy sekuriteit.

Maar waarom 'n twaalfde tablet wat lyk asof dit nie daar hoort nie? Dis bykans seker dat hierdie tablet deel van Sin-liqe-unninni se weergawe is, nie iets wat later bygelas is nie (Gardner & Maier, 1984 : 35). Waarom sou hierdie andersins knap redaktor so 'n onvanpaste stertjie bylas wat eintlik krap waar dit nie jeuk nie?

Maier (Gardner & Maier, 1984 : 35 - 37) verduidelik dit soos volg.

Tablet VI, Ishtar se huweliksaanbod en die gebeure met die Hemelbul, word strategies en presies in die middel van Gilgamesh I - XI geplaas. Gilgamesh het Humbaba doodgemaak, en Ishtar bied haarself op 'n skinkbord vir die held aan. Dis meer as 'n huweliksaanbod. Dit behels die sogenaamde heilige huwelik tussen 'n godin en 'n sterflike - gewoonlik die koning. Gilgamesh wys egter die huweliksaanbod van die hand - Ishtar is nie wat sy voorgee om te wees nie. In dieselfde tablet (VI) word haar negatiewe en minder aangename karaktertrekke baie sterk beklemtoon. Sy word beledig en nog erger, sy word deur mense verneder. Waar Gilgamesh haar met woorde verneder, verneder Enkidu haar met 'n brutale daad: hy gooi die been van die dooie Bul in haar gesig. Hierdie tablet word op 'n onheilspellende noot afgesluit met Enkidu se droom: die groot gode hou beraad. Baie gou blyk dat dat hierdie beraad die dood van Enkidu beteken.

Tablet VI vorm dus 'n "skarnier" in Gilgamesh I - XI en dien ook as draaipunt in die epos. Tot hier het Gilgamesh slegs hoogtepunte geken: maar van hier is dit 'n afdraande pad van hartseer en wanhoop, totdat hy na Uruk toe terugkeer en met nuwe oë na die lewe kyk.

Nou, nadat Gilgamesh aan die einde van Tablet XI gereinig na sy stad Uruk toe terugkeer, hinder Tablet XII. Dit lyk asof dit nie pas nie. Is dit dan nog ook nodig?

In Tablet XII gee Gilgamesh aan Enkidu raad oor hoe hy die onderwêreld 'veilig' moet ingaan sodat hy 'veilig' kan uitkom. Enkidu volg nie Gilgamesh se raad nie, daarom 'gryp'die aarde hom. Die tablet eindig op 'n depressiewe noot: die ergste lot wat die mens kan tref is dat daar niemand is wat agterbly om vir 'n rustelose gees te sorg nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Mens sou graag vir Sin-liqe-unninni wou vra waarom hy besluit het om hierdie addendum as deel van die verhaal te inkorporeer. Toegegee, Sin-liqe-unninni was 'n eksorsis wat professioneel belang gestel het in die onderwêreld en geeste. Maar dit is nie die rede waarom hy Tablet XII bygevoeg het nie. Maier (Gardner & Maier, 1984 : 37) stel tentatief voor dat Sin-liqe-unninni met 'n heilige Sumeriese teks te make gehad het - daarom durf hy nie daarmee peuter nie, selfs nie weens artistiese oorwegings nie. Hy het die Gilgamesh-epos met al die tradisionele materiaal wat hy tot sy beskikking gehad het, aanmekaar gesit en geredigeer. Daar was twee tablette wat hy in die middel kon plaas - twee tablette wat handel oor 'n rede vir die dood van Enkidu: Tablet VI of Tablet XII. Albei gee 'n goeie aanloop vir Gilgamesh se eensame pelgrimstog, treurende oor die dood van sy vriend. Sin-liqe-unninni kies Tablet VI as motivering: Ishtar se huweliksaanbod, Gilgamesh se verwerping en die doodmaak van die Hemelbul pas hier perfek.

Tablet XII mag egter nie verwerp word nie. Aan die heilige Sumeriese teks bly Sin-liqe-unninni getrou tot aan die einde. Daarom kies hy om Enkidu se verskyning en die wanhopige gesprek met Gilgamesh aan die einde van die verhaal te plaas. Dit pas sy rol as eksorsis (Gardner & Maier, 1984 :271), en versterk op 'n negatiewe wyse die liefdestema wat deur die hele werk loop.

Jacobsen (1976 : 208) beskou die einde van Tablet XI as die einde van die verhaal, en volgens George (1999 : 100) is Tablet XII 'n appendiks, en glad nie deel van die epos nie. Hierdie skripsie hanteer ook slegs die eerste elf tablette aangesien dit handel oor die rol wat eer en skaamte speel in die karakterontwikkeling van Gilgamesh. In hierdie verband is die twaalfde tablet nie van toepassing nie.

## 2. SOSIAAL-WETENSKAPLIK

### 2.1. Antropologie en Bybelnavorsing

Letterkunde ontstaan nie in 'n lugleegte nie. Sonder om noodwendig gebonde te wees aan tyd of plek, kan literatuur en kultuur tog nie heeltemal geskei word nie: alle letterkunde ontstaan immers binne 'n bepaalde milieu en word in 'n sekere taal geskryf. Danksy vertalings is goeie letterkunde vir baie mense toeganklik, maar om woorde van een taal na 'n ander om te skakel, is volgens sekere kenners nie voldoende om ware verstaan te verseker nie. Dit is veral van toepassing op antieke tekste - in ou tekste is nie slegs die taal vreemd nie, maar ook die kultuur is vreemd, dit wil sê die hele leef- en denkwêreld van die mense wat die taal gepraat het, is onbekend.



b1510817X
i15685561

Volgens Bruce Malina (1993) is taal en kultuur onlosmaaklik met mekaar verbonde. Betekenis het nie slegs te make met woorde alleen nie, maar het veral te make met die sosiale sisteem waarbinne die woorde gepraat word. As teoloog is die korrekte verstaan van die Bybel vir Malina baie belangrik. In die woorde van die Bybel is daar 'n sosiale sisteem, 'n kultuur ingebed wat so verskil van die Westerse kultuur, dat dit onmoontlik is om die Bybel te verstaan sonder deeglike kennis van die sosiale en kulturele wêreld van die Bybel. Hierdie kulturele wêreld waarmee Malina en sy medewerkers hulself besig hou, is die Mediterreense wêreld, ongeveer 2000 jaar gelede. Kultuur en die sosiale sisteem waarvan dit deel is, is die studieveld van antropoloë, en dis by hulle wat Malina gaan kers opsteek het.

Julian Pitt-Rivers (Peristiany, 1965 : 21 - 39) gee 'n algemene oorsig oor eer en skaamte soos wat dit voorkom in Wes-Europese samelewings. Samelewings word gereguleer deur eer en skaamte, menslike gedrag word daarop gemik om eer te bekom en skande te vermy. Op hierdie antropologiese waardes van eer en skaamte brei Malina verder uit, en kom tot 'n interessante gevolgtrekking: Pitt-Rivers se insigte kan met groot sukses op antieke Mediterreense samelewings toegepas word.

Eer en skaamte was inderdaad kernwaardes van die antieke wêreld van die Bybel. Antieke Mediterreense samelewings is deur eer en skaamte gereguleer, menslike gedrag is deur eer en skaamte beïnvloed. Jesus se hele lewe, van sy menswording deur sy aardse bediening heen, tot by sy dood en hemelvaart, maak veral sin in terme van eer en skaamte.

Bruce Malina se idee was revolusionêr. Hy en sy medewerkers het begin produseer. Die hele uitgawe van <u>Semeia</u> 68 (Mc Vann en Malina, 1994) pas Malina se model van eer en skaamte toe op verskeie tekste van die Bybel. Matthews en Benjamin (1994 : 12) merk inleidend op dat ten spyte van die verskille tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld waarin die Bybel gebruik word, daar steeds 'n gemeenskaplike menslikheid, en 'n gemeenskaplike soeke na betekenis in die lewe is wat hierdie twee wêrelde by mekaar laat aansluit. Vervolgens word die volgende boeke van die Bybel ontleed in terme van eer en skaamte: Hooglied (Bergant, 1994 : 23-37); Joël (Simkins, 1994 : 41-52); die Dawid-narratiewe in verskillende passasies van 1 Samuel (Stansell, 1994 : 55 - 74) ; die saligsprekinge en vermanings in Matteus (Hanson, 1994 : 81-104); die passie-narratief in Johannes (Neyrey, 1994 : 113-133). Behalwe met betrekking tot Hooglied (Bergant, 1994 : 34) dui die resultate daarop dat eer en skaamte 'n noodsaaklike raamwerk verskaf waarbinne die Bybel korrek verstaan kan word.

In dieselfde volume van Semeia 68 (Mc Vann en Malina, 1994) antwoord twee antropoloë op die bydraes van hierdie Bybel-navorsers.

John K. Chance (1994 : 139) het waardering vir die wyse waarop die eer/skaamte model die affektiewe dimensies van kultuur aanraak. Dit is so dat emosies en waardes baie nou verband hou en dat albei 'n betekenisvolle rol speel; verder is dit ook waar dat psigologiese antropologie vir baie lank verwaarloos is. Nietemin is antropoloë onder mekaar verdeeld en stem glad nie saam oor die betekenis en implikasies van eer en skaamte in die Mediterreense wêreld nie, verder benader ook antropologiese literatuur eer en skaamte vanuit verskillende hoeke (Chance, 1994 : 140).

Die grootste punt van kritiek is egter dat hierdie Bybelse navorsers almal dieselfde bron gebruik: Honour and Shame, 1965, soos geredigeer deur J.G. Peristiany, en hul afleidings hoofsaaklik baseer op die essay van Julian Pitt Rivers oor "Honour and Social Status" in dieselfde uitgawe (Chance, 1994 : 142). Chance beskou dus die antropologie wat in die artikels gebruik word as eensydig en gedateer. Hy raak 'n baie belangrike probleem aan wat etno-historici met die term "upstreaming" beskryf - die neiging om insigte van die 20e eeu terug te projekteer in die verre verlede (Chance, 1994 : 141) - en hy vra die vraag of gevolgtrekkings wat op hierdie manier gemaak word, hoegenaamd geldig is. Antropoloë ondersoek kulturele gemeenskappe dikwels met die aanname dat hierdie gemeenskappe slegs 'n groot mate van kontinuïteit vertoon: volgens Chance is verandering in gemeenskappe eweneens 'n realiteit, en daarom moet resultate wat op die aanname van kontinuïteit gebaseer is, bevraagteken word.

Navorsers moet versigtig wees, waarsku Chance, om nie hul data te versteur deur al die verskillende streke van die Mediterreense wêreld onder een groot eer-skaamte sambreel toe te maak nie. Hierdeur word so veralgemeen dat die model self kontra-produktief word. Hy haal Herzfeld aan: "...blanket applications of a monolithic model of honor (sic) and shame should be avoided" (Chance, 1994: 148).

G.M. Kressel (1994 : 153 - 160) kritiseer Bybel-navorsers wat die eer-skaamte model toepas sonder om rekening te hou met die groter sosiale prentjie. Binne spesifieke gemeenskappe, hetsy antieke of moderne gemeenskappe, is daar immers verskillende sosiologiese en antropologiese fasette wat meestal oor die hoof gesien word. Volgens Kressel is die waardes wat die mens se gedrag motiveer, naamlik om eer te bekom en skande te vermy, waardes wat alomteenwoordig is, en nie slegs beperk is tot die antieke

samelewing nie (Kressel, 1994; 157). Hy kritiseer veral die neiging om die eer-skaamte model toe te pas waar dit nie van toepassing is nie, en waar ander waardes as eer en skaamte op die spel is.

Ten spyte van kritiek, het Malina se model veld gewen, en is vandag populêr by baie Bybelwetenskaplikes, ook in Suid Afrika. Daarom word hierdie model, soos wat dit ook op die Gilgamesh-epos toegepas gaan word, meer volledig uiteengesit.

## 2.2. Bruce Malina se teorie

### 2.2.1. Letterkunde en kultuur

Bruce Malina begin sy argument deur suksesvol aan te toon dat betekenis nie slegs van woorde afgelei kan word nie, maar dat die sprekers van 'n taal en die sosiale sisteem waarbinne hulle hulself bevind, betekenis aan woorde gee. Woord-vertalings vanuit 'n vreemde taal na 'n bekende taal, het slegs die funksie om woorde van een taal in 'n ander om te skakel - die wêrelde bly egter onbekend. Om werklik te verstaan, vereis dat 'n mens die sosiale sisteem moet verstaan wat in die woorde opgesluit lê (Malina, 1993 : 2). So 'n sosiale sisteem bestaan uit mense wat gedurende 'n sekere tyd lewe, sekere dinge op 'n sekere manier doen, en funksioneer binne 'n wêreld met bepaalde geografiese eienskappe. Om te weet wat mense doen, is egter nie so belangrik soos om te weet waarom hulle dit doen nie. Dit is heeltemal moontlik om korrek uit te vind wanneer mense geleef het, wat hulle gedoen het en selfs hoe hulle dit gedoen het, maar wanneer die vraag gestel word waarom hulle sekere dinge gedoen het, word beginsels wat die hart van 'n kultuur vorm, aangeraak.

Volgens Malina is dit baie belangrik dat 'n mens die hele konsep van kultuur in gedagte hou wanneer daar met literatuur van ander volke en van ander tye omgegaan word. Ten spyte van verstaanbare woorde, kom misverstande telkens voor: mense verstaan boodskappe verkeerd omdat verskillende waardes en betekenisse aan dieselfde woorde geheg word. Eers wanneer 'n mens die volle kulturele verhaal verstaan, kan die woorde binne die kultuur verstaan word.

Verder is dit belangrik om te onthou dat kultuur iets is wat aangeleer word, niemand word instinktief met kultuur gebore nie. Kultuur het te make met wat korrek en gepas is - of nie - watter waardes en norms behoort gekoester te word, en veral deur wie hierdie waardes en norme oorgedra word. 'Enculturation' (Malina, 1993 : 15) is die term wat

Malina gebruik om die proses te beskrywe waardeur alle aspekte van kultuur geassimileer word. Waardes en norme, sê Malina, word gelyktydig met en op dieselfde wyse as woorde aangeleer. Simboliek, dikwels daardie abstrakte dinge wat ongesê bly maar waarvan almal kennis dra, struktureer samelewings en rig mense se gedrag. Dus, om woorde te verstaan, moet ook die sosiale waardes en simboliek verstaan word wat aan die woorde gekoppel word (Malina, 1993 : 24).

### 2.2.2. Eer en skaamte: kernwaardes van die Mediterreense wêreld van die 1ste eeu

(Die **vetgedrukte woorde** in hierdie afdeling kom voor in Hoofstuk 1 en is ook kenmerke van eer en skaamte waarna later in die skripsie terugverwys word.)

**Eer** is ten diepste 'n abstrakte konsep (Neyrey, 1991 : 26) wat konkreet word sodra 'n samelewing se begrip van mag, geslag en ontsag ondersoek word. Eerbaar is dit wat die samelewing as waardig ag, en wat deur die samelewing as waardevol beskou word.

Wanneer is iets of iemand dan eerbaar in die samelewing se oë?

'n Samelewing word deur lyne gestruktureer. Alhoewel hierdie lyne onsigbaar is, is hulle teenwoordig en elkeen is daarvan bewus. Hierdie lyne baken sosiale grense af, en definieer die self, ander, tyd, ruimte, en God/gode. Die wete van waar die lyne of grense lê, word deur die voorouers oorgelewer (Malina, 1993 : 29): die gevolg is dat alles en elkeen in die gemeenskap 'n bepaalde plek het (Botha, 1998 : 1). Malina (1993 : 30, 31) definieer drie stelle persoonslyne in die Mediterreense wêreld wat sosiale grense afmerk: mag, geslag en ontsag.

**Mag** is 'n simboliese realiteit en moenie verwar word met fisiese krag nie. Mag beteken veral die vermoë om die optrede van ander te beheer.

**Geslag** het te make met die rolle wat aan die manlike of vroulike geslag toegeskryf word, en wat van mans of vroue verwag word. Dit verwys na die regte en verpligtinge wat aan geslagsrolle gekoppel word - m.a.w. hoe die samelewing verwag dat mans of vroue hulself moet gedra.

**Ontsag** beskrywe die houding en gedrag teenoor meerderes in die samelewing - gedrag teenoor diegene wat beheer oor 'n mens se lewe uitoefen.

Waar hierdie lyne of differensiasieskale mekaar sny, word individue in terme van eer, skaamte of skande beoordeel (Botha, 1998 : 2)

**Eer** is dus 'n sosiale waarde. Enige aanspraak op eer moet persoonlik sowel as sosiaal erken word. "Honor (sic) is the value of a person in his or her own eyes (that is, one's claim to worth) plus that person's value in the eyes of his or her social group (Malina, 1993 : 31). Niemand kan op eer aanspraak maak as die samelewing waarvan hy of sy deel is, daardie aanspraak nie erken nie. Uiteindelik is dit nie die individu nie maar die samelewing wat die hef in die hand het as dit om eer gaan, en bepaal die samelewing die status wat die individu in die gemeenskap het.

### 2.2.2.1. Hoe eer toegeken word

Daar is twee maniere waarop eer aan iemand toegeken word: eer kan **toegeskryf** of **verwerf** word (Malina, 1993 : 33; vgl.ook Neyrey 1991 : 27 - 29).

**Toegeskrewe eer** word op 'n passiewe wyse bekom. Dit het te make met eer wat gewoonlik oorgeërf en van geslag tot geslag oorgedra word - soos byvoorbeeld 'n koningsgeslag,'n priestersgeslag en dies meer. Dit is egter moontlik dat iemand wat reeds genoeg eer van sy eie het - soos 'n koning of 'n god - ook die mag het om eer aan 'n ander toe te skryf, en te verwag dat die res van die samelewing dit erken.

**Verworwe eer** is veel moeiliker om te bekom. Antropoloë beskryf die Mediterreense kultuur as agonisties, wat beteken dat dit 'n uiters mededingende kultuur is (Malina, 1993 : 37). Wat verworwe eer betref, beteken dit dat daar om eer meegeding word. Eer is 'n skaars item wat ten alle tye beskerm en verdedig moet word. Daar is gevolglik voortdurend kompetisies om eer: die wenner van so 'n kompetisie bekom die eer wat eers die verloorder s'n was. Een kandidaat word geëer, die ander word verneder en in die skande gedompel.

### 2.2.2.2. Uitdaging en respons

Hierdie **kompetisie om eer** word deur Malina met "uitdaging en respons" (challenge and response, Malina, 1993 : 34) beskryf (vgl. ook Neyrey, 1991 : 29 - 31). Malina verduidelik die proses op dieselfde wyse as wat die kommunikasieproses beskryf word. Daar is 'n bron, 'n boodskap en 'n ontvanger. Die uitdager (bron) stuur 'n boodskap (gesimboliseer deur 'n ding of 'n aksie of albei) na die uitgedaagde (ontvanger).

In terme van die agonistiese kultuur is daar egter sekere **reëls** wat in hierdie proses van toepassing is. In die eerste plek moet die uitdaging altyd in die **openbaar** plaasvind. **Getuies** is nodig omdat hulle die **uitslag** van die kompetisie moet **evalueer**. Tweedens kan slegs **sosiale gelykes** mekaar uitdaag, en derdens is albei **manlik**. Die eer van **vroue** is nou verweef met die **mans in hul groep**, daarom, as 'n vrou se eer in die gedrang kom, word van die man - pa, broer of eggenoot - verwag om te reageer en die eer te **beskerm** of te herstel (Malina, 1993 : 34).

Die uitdaging bedreig gewoonlik die reputasie van 'n ander. Hy moet homself verdedig om sy eer te beskerm. As hy nie reageer nie, verloor hy sy reputasie in die oë van die publiek. Die uitdaag-respons interaksie verloop in drie fases: 1. Die bron daag uit; 2. Die boodskap word waargeneem deur die ontvanger sowel as deur die publiek; 3. Die ontvanger reageer, en die publiek evalueer die uitslag.

Neyrey (1991 : 36) noem verskillende maniere waarop iemand se eer uitgedaag kan word. Dit wissel. Fisiese kontak met die doel om seer te maak en te verneder, of verbale beledigings met dieselfde doel, is vorms van direkte uitdagings. Indirekte uitdagings is moeiliker om raak te sien en die uitgedaagde twyfel dikwels of die aksie as 'n uitdaging geïnterpreteer moet word of nie. Om 'per ongeluk' in iemand vas te loop en te laat struikel, is voorbeelde van sulke uitdagings. In hierdie verband is die bedoeling van die uitdager en die interpretasie van die ontvanger betreffende die boodskap van die allergrootste belang.

### 2.2.2.3. Hoe eer gesimboliseer word

Eer word op twee maniere gesimboliseer - deur **bloed** en deur **naam** (Malina, 1993: 38; Neyrey 1991 : 32).

Eer wat deur **bloed** gesimboliseer word, verwys na die eer wat binne 'n mens se eie **familie** bestaan. Bloedverwante eer en vertrou mekaar. Vreemdelinge word met agterdog bejeën, selfs vyandig. Hulle word nie vertrou nie, tensy hulle vertroue waardig blyk te wees.

Eer wat deur 'n **naam** gesimboliseer word, verwys na 'n mens se goeie **reputasie**. In die Mediterreense wêreld was mense van mekaar se samewerking en wedersydse hulpvaardigheid afhanklik, daarom het 'n goeie naam suksesvolle sosiale interaksie verseker. Mense was goedgesind teenoor iemand wat hulle geken en vertrou het. 'n Goeie reputasie, 'n goeie naam

was vir iemand veel meer werd as geld. 'n **Naam** het immers 'n **persoon verteenwoordig** (Neyrey, 1991 : 33). Hieruit volg dat eer en skande baie sterk aan 'n naam gekoppel is. As iemand se **naam na die dood bly voortleef** het, het die **herinnering** aan hom of haar ook voortgeleef. Die ergste lot wat die mens kon tref, is dat daar niemand agterbly wat hom of haar na die dood **onthou** en **geëer** het nie.

### 2.2.2.4. Eervertoon

Wanneer Neyrey (1991 : 54 - 58) oor eervertoon skryf, gebruik hy hoofsaaklik Jesus en voorbeelde uit die Bybel om sy toepassings te maak. (Sien ook Malina, 1993 : 40 - 42.) Dit is egter veroorloof om hierdie voorbeelde te veralgemeen en op die res van die Ou Nabye Ooste van toepassing te maak.

**Klere** sê iets oor die persoon wat dit dra. Konings het op 'n sekere manier aangetrek, slawe het op 'n sekere manier aangetrek. In rou, het mense hul klere geskeur. Van elkeen in die samelewing is verwag om klere te dra wat by sy of haar status pas. **Ontoepaslike kleredrag** - hetsy te veel, te min, of wat nie pas by die status van die betrokkene nie - het **skande** beteken.

**Die liggaam** het ook iets van 'n mens se **sosiale eer** weerspieël. Liggaamsdele wat met skaamte in verband gebring is, is bedek. Ander liggaamsdele het direk met **eer** te make. So verteenwoordig die **kop** direkte **eer**: die hoof word gekroon, gesalf, of aangeraak wanneer iemand geëer word. Ander **buig** die hoof in die teenwoordigheid van die geëerde. Die ergste manier om iemand te **onteer**, is om sy **kop af te kap.**

**Die gesig** en die simboliek daarvan hou direk verband met die kop - dit is die **fokuspunt van emosionele gewaarwording**. Iemand wys sy of haar emosies op die gesig. Blydskap, hartseer of woede kan nie weggesteek word nie. 'n Uitdaging word direk en in iemand se gesig gedoen, en word in die gesig aanvaar of verwerp. Om iemand **deur die gesig te klap,** om iets in **sy/haar gesig te gooi**, is 'n direkte belediging wat hom of haar **onteer**.

**Die voete**, die teenoorgestelde fokuspunt van die kop, dui ook eer aan, maar op 'n ander manier. Om aan iemand se **voete te sit**, om voor sy/haar **voete neer te val**, beteken dat daardie persoon aan die hoof is, en dus geëer word. **Voete was kosbaar** - hulle is gesoen, gesalf en goed versorg. **Skoene** - of die gebrek daaraan - was 'n aanduiding van iemand se **status** in die samelewing.

**Die regterhand** was 'n eerbare liggaamsdeel wat gedui het op **sterkte en mag**. Om aan iemand se regterhand te sit, het 'n posisie van eer, invloed en mag beteken.

**Liggaamlike aanraking** kon ook eer of skande weerspieël - dit kon **vriendskaplik of vyandig** wees, en was 'n baie direkte manier om gesindhede te laat blyk. 'n **Uitdaging tot 'n eerstryd** het dikwels met negatiewe fisieke aanraking gepaard gegaan. Daarenteen het **vriende** wat **gelyke status en eer** gehad het, mekaar **omhels** of **gesoen.**

**Geskenke en uitnodigings** het direk met eervertoon te make gehad. Alhoewel eer ook materialisties georiënteer was, was dit nie voldoende om slegs besittings te hê nie. Die besittings moes ook ten toon gestel word in die vorm van **bankette, klere, wapens,** ensovoorts. (Neyrey, 1994 : 116). Om 'n uitnodiging van iemand te ontvang vir 'n ete, was 'n groot eer. Eerbare mense het hul welwillendheid teenoor ander bewys met **geskenke, uitnodigings** en hul gewilligheid om **sosiaal** te verkeer.

### 2.2.2.5. Geslagsdifferensiasie

**Manlike eer** was **uiterlik**, dit is gesimboliseer deur die testes en manlikheid is verteenwoordig deur: moed, outoriteit oor die familie, bereidwilligheid om 'n reputasie te verdedig, en 'n weiering om 'n vernedering te aanvaar (Malina, 1993 : 49; Neyrey, 1991 : 41 - 44). **Vroulike eer** was **innerlik**, is gesimboliseer deur die maagdevlies en het vroulike eksklusiwiteit verteenwoordig: skugterheid, terughoudenheid en broosheid. Van mans is verwag om benewens hul eie eer, ook die eer van die vroue (eggenote, suster, dogter) in hul groep te beskerm. Mans het natuurlik die eer van ander mans deur hul vroue uitgedaag - benewens dat die mans in hul groep hul eer moes beskerm, het vroue hul reinheid simboliseer deur toenadering af te weer.

Eer was op mans sowel as op vroue van toepassing. **Skaamte** impliseer nie die teenpool van eer nie, maar is 'n **positiewe simbool** (Malina, 1993 : 50-51). Skaamte beteken dat daar 'n sensitiwiteit vir die mening van ander geopenbaar word, dat iemand oor die vermoë beskik om die reëls van menslike interaksie te ken, en dat hy/sy die sosiale grense respekteer. **Skande** kom ter sprake wanneer grense oorskry word en die reëls verbreek word.

Manlike en vroulike eer mag **nie deurmekaar vloei nie**. Dit was skandelik as 'n man bang was, onwillig was om risiko's te onderneem, of skaam was; net so was dit

skandelik as 'n vrou aggressief, uitdagend en onverskrokke was. Sulke gedrag het 'n onsensitiwiteit vertoon met betrekking tot die grense wat die samelewing daargestel het.

### 2.3. 'n Diadiese persoonlikheid

Die bespreking oor eer en skaamte het reeds gewys op die belangrike rol wat die groep of die gemeenskap in die individu se lewe gespeel het - die diadiese persoonlikheid is voortvloeiend hieruit. Malina (1993 : 63 - 73) en Neyrey (1991 : 72 - 80) gebruik die term **diadiese persoonlikheid** om te verwys na die **groepsgeoriënteerde** persoonlikheid van die antieke tye. Iemand met 'n diadiese persoonlikheid is heeltemal onbewus van sy/haar eie individualiteit en sien homself/haarself altyd deur die oë van ander. Hoe die groep iemand gesien en geëvalueer het, was deurslaggewend - die individu se opinie oor homself of haarself was van geen waarde nie. Groepswaardes is geïnternaliseer en eie gemaak. Mense het hulself definieer in terme van die groep waartoe hulle behoort het, en het ander ook op dieselfde wyse definieer. Mense het dus oor ander buite hul eie groep in terme van stereotipes gedink (Neyrey, 1991 : 74).

Elke individu was verteenwoordigend tot die groep waartoe hy/sy behoort het. Eer was nie 'n individuele aangeleentheid nie, maar **kollektief** (Neyrey, 1991 : 38): een mens kon eer of skande vir 'n hele groep beteken. Elkeen moes dus konformeer - elkeen se inherente gevoel vir skaamte het gesorg dat hy of sy dit doen. 'n Diadiese persoonlikheid het nie 'n persoonlike gewete wat hom of haar pla nie, veel eerder is dit 'n groepsbewussyn wat daartoe bydra dat hy of sy binne die reëls van die groep bly.

As gevolg van 'n sterk groepsbewussyn sou die eerbare persoon toesien dat hy of sy **nooit 'n eie individualiteit laat blyk nie** (Neyrey, 1991 : 78). Sy/haar unieke persoonlikheid , 'n innerlike self met diep psigiese worstelinge, swakhede en geheime sou nooit blyk nie. Altyd gerig daarop om aan die verwagtinge van die groep te voldoen, sou die diadiese persoonlikheid sy/haar bes doen om volgens die konvensies op te tree, en niks te doen wat hom/haar laat uitstaan nie.

### 2.4. Samevatting

Bruce Malina beskou eer en skaamte as waardes wat gedrag kwalifiseer en rig. Dit gaan om meer as om blote gedragspatrone - eer en skaamte raak ook sosiale sanksies waarvolgens mense hul gedrag oriënteer. Die samelewing het die reg om eer te gun of te weerhou, daarom is dit belangrik om volgens die reëls op te tree. Verder word eer

bedreig, 'n mens kan dit verloor en ander kan daarop aanspraak maak. Eer moet dus bewaar en beskerm word deur die betrokkenes. En, gegee die skerp rolverdeling tussen mans en vroue, is manlike eer en vroulike eer twee verskillende dinge.

Volgens Malina gee die samelewing die toon aan wat eer betref. Die samelewing skryf voor en beoordeel watter gedrag eerbaar is, en watter optrede 'n mens in die skande dompel, wie geëer moet word en wie nie. Binne hierdie samelewing bevind die diadiese persoonlikheid homself/haarself: geheel en al onbewus van 'n eie-ek, word hierdie persoonlikheid se hele bestaan daarop toegespits om te konformeer aan die norme van die groep, en binne die grense te bly wat die groep daarstel.

Malina spits hom toe op die 1e eeu nC. Intussen het daar egter meer as 2000 jaar verloop sedert die eerste weergawes van die Epos van Gilgamesh en die Nuwe Testamentiese wêreld van Christus. Gegee die universele waardes wat alle samelewings aan eer en skaamte koppel, kan 'n mens aanneem dat eer en skaamte kernwaardes in antieke Sumeriese stadstate was, dat dit kernwaardes in die tyd van Christus was, en dat dit ook kernwaardes in die moderne tegnologiese en gerekenariseerde samelewings is. Samelewings verander egter, en daarmee saam ook hoe eer en skaamte geïnterpreteer word.

In hierdie skripsie gaan die kontinuïteit sowel as die diskontinuïteit met betrekking tot Malina se model van eer en skaamte ondersoek word - as korporatiewe waardes, maar ook as individuele waardes om vas te stel watter rol dit speel in die karakterontwikkeling van die hoofkarakter, Gilgamesh.

## 3. LETTERKUNDIGE TEORIE

(Die **vetgedrukte woorde** in hierdie afdeling dien ter verheldering vir die opmerkings in Hoofstuk 1.)

Op die mees basiese vlak is letterkunde kommunikasie tussen mense en betrek hoofsaaklik drie partye of groothede: 'n verteller, 'n teks, en 'n gehoor. Dit klink eenvoudig.

Allermins. Sedert taal as 'n wetenskap beskou word, en sedert literatuurwetenskap aanspraak maak op 'n plek naas en selfs bo die natuurwetenskappe (Tompkins, 1980 : 222) word vuis geslaan oor wie/wat die belangrikste is : die skrywer, teks of leser?

Verskillende, soms teenstrydige literêre benaderings en teorieë sien die lig. Vervolgens word die belangrikste tendense in die letterkunde-wêreld oorsigtelik bespreek.

Literêre teorieë vertoon ongelukkig nie algemene universele konsepte oor letterkunde nie, maar weerspieël meestal filosofiese veronderstellings of ideologiese sisteme, hetsy meer of minder eksplisiet. 'n Bepaalde literêre teorie weerspieël altyd 'n bepaalde oriëntasie. Klemverskuiwings binne teorieë is meestal die gevolg van sekere vakfilosofiese oortuigings, dikwels in reaksie op die oortuigings van ander of ouer teorieë.

Abrams (Cloete, 1992 : 26) onderskei **vier** hoofgroepe teorieë gedurende die afgelope 25 eeue waarin vier basiese komponente onderskeidelik beklemtoon word: die teks self, die wêreld van die teks, die skrywer en die leser. Die teorieë is die volgende:

**Mimetiese** teorieë beklemtoon die werklikheid en beskou kuns as 'n afbeelding of nabootsing van aspekte in die natuurlike wêreld. Plato en Aristoteles se teorieë is bekende voorbeelde van hierdie aard: kuns boots die werklikheid na. Hierdie teorie verloor mettertyd populariteit, maar word later in die 18e eeu teruggevind by Batteux (1747) en Lessing (1776).

**Pragmatiese** teorieë beskou kuns as 'n middel tot 'n doel: wat letterkunde betref, word die doel bereik as die teks 'n merkbare effek op die leser het. Dit is die belangrikste estetiese benadering in die Weste wat reeds met Horatius se Ars Poetica begin en deurloop na die Middeleeue en die Renaissance.

Saam met die bloei van die Romantiek val die **ekspressiewe** teorieë. Kuns is 'n uitdrukking van die kunstenaar se emosie - die teks is dus die produk van die emosies van die skrywer. Skrywer/kunstenaar staan sentraal, gedryf deur spontane en oorweldigende emosies. Hierdie teorieë is populêr teen die einde van die 18e en gedurende die 19e eeue, met Wordsworth as die belangrikste eksponent.

Sedert die 20e eeu is die **objektiewe** teorieë aan die orde van die dag. Nou word die teks in die sentrum geplaas: die kunswerk self word gesien as outonome entiteit met betekenisvolle strukture wat waardig is om aan wetenskaplike ondersoek onderworpe te word. Hierdie outonomistiese benaderings wat ook as tekssentriese benaderings bekend staan, vertak in verskillende rigtings.

Van die **tekssentriese** of **outonomistiese** benaderings is die volgende **drie** die bekendste (Cloete, 1992 :27 - 30):

**New Criticism** is sedert ongeveer 1910 hoofsaaklik 'n Amerikaanse benadering en oorheers die Anglo-Amerikaanse literatuurstudie vir 50 jaar lank. Aan die Universiteit van Moskou en in St Petersburg ontwikkel die **Russiese Formalisme** waarvan Roman Jacobson die bekendste figuur is - totdat Russiese Formalisme in Rusland verbied word en hy hom in Praag vestig. Die **Duitse werkimmanente** metode is die derde van hierdie benaderings, veral geïnspireer deur die werk van Roman Ingarden.

Hierdie outonomistiese bewegings kom ooreen deurdat hulle op die geskrewe teks en slegs op die teks fokus, maar daar is ook verskille. Die Duitse benadering is bv. meer fenomonologies hermeneuties georiënteerd, die Russiese Formaliste het 'n duidelike, sistematiese en wetenskaplike werkswyse, terwyl New Criticism gespesialiseerde artistieke literêre kritiek beoefen, en literêre kritiek beskou as hoofsaaklik die taak van 'n akademiese elite.

Tekssentriese benaderings gaan hand aan hand met **linguistiese benaderings**: 'n teks word immers uit taal opgebou. Linguistiese benaderings gebruik hoofsaaklik insigte uit die taalkunde vir die analise van literêre tekste, en lê sterk klem op die morfologie en sintaksis van die taal in die teks. Van die linguistiese benaderings is **Strukturalisme** die heel belangrikste ontwikkeling met betrekking tot die analise van literêre tekste. Veral twee skole is invloedryk: die **Praagse Skool** en die **Franse Strukturalisme**.

Russiese Formalisme word in Rusland onderdruk. Russiese formalistiese teoretici, onder andere Roman Jacobson vlug na Praag en sit hul werk in hul nuwe omgewing voort. Hier kom die Praagse Skool tot stand wat ook bekend staan as **Tjeggiese Strukturalisme**. Dit ontwikkel as voortsetting van maar mettertyd ook as reaksie op Russiese Formalisme. Tjeggiese Strukturalisme vertoon 'n sterk semiotiese karakter: benewens die outonomistiese aard van 'n teks, het dit ook semiotiese waarde, trouens, semiotiek verkry 'n groter klem as bloot formalisme en die teks word gesien as 'n semiotiese feit.

In Frankryk, geïnspireer deur die Russiese Formalisme sowel as die linguistiek van Ferdinand de Saussure, ontwikkel die **Franse Strukturalisme**. Die belangrikste bydrae van die Franse Strukturalisme is die strukturalistiese narratologie wat op die analise van verhalende tekste konsentreer.

Alhoewel daar belangrike klemverskille tussen die Russiese en die Franse Strukturalisme is, is die basiese uitgangspunt die volgende: literatuur is 'n sisteem met sy eie konvensies (Cloete, 1992 : 510), los van skrywer of leser, en los van omstandighede. Hierdie aanname sluit aan by die outonomistiese bewegings wat die teks as selfgenoegsaam en met 'n eie interne samehang beskou. Strukturalisme probeer nie eerstens die teks interpreteer nie, maar beskryf die elemente, relasies en die wetmatighede in die (verskuilde) literêre sisteem. Eers nadat en omdat die strukture van 'n teks ontdek is, kan verskillende betekenismoontlikhede oorweeg word.

Met die klem op vorm, loop die strukturaliste die gevaar om die inhoud van 'n teks nie slegs sekondêr te stel nie, maar om dit heeltemal te verdring. So 'n geslote sisteem van relasies minimaliseer dus die literêre werklikheid, en g'n wonder nie: mettertyd word daar wegbeweeg van Strukturalisme en Post-strukturalisme tree op die voorgrond.
**Post-strukturalisme** is skepties teenoor die strukturalistiese opvatting dat 'n leser die korrekte betekenis van die teks kan ontdek omdat hy sekere strukture in die teks ontdek (Cloete, 1992 : 401). 'n Teks is nie iets wat betekenis het en wat uit die struktuur daarvan afgelei kan word nie, trouens, betekenis kan glad nie vasgepen word nie. Die teks kan ook nie geïsoleer word tot 'n outonome eenheid nie, aangesien die leser die teks met etlike ander tekste in die agtergrond benader. Hambidge (Cloete, 1992 : 68) haal aan en vertaal Kristeva: "Iedere teks neem vorm aan as 'n mosaïek van aanhalings, iedere teks is die absorbering en transformasie van ander tekste."

Verder bestaan daar nie iets soos 'n metode nie. Post-strukturalisme bevraagteken, vernuwe en verwerp bestaande metodes - daarom word daar na 'n faset van Post-strukturalistiese denke as **dekonstruksiekritiek** verwys, wat eintlik wil sê dat destruksie en rekonstruksie plaasvind (Cloete, 1992 : 401). Dekonstruksie handhaaf ook die siening dat die teks nie 'n objektiewe gegewe is nie. Wanneer die leesproses begin, breek die leser reeds die bestaan van die objektiewe teks en tree die proses van dekonstruksie in werking. Dit is absoluut noodsaaklik dat 'n leser bewus moet word van die 'metode' wat hy/sy gebruik in sy/haar omgang met die teks, en dat hierdie metode bevraagteken word. In hierdie proses verdwyn die afstand tussen teks en leser - hulle word een in 'n 'against-method' - benadering (Cloete, 1992 : 401). Uiteindelik, en dit is eintlik vanselfsprekend, is 'n finale, afgehandelde analise van die teks nie moontlik nie.

**Dekonstruksie** gaan uit van die standpunt dat elke metode van lees of verstaan 'n reeks teoretiese aannames voorveronderstel. Daar bestaan nie iets soos 'n vrye, intuïtiewe, teorie-lose leesmetode nie. Die teorie wat Dekonstruksie voorstaan, is egter refleksief -

nie slegs die teks word ontleed nie, maar ook die leser se metode en vooropgestelde aannames. Dit gaan nie meer om wat gelees word nie, maar om hoe gelees word (Cloete, 1992 : 68). So word die leser mede-produseerder van die teks. Dekonstruksie beweeg weg van die term 'teks', en gebruik liewers 'tekstualiteit' (Cloete, 1992 : 531) om die dinamiese proses van lees, die plesier en ekstase van die leesaksie aan te dui.

Hierdie benadering baan die weg vir 'n kreatiewe lees van die teks. Die ontnugtering dat daar nie so-iets bestaan soos die korrekte lees van 'n teks nie, en die doodloopstraat waarin die outonomistiese benaderings mettertyd beland, lei tot 'terugkeer-na-die-leser' - oftewel die **lesersentriese** benaderings (Cloete, 1992 : 31 - 32).

In Duitsland word sterk gesteun op die fenomenologiese uitgangspunte van Husserl, en die esteties literêr teoretiese werk van Ingarden. Duitse resepsieteorieë slaan twee rigtings in: Resepsie-estetika en Resepsie-ondersoeke. In Amerika staan hierdie teorieë bekend as Reader Response Criticism.

**Resepsie-estetika** bestudeer die reaksie van die implisiete leser as die geïmpliseerde ontvanger van die teks. Die teks maak dus 'n appél op die leser deur hom of haar kreatief in die leesproses te betrek. Volgens Iser (Cloete, 1992 : 31) is daar leë plekke in die teks wat deur die leser gevul moet word - hierdeur word 'n kreatiewe lesing tot stand gebring.

**Resepsie-ondersoeke** gaan enersyds meer histories te werk en kyk na die verskillende momente in die historiese resepsie van tekste. Andersyds word empiriese ondersoeke onderneem om werklike lesersreaksies d.m.v. vraelyste vas te stel. Jauss (Cloete, 1992 : 31) se uitgangspunt is dat 'n teks vir 'n bepaalde gehoor geskryf en deur hulle gelees word. 'Verwagtingshorison' is die term wat die literêre, historiese en kulturele agtergrond beskryf waarmee lesers tekste benader (Cloete, 1992 : 568), en dien as basis vir die beskrywing van teks-leser-verhoudinge. 'n Versmelting van horisonne vind plaas wanneer die oorspronklike verwagtingshorison gerekonstrueer en in verband gebring word met 'n bepaalde leeservaring.

**Reader Response Criticism** (Cloete, 1992 : 32) in Amerika het subjektiwistiese en struturalistiese variante onderskeidelik. 'n **Subjektiwistiese benadering** laat slegs die leser se persoonlike, psigologiese en literêre assosiasies op die teks inwerk - die eenheid en betekenis van die teks lê in die leser se gees. Die **Strukturalistiese variant** beskou lees wel as 'n vrye aktiwiteit wat nie deur die teks bepaal word nie, maar wat wel deur

die struktuur daarvan beperk word - die leser kan dus nie sommer enigiets inlees nie. Interpretasie-gemeenskappe en literêre kompetensie van die leser is twee sulke beperkende faktore, faktore wat egter vaag en problematies omskryf word, en uiteindelik verskil hierdie benadering in wese nie veel van die subjektiwistiese variant nie.

Hierdie skripsie benader die Gilgamesh-epos vanuit 'n post-moderne hoek met die klem op menslike houdings, gevoelens en waardes. Dit waak egter teen 'n onverantwoordelike omgaan met die teks, daarom word die grootste respek vir die ou teks gehandhaaf. Die teks-immanente benadering wat die taal en struktuur van die teks in ag neem, word ook gerespekteer. Sonder om dus volledig oor te beweeg na 'n dekonstruksie-benadering, maar terselfdertyd sonder om die strukturele elemente te verabsoluteer as draers van betekenis, word die epos geïnterpreteer.

Hiermee is die vernaamste bronne bespreek wat sowel die agtergrond as instrumente verskaf vir 'n doelmatige "close reading" van die Gilgamesh-epos.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## EER-EN-SKAAMTE-MOMENTE IN DIE GILGAMESH-EPOS

### A. DIE PROLOOG

Die Gilgamesh-epos open met 'n proloog van 45 reëls wat net sowel die epiloog aan die einde van Tablet XI kon gewees het: reëls 16 - 21 van Tablet I word woordeliks herhaal in reëls 315 - 320 van Tablet XI. Hierdie proloog funksioneer as inleiding tot die verhaal, en die doel daarvan is om die leser/hoorder se nuuskierigheid te prikkel vir dit wat in die res van die epos vertel gaan word. Dit wil die hele storie in 'n neutedop opsom, sonder om te veel te verklap: lesers/hoorders moet hulself solank voorberei vir 'n vertelling van 'n merkwaardige persoon: hy was iemand wat vreemde dinge gesien en beleef het, maar ook iemand wat terselfdertyd iets konkreet, iets tasbaars tot stand gebring het. Oor hierdie mens gaan in die res van die elf tablette vertel word.

Alhoewel dit nie met sekerheid bewys kan word nie, is dit bykans seker dat Sin-liqe-unninni die eerste 26 reëls van hierdie proloog tot die Ou Babiloniese verhaal bygevoeg het: reël 27 is die openingsreël waarmee die ou epos bekend gestaan het, naamlik *šūtur eli šarrū* (Gardner & Maier, 1984 : 59). Die Standaard Babiloniese verhaal begin egter met *ša nagba īmuru*, en met hierdie woorde betrek die verteller die hoorder in die gebeure wat in die res van die elf tablette gaan ontvou:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | *ša nagba īmuru lušeddi māti* | Ek moet vir die land vertel van hom wat die diepte gesien het. |
| 2 | *ša kullati īdû kalāma ḫassu* | Alles sal onthou word van hom wat alles weet. |
| 3 | *iḫīṭma mitḫāriš kibrāti* | Gelyke landstreke het hy verken. |
| 4 | *napḫar nēmēqi ša kalāmi īḫuz* | Die som van wysheid wat alles omvat - |
| 5 | *niṣirta īmurma katima ipte* | die geheim het hy gesien; wat toegemaak was, het hy oopgemaak. |
| 6 | *ubla ṭēma ša lām abūbi* | Hy het verslag gebring oor wat was voor die Vloed. |
| 7 | *urḫa rūqta illikamma aniḫ u šupšuḫ* | Op 'n ver pad het hy gegaan, moeg, maar vertroos |
| 8 | *iḫruṣ ina narê kalu mānaḫti* | het hy al die ontberinge op 'n stela uitgraveer. |
| 9 | *ušēpiš dūru ša Uruk supūri* | Hy het die stadsmuur van die veilige Uruk gebou |

| | |
|---|---|
| 10 *ša Eanna qudduši šutummi elim* | waar die gewyde Eanna is, die heilige skatkis. |
| 11 *amur dūršu ša kīma qû nēbḫūšu* | Kyk na die stadsmuur - soos brons is sy friese! |
| 12 *itaplas samētašu ša lā umaššalu mamma* | Kyk die voetstuk - daar is geen gelyke nie! |
| 13 *ṣabatma askuppati ša ultu ullânu* | Gryp die drempel van die ou tye vas. |
| 14 *qitrub ana Eanna šubat Ištar* | Kom nader na Eanna, die woonplek van Ishtar- |
| 15 *ša šarru arkû lā umaššalū amēlu mamma* | later sou nog koning nog mens dit ewenaar. |
| 16 *elima ana eli dūrī ša Uruk itallak* | Gaan op, bo-op die mure van Uruk, loop daar rond. |
| 17 *temennu ḫīṭma libittī ṣubbu* | Let op die basis, kyk mooi na die bakstene: |
| 18 *šumma libittīšu lā agurrat* | as die bakstene darem nie van hardgebakte klei was nie |
| 19 *u uššišu lā iddû 7 muntalikī* | en die 7 wyses nie die fondament neergelê het nie! |
| 20 *1 šar ālu 1 šar kirû 1 šar issû pitir bītu Ištar* | Een sar is stad, een sar is boorde, een sar is klei-put, oop grond, en die huis van Ishtar! |
| 21 *3 šar u pitru Uruk tamḫu* | 3 sar en oop grond - dis die omtrek van Uruk. |
| 22 *še'īma tupšinna ša erû* | Soek die tablethouer van koper, |
| 23 *puṭur ḫargallišu ša siparru* | maak los die slot van brons, |
| 24 *petema pû ša niṣirti* | maak oop die deur van die geheim, |
| 25 *išima ṭuppi uqnû šitassi* | kry die tablet van lapis lazuli en lees dit hardop |
| 26 *ša šu Gilgameš alāku kalu marṣâti* | van al Gilgamesh se pynlike omswerwinge. |
| 27 *šūtur eli šarrū šanu''udu adi gatti* | Hy troon uit bo konings, indrukwekkend van statuur, |
| 28 *qardu lillid Uruk rīmu muttakpu* | 'n held, spruit van Uruk, 'n wilde bul wat deurboor; |
| 29 *illak ina pāni ašared* | voor loop hy, die eerste, |
| 30 *arka illakma tukulti aḫūšu* | agter loop hy, ter ondersteuning van sy broers, |
| 31 *kibru dannu ṣulūl ummannišu* | 'n vaste oewer, beskermer van sy leër, |
| 32 *agû ezzu muabbit dūru abnu* | 'n woedende vloedgolf wat klipmure verwoes. |
| 33 *emu ša Lugalbanda Gilgameš gitmâlu emūqi* | Gilgamesh: volmaakte mag, skoonseun van Lugalbanda, |
| 34 *māru arḫi ṣīrti sinništu Ninsun* | seun van die edel-wildekoei Ninsun, |
| 35 *šu Gilgameš gitmālu rašubbu* | hy, Gilgamesh, volmaakte verskrikking! |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 36 *petû nērebetī ša ḫuršānī* | Hy maak ingange in berge oop, |
| 37 *ḫerû būrī ša kišādu sadî* | hy grawe putte in die nek van die berge. |
| 38 *ebir tâmtu tâmatī rapāšuti adi ṣīt šamši* | Die wye see van die seë het hy oorgesteek, tot waar die son opkom, |
| 39 *ḫīṭ kibrāti mušte'u balāṭi* | landstreke het hy ondersoek: soekende na die lewe! |
| 40 *kašid dannūssu ana Utnapištim rūqi* | Deur sy krag het hy Utnapistim, die Veraf-een, bereik. |
| 41 *mutīr māḫāzi ana ašrīšunu ša uḫalliqū abūbu* | Die kultiese sentra wat die vloed laat verdwyn het, het hy herstel. |
| 42 *mannumma ina nišī apâtu* | Wie is daar onder die mense van die mensdom |
| 43 *ša ittišu iššannanu ana šarrūti* | en onder die konings wat met hom kan meeding? |
| 44 *ša kî Gilgameš iqabbu anākuma šarru* | wat soos Gilgamesh kan sê: "Ek is koning!" |
| 45 *Gilgameš ištu ūmum i'aldu nabi šumšu* | Gilgamesh: sedert die dag van sy geboorte skitter sy naam! |

Die hele proloog as sodanig is 'n eerbetoon aan Gilgamesh. Die verteller, 'n ek-spreker, lei die eulogie met sy persoonlike getuienis in. Hierdie getuienis wil hy nie slegs tot die enkele leser lewer nie, hy moet die land vertel, sodat niks vergeet word nie. Die een oor wie daar vertel gaan word, se identiteit word bekend gemaak as die een "wat die Diepte gesien het" (r 1). Deur die naam geheim te hou, en terselfdertyd na iets misterieus met betrekking tot die protagonis te verwys, slaag die verteller uitmuntend daarin om spanning by die leser se skep.

Nou begin die verteller as't ware agterstevoorom en beskryf vanaf reël 3 - 8 wat eers aan die einde voltooi word. Op tergende wyse word geheim-motief uitgebuit deur steeds die naam van die een wat gesien het, te weerhou, maar sy kwaliteite word meegedeel: hy is die siener, die een wat geheime dinge ontdek het, en wat uitgevind het wat voor die Vloed gebeur het. Daar is twee konkrete, tasbare, sigbare items wat hy nagelaat het: die stela wat sy ontberinge beskryf (r 8), en die mure van Uruk wat hy gebou het (r 9).

Van hier (r 11 - 15) word eers met 'n wye lens op die stad gefokus - van buite af bewonder die leser die friese en die voetstuk. Al nader en nader word hy gelok, terwyl die spanning opbou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verteller is egter glad nie haastig om sy punt te maak nie. Deur telkens te verwys na Eanna - die tempel van Ishtar in Uruk - (r 10 en 14), wil hy die leser daaraan herinner dat hy hom gereed moet maak vir 'n gewyde oomblik, 'n sakrale belewenis. Vir die regte instelling moet die drempel van die ou tye eers vasgegryp word (r 13) - 'n oomblik van verootmoediging voordat daar na die heilige sentrum van die stad beweeg kan word.

Asof die verteller weet dat die leser so 'n oorweldigende gebeurtenis nie direk kan hanteer nie, nooi hy hom uit om eers 'n bietjie op die mure van die stad rond te loop, en die grootsheid daarvan te bewonder (r 16 - 21). Hierna kry die leser die toestemming om al hoe nader te beweeg aan dit wat die verteller eintlik aan hom wil openbaar. Dis nie so maklik nie, en ook nie vanselfsprekend nie. Eers moet hy die koperhouer soek (r 22), daarna die slot van brons oopsluit (r 23), dan is daar nog 'n deur na die geheim wat oopgemaak moet word (r 24). Dan word die tablet van lapis lazuli gevind (r 25) - met 'n opdrag daarby: dit moet hardop gelees word. Almal moet hoor.

En nou word die spanning verbreek: eers in reël 26 word die naam genoem van die een oor wie die verteller nie kan stilbly nie: **Gilgamesh!**

Reëls 27 - 45 wei uit oor Gilgamesh se voorkoms en sy dade. Hierdie beskrywing pas by die soort persoon wat ook volgens Malina se model deur die samelewing geëer word: hy het mag, hy manipuleer die optrede van ander, en hy wek ontsag (vgl. 2.2.2). Sy voorkoms beïndruk (r 27), hy is onverskrokke: hy word beskryf as 'n wilde bul (r 28) en 'n vloedgolf (r 32), selfs groot berge stuit hom nie in sy gang nie (r 36 en 37). Hy is iemand wat ontsag afdwing want hy word waargeneem as 'n mag (r 33) en 'n verskrikking (r 35). Hy tree op soos wat daar van 'n goeie leier verwag word : hy is betroubaar deur die voor- en agterhoede van sy mense te vorm (r 29 - 31), boonop dien hy die belange van gode en mense (r 41) waneer hy die skade na die Vloedramp herstel. Gilgamesh het selfs die regte afkoms (r 33 - 34), en is op die regte plek gebore (Malina & Neyrey, 1991 : 74).

Die proloog sluit af met 'n retoriese vraag (r 42 - 44) oor wie by so 'n koning kan kers vashou, en 'n stelling (r 45): Gilgamesh het inderdaad naam gemaak.

Tog skilder die verteller hierdie eer-prentjie nie heeltemal so volmaak soos wat Malina dit sou wou hê nie. Heel aan die begin word hy vereer as die een wat die Diepte gesien het, wat geheime ken, maar een wat swaargekry en gely het in die proses. Eerbare mense is nie veronderstel om hul innerlike probleme en swakhede te laat blyk nie (Malina & Neyrey, 1991 : 78 - 79), allermins sou hulle dit op 'n stela uitgraveer om vir ewig onthou te word! Alhoewel die lofrede vanaf reël 27 - 45 grotendeels oor Gilgamesh se konkrete prestasies handel, word ook die rede genoem waarom hy die wêreld deurkruis het: hy het die lewe gesoek (r 39). Die verteller voeg nie by of hierdie onderneming suksesvol was nie - hy laat dit net daar.

Dit lyk nie asof wysheid as psigologiese kwaliteit in Malina se model van eer en skaamte funksioneer nie. In terme van hierdie sosiologies-antropologiese model sou wysheid eerder die vermoë wees om te kan onderskei watter gedrag of houding vir die samelewing toepaslik is of nie. Introspeksie is iets wat antieke persoonlikhede nie ken nie (Malina, 1993 : 66).

Reeds die proloog laat blyk 'n kontinuïteit, maar ook 'n diskontinuïteit met Malina se sosiologies-antropologiese model van eer en skaamte. Hier gaan van 'n held vertel word, maar waarskynlik nie die stereotipiese held wat die samelewing verwag nie. Die leser se aptyt word gewek deur wat gesê is, maar ook deur wat nie gesê is nie.

Wat is die Diepte? Wat is die geheim? En - die belangrikste: het Gilgamesh die lewe gevind wat hy gesoek het?

Met ingehoue spanning word die volgende kolom op die stela gelees.

## Bi KONING GILGAMESH: 'N MAN VAN EER GEDRA HOM SKAAMTELOOS

Enkele inleidende opmerkings:

Kolom ii van Tablet I strek van reël 46 - 104. Die twee hoofkarakters van die eerste helfte van die epos word voorgestel: Gilgamesh en Enkidu. Reëls 46 - 81 beskryf Gilgamesh, die protagonis: wie hy is en wat hy doen. Die antagonis, Enkidu word in reëls 82 - 104 bekend gestel. Daar word vertel oor sy skepping, sy bestaan en die effek wat hy op mense het. Bi van hierdie hoofstuk fokus dus op Gilgamesh, en Bii op Enkidu.

TABLET I (Kolom ii)

| | |
|---|---|
| 46 *šittīnšu iluma šullultašu amēlutu* | Twee-derdes van hom is god, een-derde is mens. |
| 47 *ṣalam pagrišu Belet-ili uṣṣir* | Belet-ili het sy liggaam ontwerp. |
| 48 *ulteṣbi gattašu itiq pertēšu u ṭarrašu* | Sy statuur, sy hare en sy baard het sy beplan. |
| 49 *xxx šaruḫ lānšu* | xxx indrukwekkend sy figuur |
| 50 *xxx xxx xxx gitmālu* | xxx xxx xxx volmaak |
| 51 *ina simat xxx aḫû* | in waarde xxx sy broers. |
| 52 *ina supūru ša Uruk šu ittanallak* | Hy loop rond in die veilige Uruk, |
| 53 *ugdaššar rīmāniš šaqu rēšušu* | sterk soos 'n wildebul, kop omhoog. |
| 54 *ul īšu šaninamma tebû kakkūšu* | Sy wapens is onoortreflik, |
| 55 *ina pukkišu tebû rū'ūšu* | sy 'pukku' kommandeer sy vriende. |
| 56 *ūtaddarū eṭlū ša Uruk ina kummīšunu* | Bedruk sit Uruk se jongmans in hul kamers: |
| 57 *ul umaššar Gilgameš māru abišu* | Gilgamesh los die seun nie uit vir sy pa nie. |
| 58 *urra u mūši ikaddir še-xxx-riš* | Dag en nag is sy (houding?) arrogant. |
| 59 *šu rē'ûma ša Uruk supūri* | Hy: herder van veilige Uruk? |
| 60 *šu rē'ûšinama xxx* | Hy: beskermer van die vroue - |
| 61 *gašru šūpû mūdû u palka uzna* | sterk, vorstelik, wys, en vol van begrip? |
| 62 *ul umaššar Gilgameš batūlta ana ḫā'iriša* | Gilgamesh los die meisie nie uit vir haar minnaar nie, |
| 63 *mārat qurādi ḫirat eṭli* | dogter van die kryger, eggenote van die man nie. |
| 64 *tazzimatašina išmû ilū* | Die gode het die vroue se klag aangehoor. |
| 65 *ilū šamâmi adi Uruk imtaḫrū* | Die gode van die hemel kom tot by Uruk: |
| 66 *tultabšima rīma kadra Aruru* | "Aruru, jy het geboorte gegee aan 'n opstandige wildebul! |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 67 *ul īšu šānimamma têbû kakkīšu* | Sy wapens is onoortreflik, |
| 68 *ina pukkīšu têbû rū'ūšu* | sy 'pukku' kommandeer sy vriende. |
| 69 *ul umaššar Gilgameš māra abīšu* | Gilgamesh los die seun nie uit vir sy pa nie. |
| 70 *urra u mūši ikaddir še-xxx* | Dag en nag is sy (houding) arrogant. |
| 71 *šu rī'ûma ša Uruk supūri* | Hy: herder van veilige Uruk? |
| 72 *šu rē'ûšinama u xx* | Hy: beskermer van die vroue - |
| 73 *gašru šūpu mūdu u palka uzna* | Sterk, vorstelik, wys, en vol van begrip? |
| 74 *ul umaššar Gilgameš batūlta ana ḫā'iriša* | Gilgamesh los die meisie nie uit vir haar minnaar, |
| 75 *marāt quradi ḫirat eṭli* | dogter van die kryger, eggenote van die man nie." |
| 76 *tazzimtašina ištenemme Anum* | Anu hoor aanhoudend die klag van die vroue. |
| 77 *Aruru issū rabûtu* | "Grote Aruru," kla hulle, |
| 78 *atti Aruru tabnî amēla* | "Jy Aruru, jy het die man geskep: |
| 79 *eninna binî zikiršu* | skep nou een net soos hy. |
| 80 *ana ūmi libbišu lū mašil* | Laat sy hart die van 'n bonatuurlike wese wees, |
| 81 *lištananūma Uruk lištapšiḫ* | laat hulle baklei, laat Uruk tog rus kry." |

Na die indrukwekkende eulogie in die proloog, is die leser oorstelp, en vol bewondering vir hierdie bykans volmaakte koning. Aanvanklik word die lofrede voortgesit. Gilgamesh se eerbare afkoms word herhaal (r 46): hy is inderdaad meer god as mens. Daar is egter 'n baie goeie rede waarom die verteller dit nodig ag om die leser op die menslikheid van Gilgamesh ook attent te maak: hierdie derde menslikheid bind hom onlosmaaklik aan die lot van alle mense (Gardner & Maier, 1984 : 69). Nietemin is dit die goddelike wat vir sy treffende voorkoms gesorg het, Belet-ili, die hoofgodin, het dit self beplan (r 47 & 48). Alhoewel reëls 49 - 51 grotendeels ontbreek, blyk dit uit die geïsoleerde woorde dat Gilgamesh iemand is wat raakgesien word. Bloot sy fisiese voorkoms laat hom uitstaan bo ander mense, dwing respek af en verleen aan hom eer (vgl. 2.2.2.1).

Vanaf reël 52 kom die leser onder die indruk van sy trotse houding - die houding van 'n heerser. Sy kop, as simboliese weerspieëling van sy sosiale eer (vgl. 2.2.2.4 ) is omhoog (r 53). Sy optrede wat in reëls 54 en 55 beskryf word, maak dit duidelik dat fisieke kompetisie uitgeskakel is, en dat hy die mag het om ander se optrede te beheer (vgl. 2.2.2). Gilgamesh lyk soos 'n koning en hy doen wat 'n koning doen. Gilgamesh, weet die leser nou verseker, is 'n man waarmee 'n mens rekening moet hou.

Hoe ervaar sy samelewing hom - wat dink die mense van Uruk van hul koning?

Die jongmans is neerslagtig (r 56). In plaas daarvan dat hulle trots is op hul indrukwekkende heerser, verkeer hulle in 'n toestand van depressie oor hom. 'n Donker wolk hang oor die pragtige stad. Hoekom?

Die redes word verstrek in reëls 57 & 58 en in 62 & 63: Gilgamesh laat niemand met rus nie. Die aard van sy tirannie word nie uitgespel nie. Etlike redes kan aangegee word waarom hy die mans nie met rus laat nie. Gilgamesh is bekend daarvoor dat hy die mure van Uruk laat bou het (George, 1999 : xlvii). Daarvoor het hy hande-arbeid nodig gehad en die mans in sy stad vir die doel gebruik - of misbruik. Dwangarbeid is dus een van die moontlike redes waarom die mans van Uruk ongelukkig was. Verder is dit onwaarskynlik dat Gilgamesh in liefde en in vrede met die omringende stadstate saamgeleef het. Kleinerige skermutselinge of groot oorloë sou veroorsaak dat Gilgamesh die mans van hul gesinne af weggeneem het om of op te ruk of om te verdedig.

Daar word melding gemaak van Gilgamesh se onoortreflike wapens (r 54 & 67). Volgens George (1999 : xlvii) was die Akkadiërs bekend vir veglustige kontaksport. 'n Sumeriese gedig verhaal Bilgames se onversadigbare aptyt vir spele wat fisies baie vereis - gevolglik wy die vroue van die stad al hul aandag daaraan om in die behoeftes van die uitgeputte mans te voorsien.

Wat presies die 'pukku' is (r 55 & 68) waarmee Gilgamesh sy vriende kommandeer, is nie heeltemal seker nie. Meestal word dit met 'drom' of 'hoepel' vertaal. Dit was waarskynlik 'n kultiese (Gardner & Maier, 1984 : 70) of religieuse instrument (Pritchard, 1975 : 41) wat Gilgamesh vir sy persoonlike behoeftes aangewend het.

Wat die vroue betref, is daar 'n sterk moontlikheid van seksuele teistering (Gardner & Maier, 1984 : 69). Dit is inderdaad so dat die mans veronderstel is om die eer van hul vroue te beskerm (vgl. 2.2.2.5), maar die probleem is dat daar in Uruk onder die mans vir Gilgamesh geen kompetisie is nie! Hy skend dus nie slegs die eer van die vroue nie, maar ook die van die mans in die stad. Julio Caro Baroja (Peristiany, 1965 : 13) sê oor Don Juan dat hy 'n ongedurige, oppervlakkige en rustelose jongman is wat altyd 'n nuwe uitdaging soek. Sy superioriteit moet hy in alle aspekte van sy deurmekaar lewe bewys. Hy is die een wat sy lewe die meeste waag, die meeste doodmaak, die meeste dobbel, die meeste geld

bestee, die uitspattigste klere dra. Maar dis nie al nie. Hy is ook die een wat die meeste vroue verlei. Gegee die feit dat eer nie slegs 'n individuele aangeleentheid is nie, maar veral 'n saak vir die familie, tas Don Juan die hart van familie-eer aan deur skande oor hul vroue en dogters te bring. Elke vrou wat hy verlei, is vir hom 'n persoonlike triomf.

'n Soortgelyke indruk kry die leser nou van Gilgamesh: 'n verveelde ryk jongman, behep met homself, voortdurend op soek na nuwe avonture - en een wie se hormone boonop ook aan die bruis is! Gilgamesh het sy glans verloor. 'n Aantreklike en sterk koning, meer god as mens, maar hy misbruik sy krag, sy mag en sy posisie. Hy is 'n verwaande egoïs, so begaan oor sy eie eer dat hy niks en niemand ontsien om homself nog groter op te pomp nie. Strategies geplaas, tussen wat hy met die mans en die vroue aanvang, klink 'n kritiese vraag, selfs 'n verwyt (r 58 - 61): is dit hoe 'n goeie heerser behoort op te tree? Babiloniese ideologie skryf immers voor dat 'n koning vir sy onderdane soos 'n herder vir sy skape moet wees - hy moet hulle beskerm en hulle met regverdigheid regeer (George, 1999 : xlvi). Daarenteen tree Gilgamesh soos 'n wrede en brutale tiran op.

Dit is baie duidelik dat Gilgamesh se gedrag alle grense van welvoeglikheid oorskry. Hy is koning, hy het status, sy afkoms getuig van goddelike ingrepe en menslike adel, sy voorkoms laat hom uitstaan, daarom kan hy op eer aanspraak maak, en behoort die samelewing dit te erken. Sy posisie misbruik hy egter tot so 'n mate dat dit sy onderdane die harnas ingjaag, en hulle voel dat hulle hom nie langer kan eer nie: hy tree nie op soos wat hulle van 'n goeie koning verwag nie.

Onder die mense is daar vir Gilgamesh geen kompetisie nie (r 54 & 55). Hulle weet hul verset gaan hulle niks baat nie. Wie kan sterker wees as Gilgamesh? Slegs die groot gode kan hom oortref, en daarom wend die mense van Uruk hulle tot die hemelwesens. Gilgamesh is immers deur die grote Aruru self geskep (r 66).

Reëls 67 - 75 is 'n woordelikse herhaling van reëls 54 - 63 (r 56 uitgesluit). Die woorde waarmee die verteller die optrede van Gilgamesh aan die leser beskryf het, word nou deur die mense, veral die vroue van Uruk ge-eggo as bittere aanklag. As die leser nog die verteller se weergawe betwyfel het, beaam die mense dit. Teen hierdie tyd word Gilgamesh lankal nie meer bewonder nie, maar lê die simpatie by sy onderdane. So intens is die weeklag van die vroue, dat selfs die hoofgod Anu dit onophoudelik moet aanhoor (r 76).

Die vroue van Uruk lê hul versoek voor Aruru, die een wat Gilgamesh geskep het ( r 78). Wat vra hulle?

Kompetisie (vgl. 2.2.2.2). Gilgamesh moet kompetisie kry, iemand wat met hom kan meeding. Hierdie wese moet in alle opsigte sy gelyke wees (r 79), net so sterk, net so ongedurig en net so rusteloos (r 80). Die vroue van Uruk bid kompetisie af tussen die koning en sy teenstander. So intens moet die fisiese stryd wees, dat hulle mekaar besig genoeg hou sodat die mense tog 'n bietjie rus vir siel en liggaam kan kry (r 81).

In reëls 46 - 81 is daar dus baie duidelik sprake van eer en skaamte as sosiale waardes. Gilgamesh, die koning, maak aanspraak op eer volgens sy geboorte as god-mens, en sy status as koning. Dis onseker of hy die titel 'koning' oorgeërf of verwerf het, maar ook hierdie titel regverdig 'n aanspraak op eer. Die samelewing wat hierdie eer aan hom moet erken, verwag egter dat hy hom op 'n sekere manier moet gedra: as 'n sterk, maar ook as 'n wyse en regverdige leier. Dit gebeur egter nie. Gilgamesh oorskry sy sosiale grense deur sy mag te misbruik - daarom kom sy eer in die gedrang. Ongelukkig is dit nie so maklik om sy eer van hom af weg te neem nie - daarvoor is 'n stryd om eer nodig. Niemand in Uruk is in staat om Gilgamesh se eer uit te daag nie, niemand is in enige opsig sy gelyke nie. Die enigste oplossing is dat so 'n wese geskep word: dieselfde gode wat Gilgamesh geskep het, word versoek om sy gelyke te skep sodat hulle mekaar kan besig hou en die res van die gemeenskap in vrede gelaat word.

## Bii ENKIDU

(a) Sy skepping

| | |
|---|---|
| 82 *Aruru annîta ina šemêša* | Toe Aruru dit hoor, |
| 83 *zikru ša Anim ibtani ina libbiša* | het sy Anu se woord gestalte gegee in haar hart. |
| 84 *Aruru imtasi qātāša* | Aruru het haar hande gewas, |
| 85 *ṭiṭṭa iktariṣ ittadi ina ṣēri* | klei afgeknyp, en dit op die steppe gewerp. |
| 86 *lullâ Enkidu ibtani qurādu* | Enkidu, die primitiewe mens, die kryger, het sy gestalte gegee. |
| 87 *ilitti qulti kiṣir Ninurta* | 'n Kind van stilte, ledemaat van Ninurta. |
| 88 *šu'ur šarta kalu zumrišu* | Harig was hy, hare oor sy hele liggaam, |
| 89 *uppuš pēretu kî sinništi* | die hare op sy kop, soos die van 'n vrou, |
| 90 *itiq pērtišu iḫtannaba kīma Nisabu* | sy lokke groei so welig soos Nisaba s'n. |
| 91 *lā īdi nišū u mātamma* | Nog mense, nog land ken hy. |
| 92 *lubušti labiš kî Sakkan* | Sy klere lyk soos Sakkan. |
| 93 *itti ṣabītīma ikkala šammī* | Saam met die wildsbokke eet hy gras, |
| 94 *itti būlim mašqa idappir* | die vee by die drinkplek se geselskap soek hy op, |
| 95 *itti nammaššī mû iṭīb libbašu* | die wilde diere by die water maak sy hart bly. |
| 96 *ṣaiādu ḫabbilu amēlu* | 'n Jagter, 'n wreedaard van 'n man |
| 97 *ina pūt mašqi šâšu uštamḫiršu* | het hom voor die drinkplek gewaar. |
| 98 *ištēn ūme sana u šalša ina pūt mašqi* | Die eerste, die tweede en die derde dag, is hy voor die drinkplek, |
| 99 *īmuršuma ṣaiādu uštaḫriru pānušu* | Die jagter sien hom, sy gesig bevrees. |
| 100 *šu u būlišu bituššu irūma* | Hy en sy vee gaan huis toe, |
| 101 *ītadir ušḫarir iqûlma* | stom van vrees, swyg hy, |
| 102 *lummun libbašu pānušu arpu* | sy hart bekneld, sy gesig bewolk, |
| 103 *ibašši nissatu ina karšišu* | diep bekommerd in sy binneste. |
| 104 *ana alik urḫi rūquti pānušu mašlu* | Sy gesig lyk soos die van een wat met 'n ver pad gekom het. |

Dit is veral Aruru tot wie die die vroue van Uruk hul klag rig. Aruru is die ander naam vir Belet-ili, die moeder-godin (George, 1999 : 222), en Anu se metgesel (Gardner & Maier, 1984:71).Aruru is dan ook die godin wat tot aksie oorgaan en gehoor gee aan die klag (r 82): Enkidu word geskep.

Enkidu ondergaan nie 'n natuurlike geboorteproses nie. Anu, die hoofgod is wel aandadig - 'n woord van hom kry gestalte in Aruru se hart (r 83). Enkidu word dus deur Aruru na die beeld van Anu geskape, hy is die gesamentlike 'produk' van die twee hoofgode in die panteon.

Die gode is egter toonbeelde van onbetrokke ouers. Aruru was haar hande, knyp klei af en en werp dit op die steppe (r 84 & 85) om maar self te sien en kom klaar. 'n Primitiewe wese bevind homself skielik op die aarde: Enkidu, die aapmens (r 86). Hy word beskryf as 'n kind van stilte (r 87). Moontlik verwys hierdie beskrywing na sy geboorteproses wat onbetrokke en in stilte geskied - 'n stuk klei wat weggegooi word en lewe kry. Die 'stilte' kan egter ook aansluit by reël 91 - Enkidu is nog nie deel van 'n sosiale sisteem waar hy met ander mense deur middel van woorde en taal kommunikeer nie.

Daar word niks vertel van Enkidu se grootword-proses nie. Vermoedelik is hy as jong volwasse wese geskape, want die doel van sy skepping is immers om Gilgamesh se teenstander te wees, en die tyd is min. Die mense van Uruk kry swaar onder die tirannie van die koning.

Die verteller brei vervolgens uit oor die eienskappe en kenmerke van Enkidu. Hy is 'n kryger (r 86) en 'n ledemaat of knoop van Ninurta (r 87), die god van oorlog en oorwinning. Sy voorkoms word as harig beskryf (r 88 - 90). Sy hare word vergelyk met die van 'n vrou (r 89), en ook met die graangodin Nissaba. Die vroulike in sy voorkoms laat die leser vermoed dat hierdie sterk mens-dier eintlik nog sag en vredeliewend is: hierdie vermoede word bevestig wanneer die verteller Enkidu se bestaan skets. Konvensionele klere dra hy nie, maar sy liggaamsbedekking word vergelyk met Sakkan, die god van die wild (r 92). Net soos die wilde bokke eet hy gras, saam met hulle bring hy sy tyd by die drinkplek deur, en die wilde diere se teenwoordigheid verskaf hom plesier (r 93 - 95).

Die leser kry nie 'n negatiewe indruk van Enkidu nie. Enkidu is 'n natuurkind, Jean Jacques Rousseau se edele barbaar, Emile, net 'n bietjie vroeër in tyd. Hy doen niemand kwaad nie, lewe volgens sy instinkte en in harmonie met sy omgewing. Hy is iemand wat nog mense, nog land ken (r 91): die konvensies en gebruike van die samelewing het hy nog nie aangeleer nie. Kortom: die kodes van eer en skaamte is aan hom heeltemal onbekend.

Die protagonis en die antagonis is nou bekend gestel: Gilgamesh en Enkidu. Gilgamesh die koning tiranniseer sy onderdane tot so 'n mate dat die gode op versoek van die mense ingryp en 'n teenstander skep om die heerser reg te sien. Daar is inderdaad sekere eienskappe wat hulle deel, en wat Enkidu as Gilgamesh se gelykwaardige teenstander kwalifiseer. Net soos Gilgamesh, dra Enkidu ook kenmerke van die goddelike in hom, ofskoon sy 'ouers' hom verwaarloos. Sy voorkoms is sterk en kragtig. In hierdie opsig is hy bevoeg om tot 'n stryd toe te tree, selfs 'n stryd om eer.

Andersyds is hulle egter letterlik wêrelde van mekaar verwyder. Gilgamesh bevind homself binne die mure van Uruk, Enkidu lewe daarbuite. Teenoor die koninklike lewe van Gilgamesh, lewe Enkidu soos 'n dier. Hy ken nie die binnekamers van die welige paleis nie, hy lewe wild en vry op die steppe. Hy eet nie koningskos nie, maar gras. Hy meng nie met die ryk en belangrike mense van die koninklike hof nie, maar met die diere. Sy kleredrag is nie konvensioneel nie, maar skakel in by die diere tussen wie hy leef. Gilgamesh wil heers en oorheers, Enkidu wil slegs in vrede met sy omgewing lewe. Die belangrikste eienskap wat Enkidu nodig het, ontbreek: aggressie.

Om die leser nog verder te frustreer, laat die verteller 'n jagter op die toneel verskyn (r 96), 'n man wat waarskynlik meer as een wrede en bloeddorstige gedierte in sy lewe teengekom en vankant gemaak het. Maar Enkidu is 'n perd - of gedaante - van 'n ander kleur. So-iets het die jagter nog nooit gewaar nie, en skrik hom skoon stom (r 99 & 101). Weer eens die afwesigheid van aggressie. Enkidu ken nie aggressie nie. Die jagter het egter iets teengekom wat sy veginstink in vrees omgeskakel het - miskien omdat die wese totaal vreemd is - en hy vlug stil en bekommerd na sy huis (r 100 vv).

Wat nou? Gaan alles misluk? As Enkidu bly voortleef tussen die diere, sal Gilgamesh beslis voortgaan met sy tirannie. Hoe op aarde - en wie op aarde - gaan dit aan Enkidu se verstand bring dat sy doel op aarde eintlik is om die despotiese koning reg te sien?

Sê nou maar die jagter kry dit in sy kop om saam met 'n paar ander makkers die 'vreemde wese' dood te maak? Enkidu wis immers van geen sout of water nie.

Wie gaan hom sê?

(b) Sy inisiasie

Die res van Tablet I handel hoofsaaklik oor Enkidu. Hierdie skripsie fokus op eer en skaamte-momente in die ontwikkeling van Gilgamesh se persoonlikheid, maar ter wille van die deurlopende vloei van die verhaal, gaan die belangrikste gebeure uitgelig en oorsigtelik bespreek word.

| | |
|---|---|
| 105 *ṣaiādu pâšu īpušma iqabbi izakkara ana abišu* | Die jagter maak sy mond oop, en sê vir sy pa. |

Die verskrikte jagter kry uiteindelik sy stem terug en verwoord sy ervaringe aan sy pa. Hy het 'n vreesaanjaende wese gewaar, bonatuurlik sterk, en hy doen die volgende:

| | |
|---|---|
| 109 *ittanallak ina eli šadî kaiāna* | "Hy loop die hele tyd rond op die berge, |
| 110 *kaiānamma itti būlim šammi ikkal* | die hele tyd eet hy gras saam met die diere, |
| 111 *kaiānamma šēpūšu ina pūt mašqi išakkan* | die hele tyd is hy met sy voete in die drinkplek, |
| 112 *palḫākuma ul aṭeḫa ana šâšu* | en ek is te bang om naby hom te kom. |
| 113 *umtalli būrī ša uḫarru anāku* | Hy vul die putte op wat ek grawe, |
| 114 *uttassiḫ nuballīa ša ušparriru* | hy trek die strikke uit wat ek stel, |
| 115 *uštēli qātīa būlam nammaššâ ša ṣēri* | hy hou my weg van die vee, die wilde diere van die steppe |
| 116 *ul inamdinanni ana epeš ṣēri* | en hy laat my nie toe om aktief te wees op die steppe nie." |

Sy pa raai hom aan om so gou moontlik na Uruk te gaan, sy probleem aan die koning te stel en oor 'n moontlike oplossing te onderhandel. Die jagter laat nie op hom wag nie. Hy herhaal woordeliks aan Gilgamesh wat hy aan sy pa oorgedra het: reëls 136 - 143 herhaal reëls 109 - 116. En Gilgamesh gee dieselfde advies as wat die jagter se pa in reëls 123 - 128 gegee het (r 124 uitgesluit):

| | |
|---|---|
| 144 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana ṣaiādi* | Gilgamesh sê vir die jagter: |
| 145 *alik ṣaiādi ittika sinništu ḫarimtu sinništu Šamḫat urûm* | "Gaan jagter, die prostituut Shamhat sal saam met jou gaan. |

| | |
|---|---|
| 146 *enuma būlam isaniqu ana mašqî* | Wanneer hy na die vee toe kom by die drinkplek, |
| 147 *šî lišḫuṭ lubūšišama lipta kuzubša* | laat sy haar klere uittrek, en laat sy haar lyflikheid ontbloot. |
| 148 *immaršima iṭeḫḫa ana šâši* | Hy sal haar sien en na haar toe gaan. |
| 149 *inakkiršu būlšu ša irbu eli ṣērišu* | Sy vee, saam met wie hy op die steppe grootgeword het, sal hom verwerp. |

Nie 'n bende geharde manne nie, maar 'n enkele vrou moet hierdie woeste vreesaanjaende wese aandurf. Nie met 'n swaard, 'n spies en 'n skild nie, nie eens met 'n slingervel nie, maar sonder 'n enkele draad klere aan haar lyf, moet sy hom inwag.

Wie is hierdie besondere vrou?

Shamhat, die prostituut.

In Akkadies verwys *"šamḫat"* sowel as *"ḫarimtu"* na 'n prostituut. Daar kan met geen sekerheid gesê word dat Shamhat wel 'n eienaam is nie - vertalers wissel in die toepassing daarvan. Sommige soos Jackson (1992 : xxxiv), Dalley (1992 : 54 vv) en George (1999 : 6 vv) gebruik Shamhat wel as eienaam. Ander soos Maier (Gardner & Maier, 1984 : 91 vv) verwys na haar as 'n 'love priestess', terwyl Pritchard (1975 : 43 vv) bloot van 'harlot', of 'harlot lass' praat. Hierdie skripsie beskou haar egter as 'n baie spesifieke persoon met 'n baie spesifieke taak, en ken daarom aan haar 'n spesifieke naam toe: Shamhat.

Shamhat is nie sommer 'n prostituut gelykstaande aan 'n straatvrou nie: sy is heel waarskynlik 'n tempelprostituut in die tempel van Ishtar in Uruk. Tempelprostitute was priesteresse van liefde en sensualiteit - hulle het die misterieë van seks gevier by die tempels van Inanna/Ishtar in ou Sumerië (Sandberg, s.j. : 1). Seibert (1974 : 36) beskryf hul taak as "the mystic veneration of the process of begetting as a divine act." Daar was verskillende rangordes onder die tempelpriesteresse, en alhoewel die prostitute die priesteresse met 'n laer rang was, is die dienste wat hulle gelewer het, nie as skandelik gereken nie (Seibert, 1974 : 37). Die sosiale posisie van die tempelprostituut as verteenwoordiger van, en haar dienslewering aan die fertiliteitskultus, is inderdaad deur die samelewing gerespekteer. Verder het tempelprostitute waarskynlik ook oor 'n mate van geleerdheid beskik : hulle moes rituele danse kon uitvoer,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

himnes ter ere van die gode sing, en het miskien selfs 'n paar daarvan komponeer. Buitendien, daar was nog altyd 'n noue band tussen tempels en opvoeding: tempels was die sentra vanwaar kennis en kultuur versprei het (Seibert, 1974 : 38).

Die taak van Shamhat die tempelprostituut, is om van Enkidu, die diermens - op hierdie stadium meer dier as mens - mens te maak. Sy moet al haar vaardighede inspan om hom te laat vergeet van die lewe wat hy tot dusver gelei het. Shamhat moet met ander woorde vir Enkidu opvoed en vir hom maniere leer. Sy gaan nou saam met die jagter. Vir twee dae lank sit hulle in hul skuilplek by die drinkwater en wag dat Enkidu sy verskyning maak.

Dan kom hy. Hy eet en drink saam met die wilde diere totdat hy genoeg het. Haastig gee die jagter vir Shamhat instruksies oor wat sy moet doen. Hyself verdwyn van die toneel en ook heeltemal uit die res van die storie: vermoedelik het hy nou genoeg gehad en die hasepad gekies. Shamhat, veel brawer as die vreesbevange jagter, wag vir Enkidu in. Anders as hy, slaan sy nie op die vlug nie, maar doen wat aan haar opgedra is.

| | |
|---|---|
| 171 *urtammi Šamḫat dīdāša* | Shamhat maak haar onderklere los, |
| 172 *ūrša iptema kuzubša ilqi* | sy wys haar vulva, hy vat haar lyflikheid. |
| 173 *ul išḫuṭ iltiqi nappissu* | Sy is nie bang nie, sy slaan sy asem weg. |
| 174 *lubūsiša umaṣṣima elīša iṣlal* | Sy sprei haar klere uit, en hy slaap by haar: |
| 175 *ipussuma lullâ šipir sinnište* | vir hom, die primitiewe man, gee sy uitvoering aan die kuns van 'n vrou. |
| 176 *dādušu iḫbubū eli ṣēriša* | Hulle gee uiting aan sy passie op haar landskap- |
| 177 *6 urrī 7 mūšī Enkidu tebima Šamḫat irḫi* | ses dae en sewe nagte staan Enkidu regop en stort hy homself in Shamhat. |
| 178 *ultu išbu lalāša* | Toe hy genoeg het van haar plesier, |
| 179 *pānišu ištakan ana ṣēri būlišu* | wil hy teruggaan na die steppe van sy diere. |
| 180 *īmurašūma Enkidu irappūda ṣabītū* | Die bokke sien Enkidu en hardloop weg, |
| 181 *būl ṣēri ittesi ina zumurišu* | die diere van die steppe bly ver weg van sy liggaam. |
| 182 *ultaḫḫiṭ Enkidu ullula pagaršu* | Enkidu was gestroop, skoon was sy liggaam. |
| 183 *ittazizza birkašu ša illika bulšu* | Sy knieë wat geloop het, staan stil, |
| 184 *umtaṭṭu Enkidu ul kî pāni lasânšu* | Enkidu het verswak, hy kon nie hardloop soos vantevore nie - |
| 185 *u šu išīḫma rapaš ḫasīsa* | maar sy begrip het toegeneem. |

| | |
|---|---|
| 186 *itūra ramu ittašab ina šapal sinništu ḫarimti* | Hy keer terug, en sit aan die voete van die prostituut. |

Dit blyk dat Shamhat iemand is wat gerespekteer kan word. Sy doen wat aan haar opgedra word sonder om daarvoor terug te deins. En dit lyk nie asof sy enige groot beloning kry of selfs enige persoonlike plesier daaruit put nie. Reëls 171 - 177 beskryf hoedat Shamhat volledig op Enkidu ingestel is, en alles wat sy doen, op hom rig. Hy is die primitiewe man (r 175) wat op sy instinkte reageer, sy is die een met verstand, wat haar vaardighede kunstig en verfynd aanwend - en met ‘n doel voor oë.

Enkidu kan nog nie nadink oor die gevolge van sy dade nie. Nadat hy homself bevredig het, wil hy terugkeer na sy ou lewe (r 178), maar iets het verander. Hy het verander. Enkidu het ‘n mens geword. Die diere, sy eertydse vriende, kom dit eerste agter en hardloop weg van hom (r 180 & 181). Enkidu se liggaam is skoon, (r 182), en alhoewel hy verswak het en sy kragte afgeneem het (r 183 & 184), is hy soos alle mense ‘n potensiële gevaar.

Enkidu het sy dierlike eienskappe verloor, maar iets mensliks bygekry: begrip. Hy kom terug na Shamhat, en sit aan haar voete (r 186), gereed om te leer wat dit beteken om mens te wees.

Die eerste deel van Shamhat se taak - daar kan selfs sprake wees van ‘n goddelike taak - het sy suksesvol voltooi, naamlik om van Enkidu ‘n mens te maak. Nou volg die res: sy moet hom inwy in die kodes van die samelewing sodat hy goed toegerus na Uruk, en na Gilgamesh toe kan gaan. Vir Enkidu het dit aanvanklik slegs om wellus en seks gegaan, maar nie vir Shamhat nie. Sy het ‘n belangrike opvoedingstaak om uit te voer. Terwyl hy aan haar voete sit, lig sy hom in oor sy uiteindelike bestemming in die lewe.

| | |
|---|---|
| 192 *alka luruka ina libbi Uruk supūri* | “Kom! Laat ek jou neem van die hart van veilige Uruk, |
| 193 *ana bīti ellim mūšab Anu u Ištar* | na die heilige huis, die woonplek van Anu en Ishtar, |
| 194 *ašar Gilgameš gitmālu emūqi* | die plek van Gilgamesh, perfek, kragtig, |
| 195 *u kî rīmi ugdaššaru eli niši* | soos ‘n wildebul is hy sterker as die mense.” |

Enkidu gryp haar uitnodiging aan.

| | |
|---|---|
| 199 *alki Šamḫatta qerenni iāši* | “Kom Shamhat! Roep my! |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 200 *ana bīti ellim quddušī mūšab Anu Ištar* | Na die heilige, gewyde huis, blyplek van Anu en Ishtar, |
| 201 *ašar Gilgameš gitmāl emūqi* | die plek van Gilgamesh, perfek, kragtig, |
| 202 *u kî rīmi ugdaššaru eli nišī* | soos 'n wildebul is hy sterker as die mense." |

Daar kom egter 'n stertjie by.

| | |
|---|---|
| 203 *anāku lugrišumma danniš luqabbi* | "Laat ek hom uitdaag en laat ek selfvoldaan sê, |
| 204 *luṣarriḫ ina libbi Uruk anākumi dannu* | laat ek in die hart van Uruk uitroep: Ek, ek is die sterke! |
| 205 *lurumma šīmatu unakkar* | Laat ek ingaan - ek sal die noodlot verander! |
| 206 *ša ina ṣēri i'aldu dana imūqi īšu* | Hy wat op die steppe gebore is, hy het die sterkste krag!" |

Alhoewel Enkidu vir Gilgamesh nog nie met 'n oog gesien het nie, reageer hy instinktief. 'n Groot sterk man? Sterker as al die mense? Sterker as hy, Enkidu? Nooit! Hierdie toedrag van sake sal verander word.

Shamhat daarenteen reageer met groot wysheid en insig op Enkidu se voortvarenheid. As intelligente en ingeligte vrou, as priesteres in diens van die gode, weet sy meer as die gewone mens, en is dit ook haar plig om Enkidu daarteen te waarsku voordat hy blindelings instorm om te maak en breek. Sy sê vir hom:

| | |
|---|---|
| 216 *Enkidu ša ḫadû balāṭa* | Enkidu wat tot die lewe toegang verkry het, |
| 217 *lukallimka Gilgameš ḫādi'ūa amēlu* | laat ek jou Gilgamesh wys - 'n man van wisselvallige emosies: |
| 218 *amur šâšu uṭul pānišu* | kyk na hom, neem sy gesig waar. |
| 219 *eṭlūta banî balta īši* | 'n Pragtige man - waardigheid het hy, |
| 220 *zu'una kuzba kalu zumrišu* | sy hele liggaam is begeerlik, |
| 221 *danna emūqašu elika īši* | hy het meer krag en mag as jy. |
| 222 *lā ṣālilu ša urra u mūšī* | Hy slaap nie dag of nag nie. |
| 223 *Enkidu nukkira šeretka* | Enkidu, moenie verkeerd doen nie! |
| 224 *Gilgameš Šamaš irâmšuma* | Shamash het vir Gilgamesh lief, |
| 225 *Anu Enlil u Ea urappišu uzunšu* | Anu, Enlil en Ea het hom begrip geskenk. |
| 226 *lām tallika ulta šadīmma* | Voordat jy van die berge afgekom het, |

| | |
|---|---|
| 227 *Gilgameš ina libbu Uruk inaṭṭala šunateka* | het Gilgamesh in die hart van Uruk 'n droom van jou gesien |
| 228 *itbima Gilgameš šunat pašar zakra ummišu* | Gilgamesh het opgestaan en sy ma geroep om die droom uit te lê. |

Shamhat die tempelprostituut beskryf Gilgamesh met insig wat hyself op hierdie stadium nie het nie. Inderdaad versiende is sy. Sy neem hom waar as 'n *ḫadī'ūa amēlu* (r 217): 'n man van wisselvallige emosies. Von Soden (1965 : 307) gee dit aan as "unbestandig gestimmter - Freude-Wehe-Mann. Ook CAD (1956 : 24) beaam "a person quickly changing moods", en Maier (Gardner & Maier, 1984 : 81) se vertaling lui: "...the joy-woe man". Gilgamesh is dus alles behalwe 'n bestendige, betroubare, flegmatiese persoonlikheid.

Die woord *baltu (*r 219) oftewel *bāštu* lewer meer probleme op. Parpola self (1997 : 122) gee die vertaling aan as "pride, shame", en Von Soden (1965 : 122) noem dit "Scham, Lebenskraft". Ook die Deutsch Akkadisches Wörterbuch (1998 : 234 & 321) vertaal "Scham" sowel as "Lebenskraft" met *bāštu.* CAD (vol II, 1965 : 142) volstaan egter met "dignity" - waardigheid. Dit wil dus lyk asof daar 'n mate van sensitiwiteit vir die kodes van die samelewing in die woord *bāštu* opgesluit lê.

Die Gilgamesh wat Shamhat aan Enkidu voorstel, is die ideale beeld - op hierdie stadium is dit wat die mense van Uruk betref, alles behalwe die werklikheid. Maar wie is hierdie Gilgamesh dan? Die wrede tiran van 'n koning? 'n Adolessent wat bloot deur sy storm-en-drang-jare gaan en ongelukkig meer mag gekry het as wat hy kan hanteer? 'n Man, diep onseker in sy binneste maar wat dit agter 'n masker van arrogansie verberg? Wie is hy?

Die gode het hom lief, sê Shamhat (r 224 & 225), Enkidu sal verkeerd doen om onnadenkend op te tree (r 223). Nog voordat hy "mens" geword het, het Gilgamesh van hom gedroom (r 227). Hy het opgestaan en sy ma gaan roep om die droom uit te lê (r 228) - soos 'n klein onseker seuntjie. Wie is Gilgamesh regtig?

Shamhat verhaal Gilgamesh se twee drome aan Enkidu. Dit is lang gedeeltes wat kolom iv en kolom v van Tablet I beslaan: slegs die inhoud daarvan word kortliks weergegee.

In Gilgamesh se eerste droom is daar baie sterre in die lug. Skielik val iets soos 'n *kisru Anu* - 'n ledemaat van Anu - op hom. (In reël 87 word Enkidu as 'n *kiṣru Ninurta* beskryf.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gilgamesh probeer dit oplig of omdraai, maar dis te swaar vir hom, en hy kan niks uitrig nie. Die mense drom saam rondom die 'voorwerp' en soen die voete daarvan. Gilgamesh self kry dit lief soos 'n vrou. Nou kan hy dit oplig. Hy sit dit neer aan die voete van sy ma en sy behandel dit net soos wat sy vir hom, Gilgamesh behandel.

Ninsun, Gilgamesh se ma lê die droom soos volg uit:

| | |
|---|---|
| 250 *illakakumma dannu tappû mušezib ibri* | "'n Sterk kameraad wat 'n vriend kan red, sal na jou toe kom. |
| 251 *ina mâti dan emūqi īšu* | In die land het hy baie krag, |
| 252 *kīma kiṣri ša Anu dunnuna emūqašu* | groot krag, soos 'n ledemaat van Anu. |
| 253 *tarâmšuma kī aššati elišu taḫbubu* | Jy sal hom liefhê soos 'n vrou: met hom sal jy geheime deel. |
| 254 *xxx uštenezibka kāša* | Hy sal jou altyd veilig bewaar. |
| 255 *damqat šuqurat šunatka* | Jou droom is gunstig." |

Gilgamesh se tweede droom is feitlik net soos die eerste, behalwe dat dit hierdie keer 'n byl (*ḫaṣṣinnu*) is wat in die strate van Uruk gegooi word. Die mense van Uruk drom saam rondom die byl. Gilgamesh tel dit op, lê dit neer aan die voete van sy ma en kry dit lief soos 'n vrou. Weer eens lê Ninsun die droom uit: Gilgamesh gaan 'n sterk en betroubare vriend kry, en sy gaan hulle gelykwaardig behandel.

| | |
|---|---|
| 267 *māru ḫaṣṣinu ša tāmuru amēlu* | "Seun, die byl wat jy gesien het, is 'n man. |
| 268 *tarâmšuma kī aššate taḫabbub elišu* | Jy sal hom soos 'n vrou liefhê, met hom sal jy geheime deel, |
| 269 *u anāku ultamaḫḫaršu ittika* | En ek sal hom gelyk aan jou laat wees." |

Gilgamesh aanvaar sy ma se woorde.

| | |
|---|---|
| 273 *Gilgameš šâšima izakkar ana ummiša* | Gilgamesh sê vir sy ma: |
| 274 *xxx ina pû Enlil māliki rabî limqutamma* | "Volgens Enlil, die groot raadgewer, laat dit gebeur: |
| 275 *ibri māliku anāku lurši* | Laat ek 'n vriend kry om my raad te gee." |

Die verhoog is nou gereed. Daar is 'n koning met baie potensiaal, maar as sy energie nie in die regte rigting gekanaliseer word nie, gaan 'n groot tragedie plaasvind. 'n Baie sterk teenstander

verskyn op die toneel, die enigste wat die koning moontlik kan teengaan, maar as hy onoordeelkundig te werk gaan, gaan daar ook 'n groot tragedie plaasvind.

Die twee weet van mekaar.

Hoe gaan die konfrontasie verloop?

Is Ninsun se droomuitleg betroubaar?

Met hierdie vrae in die agterkop, gaan die leser nou na Tablet II.

## C. KOMPETISIE : DIE KONING SE EER WORD UITGEDAAG

Tablet II begin met 'n herhaling van Shamhat en Enkidu se weeklange passie, en Shamhat se uitnodiging aan hom om saam met haar Uruk toe te gaan. Enkidu is egter nog nie gereed vir die gejaagde stadslewe nie, en Shamhat weet dit. In haar wysheid besluit sy dat hulle eers 'n rukkie by 'n groep herders in hul kraal moet vertoef. Enkidu word dus sistematies in die beskawing ingewy. Vanaf sy hand-tot-mond-bestaan maak hy eers 'n oorgang na die nomadiese lewe van die veeboer voordat hy aan die metropolis blootgestel word. So word Enkidu stap vir stap geleer wat dit beteken om mens te wees.

| | |
|---|---|
| 28 *ṣabtassuma kīma ilu ireddišu* | Soos 'n god neem sy hom en lei hom |
| 29 *ana gupri ša rē'û ašar tarbaṣi* | na die skaapwagtershut, waar die binnehof is. |
| 30 *rē'ûtu puḫḫurat elišu* | Die herders drom saam rondom hom |
| 31 *ina ṭēmišunuma ina ramānišuma* | om onder mekaar te praat: |
| 32 *eṭlu ana Gilgameš kî mašil lānu* | "Hier's 'n man met 'n liggaam net soos Gilgamesh s'n - |
| 33 *lānu šīḫi naburriš šarḫu* | lank, slaggereed. |
| 34 *mindēma alid ina šadî* | Miskien is hy in die berge gebore, |
| 35 *kīma kiṣir ša Anu dunnuna emūqašu* | sy krag is so groot soos 'n ledemaat van Anu. |

Die eerste mense wat Enkidu teenkom, die herders, herken in hom 'n gelyke vir Gilgamesh (r 32). Nou is dit moontlik dat 'n stryd om eer tussen twee gelykes kan plaasvind (vgl 2.2.2.2). Enkidu moet nog net in Uruk aankom.

Maar eers hou die herders 'n verwelkomingspartytjie. Enkidu het egter 'n probleem:

| | |
|---|---|
| 36 *akālu iškunū maḫaršu* | Hulle sit kos voor hom neer, |
| 37 *šikāri iškunū maḫaršu* | hulle sit bier voor hom neer. |
| 38 *ul īkul akul Enkidu ipteq idaggal* | Enkidu eet nie die kos nie - hy staar benoud: |
| 39 *ul īdi Enkidu akal akāla* | Enkidu ken nie kos om te eet nie, |
| 40 *šikāra šata ul īdi* | hy ken nie bier om te drink nie. |

Shamhat hervat haar opvoedingstaak.

| | |
|---|---|
| 41 *sinništu ḫarimtu ana šâšuma izakkar ana Enkidu* | Die prostituut sê vir Enkidu: |
| 42 *akul akla Enkidu simat ilūte* | "Eet die kos, Enkidu, dit behoort aan die gode, |
| 43 *kurunna šiti simat šarrūte* | dadelwyn is die drank van konings." |

Dit is toe glad nie te sleg nie!

| | |
|---|---|
| 44 *īkul akla Enkidu adi sebīšu* | Enkidu eet sewe maal van die kos, |
| 45 *šikāri ištu sebû asammi* | hy drink sewe bekers bier. |
| 46 *ittapšar kabtassu inangu* | Sy bui kom los, en hy begin luidrugtig sing. |
| 47 *ultappit mê šu''ura pagaršu* | Water kom in aanraking met sy harige liggaam; |
| 48 *šamnu iptašašma amēliš īme* | olie salf hom, en hy verander in 'n mens. |
| 49 *īliṣ libbašuma pānušu ittamru* | Sy hart is bly, sy gesig helder. |

En hy lewer 'n diens.

| | |
|---|---|
| 50 *unappiṣ barbarīma ukaššid nēsī* | Hy breek die wolf, en oorwin die leeus. |
| 51 *ittilūnimma nāqidū rabû* | Die sterk herders kan lê en slaap - |
| 52 *šu Enkidu nāqidusanuma amēlu êru* | Hy Enkidu, hul herder, die mens, hy is wakker. |

Voorbereide kos en drank, gekoppel aan die bestaan van gode en konings, tesame met aandag aan sy persoonlike higiëne, verander Enkidu in 'n mens. Verder is bedwelming of vergrype (intoxication) kenmerkend van die menslike situasie (Gardner & Maier, 1984 : 93). Enkidu het inderdaad die hele reeks beleef: seks, kos en drank. Hy is waarlik mens.

Nou breek Enkidu finaal met sy vorige lewe. Vir die rukkie wat hy nog by die herders vertoef, tree hy op as hul beskermer (r 50 - 53). Die roofdiere wat hulle en hul kudde bedreig, maak hy vankant. Hulle kan rustig lê en slaap: Enkidu, die wakker mens is hul herder.

Dan word die tyd ryp om na Uruk toe te gaan.

Daar gekom, is daar 'n beroering. Enkidu en Shamhat keer 'n jong man voor en vra hom waaroor dit gaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 64 *eṭlu pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Enkidu* | Die jongman sê vir Enkidu: |
| 65 *bītiš emūti iqrunīni* | "Die huis van die huwelik nooi ons uit. |
| 66 *šīmat nišī ḫār kallati* | Dit is die lot van die mense om die bruid te kies. |
| 67 *ana paššuru sakkê eṣen uklat bīt emu ṣaiati* | Uit die skoonpa se huis ruik die dis vir die tafelseremonie heerlik. |
| 68 *ana šarru ša Uruk supūri peti pūg nišī* | vir die koning van Uruk is oop wat vir die mense gesluit is - |
| 69 *ana Gilgameš šarru Uruk supūri peti pūg nišī* | vir Gilgamesh, die koning van Uruk, is oop wat vir die mense gesluit is. |
| 70 *ana ḫā'iri aššat šīmti iraḫḫi* | Vir die man van die bruid is dit die lot dat hy ingaan - |
| 71 *šu pānānumma mutum arkanu* | hy eerste, die eggenoot later. |
| 72 *ina milki ša ilū qabima* | So is dit bepaal volgens die raad van die gode. |
| 73 *ina bitiq abunnatišu šīmaššu* | Toe sy naelstring geknip is, was dit sy lot". |
| 74 *ana zikri eṭli iriqu pānušu* | Op die woorde van die jongman, word sy gesig groen. |

Die jongman vertel vir Enkidu dat daar 'n huwelikseremonie gaan plaasvind (r 65 - 67). Maar die koning van die stad, Gilgamesh, gaan huweliksregte opeis voordat die wettige eggenoot dit kan doen (r 69 -71). Hy ag dit nodig om 'n verduideliking vir hierdie gebruik by te voeg: die gode het dit so bepaal, reeds toe Gilgamesh gebore is (r 72 & 73).

Dit lyk asof hier duidelike sprake van eerskending is: dit was nie die algemene praktyk dat die koning van die stad met die bruid gemeenskap het, voordat die eggenoot die voorreg het nie. George (1999 : 12) beskryf dit wat hier gebeur as die "droit de seigneur" , Maier (Gardner & Maier, 1984 : 96) noem dit "jus primae noctis". Die verduideliking van die jongman - dat die gode dit so bepaal het - hou moontlik, volgens Maier, verband met die Heilige Huweliksrite waarby Gilgamesh nie slegs as koning nie, maar ook as *en* (hoëpriester) van die stad optree. Gegee Enkidu se reaksie in reël 74 - sy gesig word groen - is Maier se interpretasie nie aanvaarbaar nie. Die Heilige Huwelik en ook die fertiliteit vir die land wat daarmee saamgehang het, was vir die mense uiters belangrik. Shamhat as tempelprostituut en vertroud met die fertiliteitsrites, sou seker gemaak het dat Enkidu daarvan weet, en dat die gebeure by hom 'n gunstige reaksie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uitlok. Maar Enkidu se woede staan op sy gesig geskryf (r 74, vgl. ook 2.2.2.4): hy word groen. Die rede wat vir Gilgamesh se optrede aangegee word, klink eerder meer na 'n flou verskoning van die koning se kant! En dit maak Enkidu woedend kwaad.

Uiteindelik. Dit waarop die leser die hele tyd wag: aggressie. Daar het iets gebeur wat die tot dusver vredeliewende Enkidu so kwaad gemaak het dat hy tot aksie oorgaan. Boonop is sy aggressie teen Gilgamesh gerig - dit waarop die mense van Uruk die hele tyd wag.

En Enkidu tree daadwerklik op:

| | |
|---|---|
| 77 *illak Enkidu ina pāni u sinništu Šamḫat arkišu* | Enkidu gaan voor en Shamhat agter hom aan. |
| 78 *īrubma ina libbu Uruk supūri* | Hy gaan tot in die hart van veilige Uruk. |
| 79 *ipḫur ummannu ina ṣērišu* | Die massa drom saam op die plein. |
| 80 *izzizamma ina sūqi ša Uruk supūri* | Hy staan in die straat van Uruk - |
| 81 *xxx ibēš dannutima* | hy veroorsaak 'n sterk versperring, |
| 82 *iptarras alakta ša Gilgameš* | hy blokkeer die pad van Gilgamesh! |
| 83 *Uruk mātu izzaz elišu* | Die mense van Uruk staan rondom hom, |
| 84 *mātu puḫḫurat ina muḫḫišu* | die mense drom saam rondom hom, |
| 85 *idappir ummanni eli ṣērišu* | die massa soek die geselskap op van die een van die steppe, |
| 86 *eṭlū uktammarū elišu* | die jongmans koek saam rondom hom - |
| 87 *kî šerrī la'î unaššaqū šēpūšu* | soos jong kinders soen hulle sy voete: |
| 88 *ullânumma eṭlu bani lānšu* | "Daar is 'n man met 'n mooi figuur! |
| 89 *ana Ištar maiāl mušiti nadima* | Vir Ishtar is die bed van die nag gereed! |
| 90 *ana Gilgameš kīma ili šakiššu miḫru* | Vir Gilgamesh wat soos 'n god is, het daar 'n gelyke gekom!" |
| 91 *Enkidu ina bābi bīti emūti ipterik šēpušu* | Enkidu versper die deur van die huwelikshuis met sy voet. |
| 92 *Gilgameš ana šūrubi ul inamdin* | Gilgamesh word nie toegelaat om in te gaan nie. |
| 93 *iṣṣabtūma ina bābi bīti muti* | Hulle gryp mekaar in die deur van die bruidegom se huis, |
| 94 *ina sūqu ittegrū ikbit mātu* | in die straat baklei hulle - ernstig is die mense. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 95 *sippi īrubū igāra itūš* | Hulle gaan by die deur in - die muur skud. |
| 96 *Gilgameš u Enkidu iṣṣabtūma kīma lê iludū* | Gilgamesh en Enkidu gryp mekaar soos jong bulle... |
| 97 *ikmisma Gilgameš ina qaqqari šēpušu* | Gilgamesh kniel, sy voet op die grond. |
| 98 *ipšiḫ uzzašuma inūḫ irassu* | Sy woede bedaar, sy bors rus. |
| 99 *ištu irassu inūḫu* | Toe sy bors tot rus kom, |
| 100 *Enkidu ana šâšuma izakkar ana Gilgameš* | sê Enkidu vir Gilgamesh: |
| 101 *kīma ištīnma ummuka ulidka* | "As die eerste het jou ma jou gebaar, |
| 102 *rīmtum ša supūri Ninsun* | die wildekoei van die skaapkraal, Ninsun. |
| 103 *ullu eli mutī rēška* | Jou kop staan uit bo die mans, |
| 104 *šarruta ša nišī īšimka Enlil* | Enlil maak jou koning van die mense!" |

'n Uitdaging tot 'n eerstryd moet tussen gelykes en in die openbaar plaasvind sodat die mense kan besluit wie die wenner en wie die verloorder is (vgl. 2.2.2.2). Reël 77 - 104 is 'n skitterende beskrywing van so 'n stryd. Enkidu is reeds deur die herders as Gilgamesh se gelyke geïdentifiseer (r 32). Nou gaan Enkidu en Shamhat tot in die sentrum van die stad (r 78), daar waar al die aksie plaasvind. Dit is waar die mense saamdrom (r 79), en dit is waar Enkidu amok maak: hy kom in die pad van die koning (r 80 - 82). Die mense is daar - hulle drom saam rondom Enkidu (r 83 - 86) en 'n deel van Ninsun se droomuitleg word waar: hulle soen sy voete (r 87), en bewys daardeur aan hom eer (vgl. 2.2.2.4). Ook hierdie mense herken in Enkidu 'n teenstander vir Gilgamesh (r 90), een wat selfs sy bevoorregte posisie van hom kan wegneem (r 89; vgl. ook 2.2.2.1).

Gilgamesh en Enkidu raak handgemeen by die huis van die bruidegom: Enkidu keer Gilgamesh om in te gaan en sy plesier by die bruid te kry (r 91 - 96). Die feit dat hierdie stryd in die openbaar plaasvind terwyl die mense met groot erns toekyk, is uiters belangrik (r 94). Hierdie mense se simpatie lê reeds by Enkidu, hy is die verhoring op hul gebede. Maar die uitslag sal eers finaal wees na afloop van die bakleiery.

Wanneer Gilgamesh en Enkidu mekaar gryp, is die liggaamlike aanraking negatief, daarop gerig om mekaar se eer te skend (vgl 2.2.2.4). Dis 'n skouspelagtige geveg wat die indruk skep dat dit nie twee mense is wat baklei nie, maar bulle (r 96) wat so woes tekere gaan dat die mure skud (r 95).

Die meeste vertalings laat Gilgamesh wen - Jacobsen (1976 : 199) is 'n uitsondering. Maar Gilgamesh is die een wat kniel - die houding van die vernederde (vgl. 2.2.2.4) - met sy voet op die grond (r 97). Enkidu was die een wat kwaad was (r 74) en wie se woede tot bedaring kom (r 98). Wanneer sy woede bedaar, verlustig hy hom egter nie in sy oorwinning nie: hy tree uiters grootmoedig op en spaar Gilgamesh 'n vernedering met sy woorde van bewondering en respek (r 101 - 104). Hy meld Gilgamesh se eerbare afkoms (r 101) en die feit dat 'n god, Enlil, hom aangestel het om koning van die mense te wees (r 104), albei vorme van toegeskrewe eer (vgl. 2.2.2.1). Verder sien hy ook raak dat Gilgamesh se kop uitstaan bo die mans s'n (r 103; vgl. ook 2.2.2.4 ). Alles dui vir Enkidu daarop dat Gilgamesh tog 'n eerbare man is. As die oorwinnaar het hy nou die mag om Gilgamesh se eer van hom af weg te neem (vgl 2.2.2.1), maar hy doen dit nie: hy herstel die koning in sy eer. Die primitiewe mens van die steppe toon dat hy integriteit het, dat hy wysheid het, en dat hy 'n waardigheid bekom het wat die verworde stadsmens maar net kan beskaam. Miskien het dit met die knap onderrig van sy intelligente onderwyseres Shamhat te doen.

Dit is die eerste klimaks van die verhaal. Alles het opgebou tot hierdie moment. Almal het gewag vir die konfrontasie tussen Gilgamesh en Enkidu. Die teks wat volg is uiters gebroke - selfs Parpola se weergawe is te fragmentaries vir 'n deurlopende vertaling. Reël 113 is egter voldoende om 'n belangrike afleiding te maak:

*ittašqūma īpušū ru'ūtu* Hulle soen mekaar en vorm 'n vriendskap.

Die volgende gedeelte van Ninsun se droom word waar: Gilgamesh kry 'n vriend. Hulle raak mekaar weer eens liggaamlik aan (vgl. 2.2.2.4) - met 'n soen - maar hierdie keer is die aanraking positief. Met hierdie aanraking word 'n hegte vriendskap gesluit.

Binne die hegte vriendskap word eer gedeel. Volgens Ninsun se droom is hulle in alle aspekte gelykes - omdat hulle mekaar egter so liefhet, probeer die een nie die ander se eer uitdaag nie, maar sien dit ook as sy eie. Op 'n baie klein en intieme skaal kan dit selfs as kollektiewe eer gereken word. In die groter prentjie is die kollektiewe eer van die mense van Uruk herstel (vgl. 2.3): Gilgamesh is nie meer 'n verleentheid vir sy mense nie, maar sy energie word op 'n positiewe wyse in die rigting van sy nuwe vriend gekanaliseer.

So eindig hierdie episode positief. Die groot tragedie is gekeer. Gilgamesh het 'n les geleer. Die mense kan nou weer voortgaan met hul alledaagse lewe, en het 'n koning waarop hulle trots kan wees. Boonop het die koning 'n eerbare vriend gekry om hom in toom te hou, sou hy weer daaraan dink om homself te buite te gaan.

Oënskynlik lyk dit asof alle probleme nou opgelos is. Nou kan almal mos altyd en vir ewig gelukkig wees.

Maar is so-iets moontlik?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## D. EER GESOEK: HUMBABA DOODSVERAGTEND TEGEMOET

Gilgamesh gaan stel sy nuwe vriend aan sy ma, Ninsun voor. Tablet II vervolg met Ninsun se opmerkings oor Enkidu:

| | |
|---|---|
| 145 *ul īsi Enkidu abu u ummu* | Enkidu het nie 'n pa of ma nie, |
| 146 *uššurtum pēretu za-xxx* | los hare ... |
| 147 *ina ṣēri alid mamma ul xxx* | Hy is op die steppe gebore, niemand ... |

Die waarheid ruk Enkidu.

| | |
|---|---|
| 148 *izzaz Enkidu išteme amatiša* | Enkidu staan, hy hoor haar woorde. |
| 149 *uštādirma ittašab* | Hy raak bedruk, en gaan sit, |
| 150 *īnāšu imlâ dīmtū* | sy oë word vol trane, |
| 151 *aḫāšu irmâ emūqi īniš* | sy arms word slap, kragteloos. |
| 152 *iṣṣabtūma mitḫariš xxx* | Hulle gryp mekaar, |
| 153 *inedrūma zumrūšunu kî xxx* | hulle omhels mekaar, hul liggame soos ... |
| 154 *Gilgameš pâšu īpušma iqabbi* | Gilgamesh |
| 155 *ana Enkidu amat izakkar* | sê vir Enkidu: |
| 156 *ibrī ammīni īnāka imlâ dīmtū* | "Vriend, waarom is jou oë vol trane, |
| 157 *ilmun libbaka xxx tuštaniḫ* | jou hart bekommerd, en sug jy?" |
| 158 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| 159 *izakkar ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 160 *tabbātum ibrī uštālipa dādanīa* | "Vriend, my spiere is met weeklag verweef, |
| 161 *aḫīa irmâma emūqi īniš* | (want) my arms is slap, kragteloos. |
| 162 *īnāīa imlâ dīmtū* | My oë is vol trane." |

Die diadiese persoonlikheid se identiteit word sterk gekoppel aan die groep waartoe hy behoort, en hy sien homself altyd deur die oë van ander (vgl. 2.3). Wanneer Enkidu homself nou deur Ninsun se oë sien, is die werklikheid vir hom te veel om te hanteer: sy eer kan nie aan sy geboorte gekoppel word nie, en daar is ook geen sosiale groep wat hom kan help om homself te identifiseer nie. Hy is volledig op homself aangewese. Om alles te kroon, het sy sterk krag waarop hy tot dusver kon roem, hom verlaat vandat hy mens geword het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkidu is nie veronderstel om sy diepste emosies te laat blyk nie - veral nie persoonlike depressie nie (vgl. 2.3). Binne die intieme band wat daar tussen Gilgamesh en Enkidu bestaan, word hierdie sanksie egter opgehef. Enkidu toon sy hartseer openlik: sy oë en hart reflekteer sy emosiebelaaide denke (vgl. 2.2.2.4) en Gilgamesh sien dit raak (r 155 & 156). Die rede vir sy hartseer koppel hy aan die liggaamsdele wat met doelgerigte aksie verband hou (vgl. 2.2.2.4 ) - sy arms is kragteloos. Enkidu ervaar 'n groot doelloosheid in sy lewe: wat 'n skande om nêrens te behoort nie, en boonop beteken hy niks! Dis genoeg om van te huil.

Maar Gilgamesh het 'n plan.

| | |
|---|---|
| 163 *itbima Gilgameš izakkara ana Enkidu* | Gilgamesh staan op, en hy sê vir Enkidu: |
| 164 *ašib ina qišti Ḫumbaba dāpinu* | "In die bos woon Humbaba, die veglustige. |
| 165 *i niṣbat ḫarrāna ṣēriššu nillik* | Kom ons vat die pad en ons gaan na sy gebied!" |

Dis die oplossing. Niks kan beter wees as 'n nuwe avontuur nie, verkieslik een wat groot gevaar inhou en baie moed en dapperheid verg. Dit sal Enkidu se aandag van sy ellende aflei - en as hulle met lewe van die ekspedisie afkom, sal albei nog meer eer kry. Daar is net een manier om skande uit te kanselleer, en dis met eer.

Maar wie is Humbaba?

| | |
|---|---|
| 168 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| 169 *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 170 *īdima ibrī ina māti enūma attallaku itti būlim* | "Vriend, ek weet - toe ek in die land saam met die diere rondgeloop het... |
| 171 *ana ištēn šūši bēru rimmat qištu* | Sestig myl ver rommel die bos |
| 172 *mannu ša urradu ana libbiša* | vir die een wat afgaan na die middel daarvan. |
| 173 *Ḫumbaba rigmašu abūbu* | Humbaba: sy stem is die Vloed |
| 174 *pîšu Girru napissu mūtu* | sy bek is Girru (die vuurgod), sy asem is dood. |
| 175 *ammīni taḫšiḫ annâ epēša* | Hoekom wil jy hierdie ding doen? |
| 176 *qabal lā maḫar šupat Ḫumbaba* | 'n Oorlog is niks teen die blyplek van Humbaba nie! |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enkidu probeer sy vriend waarsku: Gilgamesh het nog net van Humbaba gehoor, maar Enkidu het hom met sy eie oë gesien toe hy nog as primitiewe mens saam met die diere rondgeloop het. Van Gilgamesh se antwoord is slegs geïsoleerde woorde leesbaar, maar skynbaar dring hy daarop aan om sy plan deur te voer, want Enkidu hervat sy waarskuwing.

| | |
|---|---|
| 185 *kî nillak nīnu ana qišti erēni* | "As ons na die sederbos toe gaan - |
| 186 *ḫarrānu ši ul ša alaki* | die pad is nie bedoel vir gaan nie, |
| 187 *amēlu šu ul ša amari* | die mens is nie bedoel om te sien nie. |
| 188 *naṣir qištu Ḫumbaba xxx pagar* | Bewaker van die bos, dis Humbaba xxx liggaam. |
| 189 *aššu šullumu qištu erēnu* | Want - om die sederbos te beskerm, |
| 190 *ana pulḫati ša nišū išīmšu Enlil* | as verskrikking vir die mense, het Enlil hom aangestel. |
| 191 *Ḫumbaba rigmašu abūbu* | Humbaba: sy stem is die Vloed, |
| 192 *pîšu Girumma napissu mūtu* | sy bek is Girru homself, sy asem die dood. |
| 193 *išemmema ana ištēnšu bēri rimmat qišti* | Vir die eerste dubbeluur hoor 'n mens die bos rommel, |
| 194 *mannu ša urradu ana qištišu* | wie ookal afgaan na sy bos. |
| 195 *Adad Enlil xxx u šanû* | Adad, en Enlil xxx en vreemd: |
| 196 *mannu ša igerrušu ina Igigi* | wie ookal hom uitdaag onder die Igigi. |
| 197 *aššu šullum erēni* | Want om die seders te beskerm, |
| 198 *ana pulḫati ša nišī išīmšu Enlil* | as verskrikking vir die mense, het Enlil hom aangestel. |
| 199 *u arid qištišu iṣabbat lu'tu* | En die een wat afgaan na sy bos - 'n lamheid pak hom beet. |

Gilgamesh is op die punt om 'n verskriklike ding te doen: hy wil die monster wat die sederbos bewaar, doodmaak. Maier (Gardner & Maier, 1984 : 106) lees politieke, ekonomiese en historiese motiewe in die verhaal. Die sederbos waarna verwys word, is volgens 'n Hetitiese weergawe in die hedendaagse Iran. Suidelike Mesopotamië wat nie baie boomryk was nie, het hierdie gebied as baie waardevol beskou. Humbaba, die verskriklike monster is iets van 'n natuurbewaarder: niemand mag die bome kom afkap nie. Sy taak is om die sederbos teen die mense te beskerm. Gilgamesh het nog nie sentimente oor bome en oor die osoonlaag nie: as Humbaba van kant gemaak is, kan die mense vryelik soveel bome afkap soos wat hulle wil en tot hul voordeel aanwend. Die natuur is daar om deur die mens onderwerp te word, en om vir hom tot nut te wees.

Enlil is een van die drie belangrike kosmiese gode in die panteon (Prinsloo, 1999 : 61). Anu beheer die hemel, Ea die diepsee, en Enlil die aarde (Beek, MCMLX ; 138). Vir Enlil is die aarde dus van groot waarde - dit is sy trots en sy verantwoordelikheid. Hy sorg dat alles op die aarde goed gaan en mooi lyk. Om hom in sy taak te help, het hy die verskriklike monster Humbaba aangestel - om die mense van sy pragtige sederbos af weg te hou.

So goed soos hy kan, probeer Enkidu dit invryf: Humbaba is nie 'n katjie wat sonder handskoene aangepak moet word nie - trouens, hy is 'n monster wat verkieslik heeltemal met rus gelaat moet word! Hy onthou Humbaba sedert die dae toe hy nog wild saam met die diere rondgeswerf het (r 170). Nie eens met vergelykings probeer Enkidu vir Humbaba beskrywe nie, hy gebruik metafore: sy stem is die Vloed (r 173 & 191), sy bek is die vuurgod, Girru, en sy asem is die dood (r 174 & 192). Van ver af kan 'n mens hom hoor (r171 & 193), selfs 'n oorlog is kinderspeletjies in vergelyking met Humbaba se blyplek (r 176). Die pad daarheen is onbegaanbaar (r 186), en wat daar aangetref word, moet die mens liewers nie sien nie (r 187). 'n Verlammende vrees pak enigeen beet wat dit naby die bos waag (r 199): wat besiel Gilgamesh om so-iets te wil doen (r 175)? Die rede waarom Enlil die verskriklike monster aangestel het, is dan juis om die mense weg te hou (r 189 & 190, en 197 & 198).

Maar Gilgamesh toon respek vir nòg god, nòg vir sy agent. Boonop dink hy nie veel van sy vriend se waagmoed nie (vgl. 2.2.2.5)!

| | |
|---|---|
| 200 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Enkidu* | Gilgamesh sê vir Enkidu: |
| 201 *ammīni ibrī pisnuqiš tanambi* | "Vriend, waarom kerm jy misrabel? |
| 201 *u pîka irmamma tuḫtabbi* | Met jou los praatjies maak jy my moeg!" |

Die volgende gedeelte van Gilgamesh se woorde aan Enkidu word nie deur Parpola aangehaal nie, maar wel deur Thompson (1930 : 27). Dit is die Ou Babiloniese verhaal, 'n ouer verhaal as die van Sin-liqe-unninni. Omdat dit so 'n bekende toespraak is, word dit ook in hierdie skripsie weergegee.

| | |
|---|---|
| 5 *mannu ibrī elu ša mûti* | "Wie, my vriend, is verhewe bo die dood? |
| 6 *ilūma itti šamaš dāriš uššab* | Die gode, hulle kan vir ewig onder die son woon. |
| 7 *amēlutamma manû ūmûša* | Wat die mens betref, sy dae is getel - |
| 8 *mimma ša itenipušu šāruma* | wat ookal hy bereik, is wind. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 9 *atta annânumma taddar mūtam* | Hier vrees jy die dood - |
| 10 *ul iššu danânu qarrâdūtum* | waar is jou mannemoed? |
| 11 *lullikma ina pānika* | Laat ek voor jou gaan! |
| 12 *pîka liṣṣam ṭiḫe tādur* | Laat jou mond uitroep - jy's bang om nader te gaan! |
| 13 *šumma amtaqut šumi lušziz* | As ek val, mag ek dan my naam laat staan: |
| 14 *Gilgameš itti Ḫuwawa dāpinim* | Gilgamesh by Humbaba, die veglustige!" |

Gilgamesh daag vir Enkidu uit en probeer sy bes om sy vriend te beskaam. Manlikheid word gekoppel aan waagmoed en aggressie (vgl. 2.2.2.5): wat 'n skande dus vir 'n man om bang te wees en terug te deins van gevaar! Net soos wat Enkidu die verskrikking van Humbaba probeer invryf het, probeer Gilgamesh nou Enkidu se lafhartigheid invryf (r 201 & 202; r 9 - 12). Op hierdie stadium is die dood wel vir hom 'n realiteit (r 5), maar nie iets om te vrees nie. Belangriker as die moontlikheid dat hy sy lewe kan verloor, is die eer wat saam met die waaghalsige ekspedisie saamhang: sou hy sterf, leef sy eer voort wat aan sy naam gekoppel word (r 13; vgl. ook 2.2.2.3).

Die res van Gilgamesh se rede volg Parpola se weergawe van Tablet II.

| | |
|---|---|
| 210 *alkamma ibrī ana kiškate lumuḫa* | "Kom my vriend - na die smeltkroes - ek wil gou maak! |
| 211 *paši lišpukū ina maḫrini* | Laat hulle 'n byl in ons teenwoordigheid maak." |

Dit blyk dat Enkidu nie langer probeer teenstribbel nie.

| | |
|---|---|
| 212 *illikū ana kiškate imuḫū* | Hulle gaan na die smeltkroes - hulle haas hul |
| 213 *ašbūma uštanamdanu ana ummani* | na die klomp wat sit en beraadslag. |
| 214 *ḫaṣṣinū iptiqū rabû* | Hulle maak groot byle. |

Gilgamesh en Enkidu is nou gewapen. Maar eers moet daar nog 'n paar dinge afgehandel word. Gilgamesh is immers koning van die stad: hy moet sy mense inlig oor wat hy gaan doen, die koning kan nie sonder goeie redes net verdwyn nie. Hy weet goed waar hy aanmoediging sal kry, en spreek die jongmans van die stad toe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 220 *šimâ'innu eṭlū ša Uruk supūri* | "Luister na ons, jongmans van Uruk! |
| 221 *eṭlū ša Uruk mūdu amatum* | Jongmans van Uruk, hier's 'n wyse woord: |
| 222 *agdapuš allak urḫu rūqata ašar Ḫumbaba* | Ek is magtig - ek gaan die verre pad, na die blyplek van Humbaba. |
| 223 *qablu ša lā īdu amaḫḫar* | 'n Onbekende stryd gaan ek aanknoop, |
| 224 *ḫarrāna ša lā īdu arakkab* | 'n onbekende reis gaan ek onderneem. |
| 225 *kurbaīannima lullik anāku* | Seën my, laat ek gaan!" |

Maar Enkidu het net oënskynlik ingestem. Hy weet waar hy simpatie sal kry!

| | |
|---|---|
| 232 *Enkidu ana šībutū milku imallik* | Enkidu gee raad aan die oudstes: |
| 233 *ana eṭli ša Uruk mūdu amatum* | "Hier's 'n wyse woord vir die jongmans van Uruk. |
| 234 *qibaniššumma lā illak ana qišti erēni* | Sê hom hy moenie na die sederbos toe gaan nie!" |

Reëls 235 - 248 herhaal Enkidu se beskrywing van Humababa: van ver hoor 'n mens hom. Sy stem is die Vloed, sy bek is vuur, sy asem is dood. Die oudstes neem Enkidu se woorde ter harte:

| | |
|---|---|
| 249 *itbûma malikē rabûtu* | Die groot raadgewers staan op, |
| 250 *ṭēmu utarrū ana Gilgameš* | hulle gee die besluit vir Gilgamesh deur: |
| 251 *ṣeḫrēta Gilgameš libbaka našika* | "Jy is jonk, Gilgamesh, lighartig." |

Die oudstes herhaal die verskrikking van Humbaba soos wat Enkidu dit aan hulle oorgedra het. 'n Mens hoor hom myle ver geraas maak, sy bek is vuur en sy asem is die dood self. Die een wat dit naby hom waag, soek net moeilikheid. Tablet II eindig met Gilgamesh se reaksie op hul woorde:

| | |
|---|---|
| 262 *išmema Gilgameš amat malikū rabû* | Gilgamesh hoor die woord van die groot raadgewers. |
| 263 *ippalisma iṣiḫ ana ibrišu* | Hy kyk met 'n lag na sy vriend.... |

Jonk, onverskrokke, hardkoppig, eiesinnig - met watter adjektiewe kan Gilgamesh nog beskryf word? Die plan wat aanvanklik bedoel was om Enkidu uit sy depressie te lig, het nou 'n persoonlike onderneming geword. Niemand gaan hom keer om te doen wat hy wil

nie. Hy vra dat hulle hom seën, maar as hulle dit nie doen nie, gaan hy ook nie luister nie. Hy is immers die koning.

In Tablet III, 'n uiters gebroke tablet, word Gilgamesh en Enkidu se verdere voorbereidings vir hul reis weergegee. Inhoudelik is die uiteindelike raad van die oudstes en Ninsun se gebed die belangrikste.

Dit lyk asof die oudstes van die stad moes aanvaar dat niks of niemand vir Gilgamesh van sy plan gaan laat afsien nie.

| | |
|---|---|
| 1 *šībutū ikarrabūšu* *millik ḫarrānu imallikū Gilgameš* | Die oudstes seën hom, en gee hom raad vir die pad. |
| 2 *lā tatakkil Gilgameš ana gimir emūqika* | "Moenie slegs op jou krag vertrou nie, Gilgamesh. |
| 3 *īnaka lišba miḫiṣka tukkil* | Kyk goed, vertrou dan jou vuishou. |
| 4 *alik maḫri tappâ ušēzib* | Hy wat voor loop, hy sal 'n kameraad red, |
| 5 *ša ṭudu īdu ibiršu iṣṣur* | hy ken die pad, hy sal sy vriend oppas. |
| 6 *lillik Enkidu ina pānika* | Laat Enkidu tog voor jou gaan? |
| 7 *īdi ḫarrāna ša qišti erēni* | Hy ken die pad van die sederbos, |
| 8 *tāḫāzi amirma qablu kullum* | oorlog het hy gesien, slagting het hy ten toon gestel. |
| 9 *Enkidu ibri liṣṣur tappa lišalim* | Mag Enkidu 'n vriend oppas, mag hy 'n kameraad red! |
| 10 *ana ṣēri ḫīrati pagaršu libla* | Mag sy liggaam 'n vrou na die steppe dra!" |

Vir Enkidu sê hulle:

| | |
|---|---|
| 11 *ina puḫrinima nipqidakka šarra* | "In ons vergadering vertrou ons die koning aan jou toe. |
| 12 *tutarramma tapaqqidannâši šarra* | Jy sal terugkom, en die koning aan ons toevertrou. |

Dis die beste wat hulle kan doen. As die voortvarende jong koning dan nie na die raad van die oudstes wil luister nie, kan hulle maar net staat maak op die verantwoordelikheidsin van

sy goeie en verstandige vriend, Enkidu. Enkidu sal die koning met sy lewe beskerm, en toesien dat hy veilig na Uruk terugkeer.

Maar Gilgamesh moet nog by sy ma verbykom.

| | |
|---|---|
| 13 *Gilgameš pâšu īpusma iqabbi* | Gilgamesh |
| 14 *izakkara ana Enkidu* | sê vir Enkidu: |
| 15 *alka ibrī nillik ana Egalmah* | "Kom vriend, kom ons gaan na Egalmah (die tempel van Ninsun) |
| 16 *ana maḫri Ninsun šarrati rabûti* | tot voor Ninsun, die groot vorstin." |

Gilgamesh herhaal wat hy vir die jongmans van Uruk gesê het:

| | |
|---|---|
| 23 *Ninsun agdapuš allak* | "Ninsun, ek is magtig, ek sal gaan |
| 24 *urḫu rūqata ašar Ḫumbaba* | op die ver pad tot waar Humbaba bly. |
| 25 *qabla lā īdu amaḫḫar* | 'n Onbekende stryd sal ek aanknoop, |
| 26 *girru ša lā īdu arakkab* | 'n onbekende reis sal ek onderneem. |
| 27 *kurbinnima lullik anāku* | Seën my, laat ek gaan!" |

Ninsun ken haar seun. Sy probeer nie eens met hom redeneer nie. Sy begin onmiddellik met 'n reinigingsritueel waarvan die beskrywing ongelukkig grotendeels ontbreek.Die rede waarom sy dit doen, blyk egter vanaf reël 42:

| | |
|---|---|
| 42 *iš-xxx īteli ana ūri* | Sy gaan op na die dak. |
| 43 *īli ana xxx pān Šamaš qutrinna iškun* | Sy gaan na bo om wierook voor Shamash neer te sit. |
| 44 *iškun surqinna ina maḫar Šamaš idišu išši* | Sy plaas 'n offer voor Shamash - hy lig sy arm op. |
| 45 *ammīni taškun ana mārīa Gilgameš lubbiša lā ṣalila temidšu* | "Waarom het jy vir my seun Gilgamesh 'n hart gegee wat nooit tot rus kom nie? |
| 46 *eninnama talpussuma illak* | Nou het jy hom aangeraak, en hy sal gaan - |
| 47 *urḫa rūqata ašar Ḫumbaba* | die ver pad tot waar Humbaba bly. |
| 48 *qabla ša lā īdu imaḫḫar* | 'n Onbekende stryd sal hy aanknoop, |
| 49 *girru ša lā īdu irakkab* | 'n onbekende reis sal hy onderneem. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 50 *adi ūmu illaku u itūra* | Vanaf die dag wat hy gaan tot hy terugkom, |
| 51 *adi kašādu ana qišti erēni* | totdat hy die sederbos bereik, |
| 52 *adi Ḫumbaba dāpinu inâru* | totdat hy die veglustige Humbaba oorwin, |
| 53 *u mimma lemnu ša tazêrru uḫallaq ina māti* | en die bose ding wat jy haat, van die land laat verdwyn, |
| 54 *ina ûmī ša atta itû xxx* | in die dae waarvan jy die grense (afbaken?), |
| 55 *šî ai īdurka Aia kallat liḫasiska* | mag Aia die bruid jou nie vrees nie, mag sy jou herinner |
| 56 *šâšu ana maṣṣartī ša mūši xxx* | om hom aan die magte van die nag (toe te vertrou?)" |

Alhoewel Ninsun se gebed grotendeels uit geïsoleerde woorde bestaan, kom in hierdie beter bewaarde gedeelte 'n interessante wending in die verhaal. Sy hou die god Shamash verantwoordelik vir wat Gilgamesh wil aanvang (r 45 & 46). Nie Enkidu se depressie nie, maar 'n besluit van Shamash wek by Gilgamesh die begeerte op om teen Humbaba op te ruk. Waarom?

Shamash is die songod - die god van lig, reg, en geregtigheid, die god wat die kwaad en die bose afweer. Humbaba word beskryf as *mimma lemnu ša tazêrru* (r 53) - letterlik, watookal die bose wat jy haat. Humbaba word nou die teenpool van Shamash, die teenoorgestelde van lig en geregtigheid, hy word die personifikasie van die duisternis en die bose (Gardner & Maier, 1984 : 27 & 113). Onwetend is Gilgamesh instrumenteel in Shamash se hand: sy heroïese stryd is nie 'n stryd teen die monster nie, nie 'n poging om Enkidu se depressie te lig nie, selfs nie eens die gevolg van sy persoonlike begeerte na roem en eer om vir homself naam te maak nie. Hierdie stryd word 'n allesomvattende stryd teen alles wat boos is, en dit omdat Shamash dit so wil hê. Ninsun roep hom nou op tot verantwoordelikheid, en sy bid vir sy beskerming oor en hulp aan haar seun. Sy vra:

| | |
|---|---|
| 93 *13 šārū litbunimma ša Ḫumbaba liṭu pānišu* | "Laat 13 winde opstaan, laat Humbaba se gesig donker wees, |
| 94 *u kakkū ša Gilgameš likšudū Ḫumbaba* | en die wapens van Gilgamesh vir Humbaba oorwin." |

Die res van Ninsun se gebed ontbreek, maar gelukkig het die einde behoue gebly.

| | |
|---|---|
| 120 *itbema ummu Gilgameš epēšu xxx* | Gilgamesh se ma staan op, |
| 121 *ukabbit qutrinamma ittana -xxx* | en doof die wierook uit. |
| 122 *Enkidu issamma išakkana ṭēmu* | Sy roep Enkidu, en stel haar wens: |
| 123 *Enkidu dannu ul ṣīt ūrīa atta* | "Sterk Enkidu, ek het jou nie self gebaar nie, |
| 124 *eninna atmuka* | nou benoem ek jou - |
| 125 *itti širki ša Gilgameš* | saam met Gilgamesh se offers, |
| 126 *ēntī qadištī kulmašātī* | die heilige tempelpriesteresse en prostitute." |
| 127 *indi ittadi ana tikki ša Enkidu* | En sy hang die *indi* om Enkidu se nek. |

Die betekenis van *indi* is onseker, maar afgelei uit die konteks is dit waarskynlik iets wat dien as bewysstuk of simbool vir die feit dat Ninsun Enkidu as haar eie kind aanneem. Die laaste gedeelte van haar droomuitleg het ook waar geword: sy behandel Gilgamesh en Enkidu gelykwaardig.

Uit Ninsun se gebed blyk dit dat Shamash die god is wat die aksie in die eerste helfte van die epos instigeer. Hy is die een wat alles beplan het. Maar hier word nou 'n verdere konflik geïmpliseer - weet die res van die gode in die panteon van Shamash se plan? Wat gaan Enlil sê as sy agent deur Shamash se toedoen - hoewel indirek - uit die weg geruim word?

As Gilgamesh en Enkidu vir Humbaba oorwin, impliseer dit op die mees basiese en direkte vlak eer vir hulle: 'n bietjie meer verwyderd impliseer dit eer vir Shamash en skande vir Enlil. Verloor die twee mense, sterf hulle nietemin 'n eervolle dood, en bly hul name in herinnering voortleef. Maar vir die gode sal die bordjies verhang wees.

Eer en skande het kosmiese dimensies aangeneem.

## E. EER IN DIE WEEGSKAAL: TWEE BANGBROEKE OF TWEE HELDE?

Tablet IV begin deur van die reis te vertel.

| | |
|---|---|
| 1 *ana 20 beri iksupū kusāpu* | Na 20 myl breek hulle brood, |
| 2 *ana 30 beri iškunū nubatum* | na 30 myl maak hulle gereed vir die aand, |
| 3 *50 beri illikū kal ūmu* | 50 myl reis hulle die hele dag, |
| 4 *mālak arḫu u ūmu 15 ina šalši ūmi* | 'n reis van 'n maand en 'n half lê hulle af binne 'n derde van 'n dag, |
| *itḫū ana šadî Labnānu* | en kom hulle nader aan die Libanon-gebergte. |
| 5 *ana pān šamši uḫarrū būru* | Hulle grawe 'n put in die rigting van die son, |
| 6 *mê iškunū ina nādišunu* | hulle gooi water in hul watersakke. |
| 7 *īlima Gilgameš ina eli šadī* | Gilgamesh gaan op na die kruin van die berg, |
| 8 *maṣḫatusu utteqa ana xxx* | hy offer 'n meeloffer. |
| 9 *Šadû bila šutta amat Šamši damāqu* | "Berg, bring vir my 'n droom - 'n goeie woord van Shamash." |
| 10 *ipušaššuma Enkidu ana xxx* | Enkidu salf xxx |
| 11 *etiq šarbilli irteti xxx* | Hy rig op xxx 'n bries wat verbygaan. |
| 12 *ušnilšuma ina kippatti xxx* | Hy laat hom lê in die omtrek van xxx |
| 13 *šu kî še'u māti xxx* | hyself, soos koring van die land xxx |
| 14 *Gilgameš ina kinṣišu utameda zuqatsu* | Gilgamesh leun met sy knieë op sy ken. |
| 15 *šittum reḫat nišū elišu imqut* | Slaap wat mense oorval, gebeur ook met hom. |
| 16 *ina qabliti šittašu uqatti* | In die middel van sy slaap, eindig dit. |
| 17 *itbema ītama ana ibrišu* | Hy staan op, en hy praat met sy vriend: |
| 18 *ibrī ul talsanni ammīni êreku* | "Vriend, jy het my nie geroep nie, waarom is ek wakker? |
| 19 *ul talputananni ammīni šašaku* | Jy't nie aan my geraak nie, waarom is ek deurmekaar? |
| 20 *ul ilu ētiq ammīni ḫamu šīrūa* | 'n God het nie verbygegaan nie, waarom is ek hoendervleis?" |

Hulle is jonk, sterk en fiks, hulle kan groot afstande aflê voordat dit vir hulle nodig is om uit te span vir die nag (r1 - 4a), en so kom hulle al nader aan die Libanon-gebergte (r 4b).

Voordat hulle gaan slaap, is dit nodig om eers 'n ritueel af te handel (r 5 - 10). Hierdie ritueel het die funksie om 'n droom te ontlok (George, 1999 : 30). Gilgamesh bring 'n meeloffer en spreek die berg aan (r 7 - 9); wat Enkidu doen, is nie presies seker nie. Dit lyk asof hy iets salf (r 10), en daarna vir Gilgamesh gemaklik vir die nag maak (r 11 - 13).

Die menslike aspek van Gilgamesh word weer eens in reël 15 beklemtoon. Gilgamesh is 'n mens, wat met alle mense gebeur, gebeur ook met hom: hy word deur die slaap oorval. In die middel van sy slaap, skrik hy egter wakker (r 16). Die droom waarvoor hy gebid het, blyk 'n nagmerrie te wees, want hy word verward en met koue rillings wakker (r 17 - 20).

Dit gebeur vyf keer binne hul reis (r 1 - 20; 34 - 52; 73 - 92; 109 - 129; 145 - 163). Hulle reis 'n groot afstand. Elke keer span hulle uit vir die nag, elke keer word die ritueel vir 'n gunstige droom uitgevoer, elke keer oorval die slaap vir Gilgamesh, en elke keer skrik hy met 'n ruk wakker uit 'n nagmerrie. Angsbevange maak hy elke eer sy vriend wakker.

Gilgamesh se nagmerries verskil, en ongelukkig is die weergawes daarvan erg fragmentaries. Enkidu se uitleg daarvan is egter altyd dieselfde. Na die eerste droom sê hy:

| | |
|---|---|
| 27 *pašāra ana ibrišu Enkidu šutta* | Enkidu lê vir sy vriend die droom uit: |
| 28 *ibrī damqat šunatka* | "My vriend, jou droom is gunstig." |

Na die tweede:

| | |
|---|---|
| 65 *alka muḫḫi puluḫta xxx* | "Oorkom jou vrees xxx" |

En die derde en vierde:

| | |
|---|---|
| 104 & 137 *ibrī damqat šunatka:* | "My vriend, jou droom is gunstig." |

Na die vyfde droom weet Enkidu:

| | |
|---|---|
| 180 *ištāt nippuš šipra ša lā ibaššu ina mūtim* | "Een taak gaan ons doen, wat nie in die dood tot skande sal kom nie!" |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gilgamesh die bangbroek en Enkidu die held. Skielik is die bordjies verhang. Gilgamesh is die een wat nagmerries kry oor wat hulle wil aanvang, Enkidu is die een wat hom aanmoedig om deur te druk, en hom moed inpraat. Hulle gaan eer verwerf. Selfs nie die dood kan die effek daarvan uitwis nie (r 180).

Ongelukkig ontbreek die volgende 7 reëls. Vermoedelik dryf Gilgamesh se onsekerheid hom daartoe om hom tot Shamash self te wend - dit kan egter Enkidu ook wees wat Shamash tot herinnering oproep. In reëls 181 - 187 word Shamash om die een of ander rede deur òf Gilgamesh òf Enkidu aangespreek. Die verhaal hervat in reël 188:

| | |
|---|---|
| 188 *ina pān Šamši illika dīmašu* | Sy trane vloei tot voor Shamash: |
| 189 *ša ina libbi Uruk taqbu ana Ninsun* | "Dit is wat jy in die hart van Uruk vir Ninsun gesê het." |
| 190 *ḫussusma izizzamma šeme teslīti* | Hy onthou dat hy gestaan en luister het na die gebed |
| 191 *ša Gilgameš pir'u ša libbi Uruk supūri* | vir Gilgamesh, spruit van Uruk. |
| 192 *Šamaš išma zikir pîšu* | Shamash hoor die woord van sy mond. |
| 193 *ultu ullânumma tukku ultu šamê iltanasaššu* | Skielik roep daar 'n stem van die hemel: |
| 194 *urriḫ izizzāššu lā irrub ana qišti* | "Maak gou! Staan vas teen hom! Moenie dat hy in die bos ingaan nie! |
| 195 *lā urrad ana ḫalbimma lā xxx* | Moenie dat hy na die woud afgaan nie! |
| 196 *ul uḫallip sebû naḫlaptīšu* | Hy sal homself nie aantrek met sy 7 wapenrustings nie! |
| 197 *ištēn ḫalipma šeššu šaḫiṭ* | Een het hy aan, ses is afgestroop!" |
| 198 *šunu iṣṣabtūma xxx* | Hulle gryp .... |
| 199 *kî rīmu kadri itkupu* | Soos wildebulle sluit hul horings. |
| 200 *ittīlta issima malî piratta* | Hy bulder een maal, vreesaanjaend, |
| 201 *maṣṣar qišatim išessi* | die bewaarder van die bos bulder! |
| 202 *xxx xxx* > | |
| 203 *Ḫumbaba kî ili ša xxxx* | Humbaba soos die god van ....? |

Shamash hoor 'n gebed wat hom aan sy belofte aan Ninsun, daar in Uruk herinner (r 188 - 192). Hy reageer (r 193) oombliklik. Alhoewel die verteller dit onpersoonlik stel, is die stem wat uit die hemel roep ongetwyfeld Shamash s'n. Dit is nou die god self wat Gilgamesh en Enkidu aanhits om teen Humbaba op te trek (r 194 & 195): die onderneming is nie meer 'n

menslike strewe na eer of 'n menslike poging om skande te vermy nie, maar word uitgevoer op bevel van die god. En hulle moet gou speel. Hulle het nog 'n kans. Humbaba het sewe wapenrustings - tans het hy slegs een aan (r 196 & 197). Voordat hy homself behoorlik vir die geveg kan bewapen, moet hy aangeval word.


Humbaba laat van hom hoor (r 200 - 203) - en dis nie 'n mooi geluid nie!

Die gesprek tussen Gilgamesh en Enkidu wat volg, bestaan slegs fragmentaries. Die laaste reëls van Tablet IV het gelukkig behoue gebly: dis 'n weergawe van die uiteinde van die beraad tussen die twee vriende, en dien ook as voorbereiding vir Tablet V.

| | |
|---|---|
| 235 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| 236 *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 237 *ibrī šumma nitarda ana qišti* | "Vriend, toe ons na die bos toe afgegaan het, |
| 238 *īnaīa ipettêma imangigā idaīa* | het my oë gerek - my arms het verstok!" |
| 239 *Gilgameš pâšu īpešu iqabbi* | Gilgamesh |
| 240 *izakkara ana Enkidu* | sê vir Enkidu: |
| 241 *ammīni ibrī pisnuqiš ninambi* | "Vriend, waarom kerm ons misrabel? |
| 242 *ul nitettiqa kališunu šadûni* | Het ons dan nie oor al die berge getrek nie? |
| 243 *xxx >* *ina pānini* | |
| 244 *lāma nittaksu erēnī* | Vantevore het ons die seders afgekap - |
| 245 *ibrī mūdû tuquntu* | my vriend wat stryd ken, |
| 246 *ša tāhāzu iddur* | wat oorlog omhels, |
| 247 *šamme taltappitma ul taddar mûtu* | jy het jou met kruie behandel,<br>jy is tog nie bang vir die dood nie? |
| 248 *melamma ittīa bilimma šunni ṭenka* [1] | Dra die roem saam met my!<br>Dink tog anders! |
| 249 *kīma lilissu lū šapû rigimka* | Laat jou kreet soos 'n keteldrom weerklink! |
| 250 *liṣi mangu ša idika u lu'utu litba* *ša qātīka* | Mag die verlamming uitgaan uit jou arms, en mag die swakheid oplig van jou hande! |



[1] Afwyking van Parpola se transliterasie



*me-lam-ma itti-ia bil-lim-ma su-un-ni ṭe-en-ka*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 251 *tiṣbat ibri ištēnis nittallak* | Jy sal 'n vriend gryp, saam sal ons gaan! |
| 252 *lidbub libbaka tuquntu* | Laat jou hart praat van oorlog! |
| 253 *mūtu mišima balāṭa šullim* | Vergeet die dood, bewaar die lewe, |
| 254 *dannu itpâlu pitqudu amēlu* | die mens is aangewese op 'n kragtige reaksie. |
| 255 *ša ina pān alāku pagaršu* | Die een wie se liggaam voor gaan, hy bewaar |
| *iṣṣur tappa lišallim* | 'n kameraad: mag hy behoue bly! |
| 256 *ana rūquti šunu šuma ištaknū* | Tot in die vertes sal hulle naam maak, |
| 257 *ana arqi ikšudū kilallan* | hulle twee sal die toekoms oorwin!" |
| 258 *ṣabta amatīšunu šunu izzizzû* | Aangegryp deur die woorde bly hulle staan. |
| 259 *izzizū ina pāt qišti* | Hulle staan aan die rand van die bos. |

In Tablet IV waarin vertel word van die reis op pad na Humbaba, word eer en skande uitgebeeld deur die waagmoed en lafhartigheid wat Gilgamesh en Enkidu beurtelings ten toon stel. Aanvanklik was dit Gilgamesh wat Enkidu laat skaam kry het oor sy gebrek aan waagmoed, en hom omgepraat het om saam te gaan (vgl. 2.2.2.5). Vol brawade het hulle uit Uruk vertrek, maar die pad is lank, en daar is genoeg tyd vir nadenke. Boonop word Gilgamesh deur sy nagmerries gery. Nou is dit Enkidu wat sy vriend moed inpraat, want hy is die een wat die drome uitlê: elke keer is die uitleg positief.

Uiteindelik word alle twyfel oor die wenslikheid van die ekspedisie uit die weg geruim wanneer Shamash self uit die hemel die opdrag gee om oor te gaan tot die geveg. Hulle is nou so naby aan die bos dat hulle Humbaba vreesaanjaend kan hoor brul - en Enkidu se moed begewe hom. Gilgamesh het egter nuwe lewe gekry: hy kyk terug na die suksesse van die verlede (r 242 - 244), maar hy kyk ook vooruit na die sukses en roem wat in die toekoms wink (r 256 & 257). Om naam te maak, beteken om geëer te wees (vgl. 2.2.2.3).

Saam met Gilgamesh en Enkidu bring die verteller die leser nou tot aan die rand van die bos (r 259). Daarbinne wag die verskriklike monster: 'n mens kan hom reeds hoor. Nog Gilgamesh, nog Enkidu loop egter oor van selfvertroue - albei het reeds tekens van vrees en twyfel getoon. Dit is wel Shamash se wens dat hulle Humbaba aanval, maar daar is nog 'n kans om terug te draai: die kans is nou, voordat hulle dit binne Humbaba se gebied waag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gaan hulle Shamash gehoorsaam? Gaan die trekpleister van eer sterk genoeg wees om hulle in die bos te laat ingaan? Of gaan hul moed hulle begewe?

## F. EER BEKOM: HUMBABA WORD OORWIN

Asemrowend mooi lê die bos voor hulle. Bedrieglik kalm. Tablet V begin:

| | |
|---|---|
| 1 *izzizûma ina pâttu qišti* | Hulle staan op die grens van die bos, |
| 2 *ša erēnī ittanaplasū milašu* | hulle bewonder die hoogte van die seders, |
| 3 *ša qištu ittanaplasū nērebšu* | hulle bewonder die ingang van die bos. |
| 4 *ašar Ḫumbaba ittalku šakin kibsu* | Waar Humbaba gaan, los hy sy spoor... |
| 5 *ḫarrântu šutešurama ṭubbat girru* | Die pad is reguit, die loopgang is goed. |
| 6 *immarū šadî erēnī mušab ilī parak Ištar* | Hulle sien die sederberge, die woning van die gode, die beskutting van Ishtar. |
| 7 *pān šadîmma erēnu naši hiṣibšu* | Teen die hange van die berge vertoon die seders hul oorvloed: |
| 8 *ṭâbu ṣillašu mali rīšati* | hul soet skaduwee, vol vreugde, |
| 9 *šutelup giṣṣū ḫitlupat qištu* | met dorings verstrengel, is die bos gekleed. |

Meesterlik, en weer eens met sy wye lens fokus die verteller op die sederbos. Hy laat spanning opbou, hy stel die konfrontasie uit. Die bos is pragtig, natuurskoon (r 1 - 3): maar moenie vergeet nie - Humbaba is ook daar (r 4)! Onheilspellend vernou die lens na die spoor wat die monster laat, maar dadelik weer oorspoel die prag van die bos die onrustige ondertone: die paadjies na binne is reguit en mooi (r 5).

Met sy lens, nou so wyd moontlik, kyk die verteller na die sederberge (r 6), daar waar die gode bly, daar waar dit heilig is; die onheilige Humbaba vir die oomblik vergete. Hierdie heilige berge word geklee deur die weligheid van die seders met hul aangename en soet skaduwee (r 7 & 8): waag die mens dit egter in die bos self, kry hy met die digte doringbosse te doene (r 9).

Die beskrywing van hoe hulle al dieper en dieper in die bos inbeweeg, tot waar hulle Humbaba vir die eerste keer ontmoet, ontbreek grotendeels. Eers weer vanaf reël 81 hervat die verhaal samehangend. Humbaba is aan die woord:

| | |
|---|---|
| 81 *Ḫumbaba pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Gilgameš* | Humbaba sê vir Gilgamesh: |
| 82 *limtalkū lillū Gilgameš nu'û amēlu mīna tallika* | "Laat die dwases beraadslag, Gilgamesh jou onnosel mens - waarom het jy gekom? |

| | |
|---|---|
| 83 *alka Enkidu mār nūni ša lā īdu abišu adi pānīa* | Kom voor my, Enkidu, jou kind van 'n vis - wat nooit sy pa geken het nie, |
| 84 *atta raqqu u šeleppû ša lā īniqu šizib ummišu* | jou skilpad, waterskilpad, wat nie sy ma se melk gedrink het nie! |
| 85 *ina ṣeḫērika adaggalkamma ul aqerrubuka* | Van kindsbeen af het ek jou dopgehou, maar het ek nie nader na jou toe gegaan nie. |

(r 86 - 88 is fragmentaries)

| | |
|---|---|
| 89 *lunārka Gilgameš napšari u kišadu* | Laat ek jou doodmaak Gilgamesh - in die nek en keel ! |
| 90 *lušakil šīruka iṣṣūr ṣarṣārī nā'irī arê u zībī* | Laat ek jou vlees voer vir die kriekvoëls, die roofvoëls, arende en aasvoëls!" |
| 91 *Gilgameš pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Enkidu* | Gilgamesh sê vir Enkidu: |
| 92 *ibrī ša Ḫumbaba ištanu pānišu* | "Vriend, hoe vreemd is Humbaba se gesig! |
| 93 *u binītum ultēlašu xxxx* | En 'n vorm verrys xxxx " |
| 94 *xxxx* | xxxx |
| 95 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Gilgames* | Enkidu sê vir Gilgamesh: |
| 96 *ammīni ibrī pisnuqiš tanambi* | "Waarom kerm jy so misrabel, my vriend? |
| 97 *u pîka irmamma tuḫtabi* | Jou los praatjies maak my moeg! |
| 98 *eninnama ibrī ištadda* | My vriend, hy het homself nou uitgestrek: |
| 99 *ina râṭu nappāḫu erâ ša bašālum* | die koper kook in die pyp van die smid - |
| 100 *turru ana 1 bēri napāḫu napiḫtu ana 1 beri kaṣû* | een uur lank is die vlam nog brandend, 'n uur later sal dit koud wees! |
| 101 *šalaḫ abūbu ištuḫḫu lapātu* | Die vloed word gestuur deur aan 'n sweep te raak. |
| 102 *e tassuḫ šēpīka e tatūr ana arkika* | Moenie jou voete optel en omdraai agtertoe nie! |
| 103 *īnāka lišba miḫiṣka dunnin* | Kyk goed, jou vuishou is sterk!" |

Humbaba val Gilgamesh en Enkidu aan met 'n reeks beledigings (r 82 - 84). 'n Onnosel koning en 'n man sonder ouers, is figure wat nie die samelewing se eer werd is nie. Humbaba weet waar dit seermaak!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daarna ontsê hy Gilgamesh 'n eervolle begrafnis. Om toegang tot die onderwêreld te verkry, was dit nodig dat daar bepaalde begrafnisrites afgehandel word. Sekere belangrike figure soos konings en priesters is selfs na hul dood nog geëer en was in staat om vanuit die onderwêreld steeds 'n invloed uit te oefen (Jacobsen, 1976 : 209). Die grootste vloek wat die mens kon tref, is om die liggaam na die dood nie te begrawe nie, maar dit buitekant te laat vir die wilde diere en die voëls om dit op te vreet (De Vaux, 1988 : 56). Daarom is misdadigers se liggaame nie begrawe nie - vir hulle word 'n nadoodse bestaan nie gegun nie, hulle word bloot deel van die voedselkringloop en vir ewig vergeet. Wat 'n skande dus as Gilgamesh soos 'n misdadiger aan sy einde kom: hy word nie begrawe nie, en boonop word sy vlees vir die voëls en krieke gevoer (r 90). Woorde van belediging - skande.

En Gilgamesh skrik (r 91 - 93).

Enkidu, nou die heldhaftige, het nuwe moed geskep. Hy gooi Gilgamesh se woorde van vroeër in sy gesig terug (r 96 & 97): die geteem is sinloos, die oomblik van optrede is nou. Humbaba het homself ten toon gestel (r 98). "Smee die yster terwyl dit warm is," sê Enkidu vir sy vriend (r 99 & 100), dinge moet nou gebeur, voor dit te laat is (r 101). Dis nie gepas om om te draai en weg te hardloop nie (r 102), Gilgamesh moet goed mik en hard slaan (r 103)!

Nege reëls van die teks ontbreek heeltemal, reëls 113 en 114 bestaan slegs uit gebroke of geïsoleerde woorde. Vanaf reël 115 blyk dit dat daar heelwat aksie was:

| | |
|---|---|
| 115 *imqut qaqqaruma ul uštamḫiršu* | Hy val op die grond, maar dit kry hom nie onder nie. |
| 116 *ina asidī šēpīšunu qaqqari ibīšū* | Die grond skeur oop onder die hakskene van hul voete. |
| 117 *ina sârišunu uḫtappu Sirara u Labanānu* | Terwyl hulle rondomtalie draai, breek hulle Sirara en Libanon. |
| 118 *iṣṣalim urpatum peṣitum* | die wit wolk word swart, |
| 119 *mūtum kīma imbari izannun elišu* | dood reën op hulle soos mis... |
| 120 *Šamaš ana Ḫumbaba idkaššuma meḫê rabûtu* | Shamash laat groot winde teen Humbaba opkom: |
| 121 *šūtu iltānu šadû amurru zīqu* | suidwind, noordwind, ooswind, weswind, 'n bries |
| 122 *ziqqa-ziqqa šaparziqqa imḫullu simurra* | stormwind, breekwind, bose wind, warrelwind, |
| 123 *asakku šuruppu meḫû ašamšutu* | sterkwind, yswind, orkaan, stofwind: |

| | |
|---|---|
| 124 *13 šārū itbūšumma ša Ḫumbaba* | 13 winde val Humbaba aan - |
| *iṭu pānišu* | sy gesig is donker, |
| 125 *ul inakkip ana pānišu* | hy kan nie vorentoe boor nie, |
| *ul iraḫḫiṣ ana arkišu* | hy kan nie agtertoe verwoes nie - |
| 126 *u kakkū ša Gilgameš ikšudū Ḫumbaba* | en die wapens van Gilgamesh oorwin Humbaba! |

Wat 'n geveg (r 115 - 118)! Aanvanklik sukkel hulle om Humbaba onder te kry (r 115). Dis 'n bloedige stryd: die grond onder hul voete skeur oop (r 116), hulle draai so woes in die rondte dat hulle die groot berge breek (r 117), en dan word dit donker (r 118). Hulle staar die dood in die oë (r 119)...

Dan gaan Shamash tot aksie oor. Die 13 winde waarvoor Ninsun gebid het (Tablet III : r 90 - 92), wek hy op teen Humbaba (r 120 - 123). Hy kan nie sien nie (r 124), hy is vas (r 125) - en die wapens van Gilgamesh oorwin hom (r 126)!

Wat hierdie stryd betref, word die reëls vir 'n uitdaging tot 'n eerstryd nie nagekom nie (vgl. 2.2.2.2). Dit vind nie in die openbaar plaas nie - daar is ook geen toeskouers nie. Verder is dit 'n ongelyke stryd - Gilgamesh en Enkidu is twee teen een, al is hy 'n monster. Boonop kry hulle hulp van 'n god - Shamash - toe die dood op hulle wag. Wanneer die monster nou 'n pleidooi vir sy lewe lewer, kry 'n mens hom amper jammer. Eers gebruik hy vleitaal deur Gilgamesh te vertel watter eerbare mens hy is (vgl. 2.2.2):

| | |
|---|---|
| 127 *Ḫumbaba napšatuš iše'e* | Humbaba soek sy lewe, |
| *izakkara ana Gilgameš* | hy sê vir Gilgamesh: |
| 128 *ṣeḫrēti Gilgameš ummuka ulidka* | "Jonge Gilgamesh, jou ma het jou gebaar, |
| 129 *u ilitti ša xxx atta* | jy is die spruit van xxx |
| 130 *ina pî Šamaš bēl māti tatbema* | Op bevel van Shamash, die heer van die land het jy aangeval, |
| 131 *pir'umma ša libbu Uruk* | spruit van die hart van Uruk, |
| *šarru Gilgameš* | koning Gilgamesh! |
| 132 *xxx Gilgameš mīti ul xxx* | Gilgamesh, 'n dooie man kan nie xxx" |

Daarna belowe hy:

| | |
|---|---|
| 136 *iṣī mala taqqabani luddinka* | "Bome, alles wat jy sê - laat ek dit vir jou gee! |
| 137 *luṣṣurka asu xxx* | Ek sal die mirtels vir jou bewaar, |
| 138 *iṣī baltī ekalluka* | bome, die trots van jou paleis. |

Voordat Gilgamesh kan week word, keer Enkidu:

| | |
|---|---|
| 139 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 140 *ibrī ē tašme ša Ḫumbaba šuppešu* | "Vriend, moenie na Humbaba se smeking luister nie, |
| 141 *ē tamḫur unninnišu* | moenie sy gebed aanvaar nie!" |

Humbaba hoor, en hy reageer heftig, hierdie keer deur skande oor Enkidu uit te spreek, maar dan bedink hy hom, en gaan weer oor tot smeking:

| | |
|---|---|
| 151 *lū aššika lū anārka* | "Laat ek jou optel en doodmaak |
| *ina nēreb papalla qištīa* | by die ingangsportaal van my bos! |
| 152 *lū ušakil šīruka iṣṣur ṣarṣarī* | Laat ek jou vlees voer vir die kriekvoëls, |
| *nā'irī arê u zibī* | die roofvoëls, arende en aasvoëls! |
| 153 *eninnama Enkidu ittika šakin rummu* | Nou Enkidu, jy kan my laat loskom: |
| 154 *qibima ana Gilgameš napišti liṭir* | sê vir Gilgamesh - laat hy die lewe spaar!" |

Maar Enkidu is meedoënloos:

| | |
|---|---|
| 155 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 156 *ibrī Ḫumbaba maṣṣar qišti erēni* | "Vriend, Humbaba, die bewaker van die sederbos - |
| 157 *gummiršu nērma ṭenšu ḫulliq* | speel klaar met hom, maak dood, vergeet sy versoek! |
| 158 *Ḫumbaba maṣṣar qišti erēni gummiršu* | Humbaba, die bewaker van die sederbos - speel klaar met hom, |
| 159 *nērma ṭenšu ḫulliq* | maak dood, vergeet sy versoek |
| 160 *lâm išmu ašaredu Enlil* | voordat die belangrike Enlil hoor. |
| 161 *libbâtinī imallū ilī rabûti* | Die groot gode gaan vol woede wees - |
| 162 *Enlil ina Nippur Šamaš ina Sippar* | Enlil in Nippur en Shamash in Sippar. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 163 *šuzzizma darâ šumaka* | Vestig jou naam vir ewig: |
| 164 *kî Gilgameš Ḫumbaba inâru* | So het Gilgamesh vir Humbaba doodgemaak!" |

Humbaba probeer weer:

| | |
|---|---|
| 197 *eninnama Enkidu ittika šakin rummu* | "Nou Enkidu, jy kan my laat loskom: |
| 198 *qibima ana Gilgameš napištim liṭir* | sê vir Gilgamesh - laat hy die lewe spaar!" |

Maar Enkidu is so hard soos 'n klip:

| | |
|---|---|
| 201 *nēršuma ṭenšu ḫulliq* | "Maak dood, vergeet sy versoek |
| 202 *lām išmu ašaredu Enlil* | voordat die belangrike Enlil hoor! |
| 203 *libbātini imallū ilī rabûti* | Die groot gode gaan vol van woede wees - |
| 204 *Enlil ina Nippur Šamaš ina Sippar* | Enlil in Nippur en Shamash in Sippar. |
| 205 *šuzzizma darâ šumaka* | Vestig jou naam vir ewig: |
| 206 *kî Gilgameš Ḫumbaba inâru* | So het Gilgamesh vir Humbaba doodgemaak!" |

Humbaba hoor, en hy slinger hulle die volgende vloek toe:

| | |
|---|---|
| 213 *ai ulabbira kilallān* | "Mag hulle twee nie oud word nie - |
| 214 *eli ibrišu Gilgameš* | ouer as sy vriend, Gilgamesh, |
| *Enkidu kibru ai iršu* | mag Enkidu die oewer nie bereik nie!" |

Dis nou genoeg!

| | |
|---|---|
| 215 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 216 *ibrī aqabbikama ul tašemmanni* | "Vriend, ek sê jou, jy luister nie na my nie! |
| 217 *ana arrat xxx* | Na die vloek xxx " |
| 218 *xxxx* | xxxx |

Dis tyd om tot aksie oor te gaan:

| | |
|---|---|
| 219 *išmema Gilgameš zikir ibrišu* | Gilgamesh hoor die woord van sy vriend, |
| 220 *išši ḫaṣṣinna ana idišu* | hy lig die byl in sy hand op, |

221 *išlup namṣara inēršu kišādamma* — hy trek die swaard, hy dien die doodslag in die nek toe.

Die gevolg:

234 *inêr ḫarḫara maṣṣar qišti* — Hy maak die booswig, die bewaker van die bos dood.

Die uur van afrekening het aangebreek. Met Shamash se hulp, het Gilgamesh en Enkidu vir Humbaba op sy knieë gedwing. Eers gebruik hy vleitaal (r 128 - 131), en maak grootse beloftes (r 136 - 138). Wanneer Enkidu deur sy strategie sien (r 139 - 141), raak Humbaba desperaat en gaan oor tot 'n vloekspreuk (r 151 & 152). Nietemin weet hy dat Enkidu die enigste is wat Gilgamesh kan oorreed om sy lewe te spaar (r 153 & 154) en smeek die een wat hy vantevore so afskuwelik beledig het.

Wat Enkidu betref, is daar nou geen omdraaikans meer nie: Gilgamesh moet hom nie aan Humbaba se pleidooie steur nie, en klaarspeel met die monster (r 155 - 159). Voordat die gode uitvind wat hulle aangevang het (r 160 - 162), moet Gilgamesh sy naam vestig (r 163) wat daarvan getuig dat hy Humbaba doodgemaak het. Hierdie gesprek word in reël 197 - 206 herhaal: Humbaba smeek, maar Enkidu is onverbiddelik.

Enkidu speel in op Gilgamesh se onversadigbare drang na roem en eer. Alhoewel baie gedeeltes van die teks ontbreek, lyk dit asof Gilgamesh om die een of ander rede huiwer om die monster dadelik vankant te maak. Enkidu weet waar sy Achilles-hiel lê: om 'n naam te maak wat vir ewig bly staan (vgl. 2.2.2.3) en so onsterflikheid te bekom (r 163 & 164; 205 & 206). En baie belangrik: hy mag nie talm nie - hy moet gou maak voordat die groot gode daarvan hoor en kwaad word (r 160 - 162; 202 - 204). Hy weet baie goed dat die gode nie beïndruk gaan wees as hulle agterkom dat Humbaba doodgemaak is sodat die mense vrye toegang tot die sederbos kan hê nie.

Op hierdie stadium lyk dit asof Gilgamesh en Enkidu onbewus is van Shamash se rol in die proses. Saam met Enlil in Nippur word Shamash in Sippar genoem (r 162 & 204) as die gode wat woedend gaan wees oor wat hulle gedoen het. Humbaba weet egter dat Gilgamesh op bevel van Shamash aangeval het (r 130), maar in die hitte van die oomblik gaan sy opmerking by die twee helde verby. Vir Enkidu is dit slegs belangrik dat Gilgamesh met Humbaba klaarspeel en hom doodmaak voordat die gode kwaad word en hulle keer - of straf - voordat Gilgamesh sy naam vir ewig kan vestig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Humbaba se laaste vloek is teen Enkidu gerig: nie een van die twee mag baie oud word nie, maar veral Enkidu mag nie ouer as Gilgamesh word nie (r 213 - 214).

Gilgamesh gee uiteindelik gehoor aan Enkidu se woorde en deurboor die monster in die nek (r 221). Hy is dood (r 234). Hierna vaar die twee die bos in, en kap bome af na hartelus. Tablet V eindig:

| | |
|---|---|
| 243 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 244 *ibrī nittakis erēnu šīḫu* | "Vriend, ons het 'n hoë seder afgekap |
| 245 *ša muḫḫašu šamê naqqap* | waarvan die top die hemel deurboor. |
| 246 *epušma dalta ša 6 nindāni meluša* | Maak 'n deur met 'n hoogte van 6 meter, |
| *2 nindāni rupussa* | 'n breedte van 2 meter, |
| 247 *1 ammatu ubûša šukuša* | 'n deurpos van 1 meter: |
| *saḫirša u šagammaša ša ištēnma* | die deurknop en skarniere uit een stuk. |
| 248 *ana Nippur libillu Purattu* | Laat die Eufraat dit na Nippur dra, |
| *Nippur atman* | die gewyde Nippur." |

En ook:

| | |
|---|---|
| 253 *u Gilgameš qaqqadu Ḫumbaba xxx* | En Gilgamesh (met) die kop van Humbaba! |

Sukses - en eer. Die monster is dood: onthoof, onteer (vgl. 2.2.2.4). Gilgamesh en Enkidu lewe. As bewys van hul heldedaad bring hulle genoeg hout saam om 'n indrukwekkende deur vir Gilgamesh se paleis te laat maak, en ook die kop van Humbaba. Gilgamesh het daarin geslaag om vir hom 'n naam vir ewig te vestig (vgl. 2.2.2.3).

Niks, maar niks, kan nou meer in die pad van hul eer staan nie. Die groot gode gaan miskien kwaad wees, maar hulle kan nie meer keer dat Humbaba om die lewe gebring word nie. Dis gedane sake.

Die probleem is net - Gilgamesh en Enkidu weet nog nie wat onder die *Igigi* (die groot gode) aan die gang is nie. Shamash en Enlil, twee van die groot gode: die een het eer verkry, die ander is in die skande gedompel. Hoe gaan hulle reageer?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## G. EER VERWERP: 'N GODIN IN DIE SKANDE

In Tablet VI keer die toneel terug na Uruk. Gilgamesh en Enkidu kom terug van hul triomftog en bring Humbaba se kop saam as hul trofee van die oorwinning. Na die lang reis en bloedige geveg, is dit nodig dat Gilgamesh homself eers reinig.

| | |
|---|---|
| 1 *imsi malešu ubbib tillešu* | Hy was die vuilheid af en maak sy toerusting skoon, |
| 2 *unassis qimmatsu elu ṣērišu* | hy gooi sy hare agter sy rug. |
| 3 *iddi maršutišu ittalbiša zākûtišu* | Sy besmeerde klere gooi hy af, hy trek skoon aan. |
| 4 *aṣāti ittaḫlipamma rakis aguḫḫa* | Hy trek 'n kleed aan en bind sy gordel vas, |
| 5 *Gilgameš agâšu ītepramma rakis aguḫḫa* | Gilgamesh sit sy kroon op, en bind sy gordel vas. |

Die koning het teruggekeer. Hy het homself gewas, skoon klere aangetrek, en wanneer hy sy kroon opsit, is hy gereed om sy pligte as regeerder te hervat. Maar nie onmiddellik nie.

| | |
|---|---|
| 6 *ana dumqi ša Gilgameš īnā ittaši rubûtu Ištar* | Die groot Ishtar se oog val op die aantreklike Gilgamesh |
| 7 *alkamma Gilgameš lū ḫā'ir atta* | "Kom Gilgamesh! Wees jy tog 'n minnaar! |
| 8 *inbīka iāši qâšu qīšamma* | Bederf my met jou vrugte waarmee jy kan bederf! |
| 9 *atta lū mutima anāku lū aššatka* | Wees jy my man, en ek jou vrou! |
| 10 *lušaṣmidka narkabta uqnâ u ḫurāṣu* | Ek sal jou toerus met 'n koets, lapis lazuli en goud, |
| 11 *ša magarruša ḫuraṣuma elmešu qarnaša* | wiele van goud, horings van elektrum, |
| 12 *lū ṣamdata ūmū kūdanu rabû* | en daarby ook nog groot, demoniese muile! |
| 13 *ana bītini sammāti qišti erba* | Gaan in ons huis met die vars geur van die bos! |
| 14 *ana bītini ina erēbika* | As jy in ons huis ingaan, |
| 15 *sippu Arattû linaššiqu šepīka* | sal die poort van Arattu jou voete soen: |
| 16 *lū kamsu ina šaplika šarrī kabtī u rubî* | hulle sal kniel voor jou - konings, vorste en prinse, |
| 17 *xxx šadi u mātu lū našunika biltu* | berg en land sal vir jou goedere bring, |
| 18 *enzūka takšî laḫrūka tū'ami lilida* | jou bokke sal drielinge baar, en jou ooie tweelinge |
| 19 *murūka ina bilti parâ liba'* | selfs onder 'n vrag, sal jou vulletjies 'n muil verby steek, |
| 20 *sīsûka ina narkabti lū šaruḫ lasama* | jou perde sal sierlik voor die koets galop, |
| 21 *alpūka ina nīri šānina ai irši* | jou osse sal onder 'n juk geen kompetisie kry nie! |

Die groot godin van liefde, die grote Ishtar (Prinsloo, 1999 : 63), raak smoorverlief op die aantreklike Gilgamesh. En sy skroom nie - sommer dadelik laat sy haar voornemens blyk: as minnaars (r 7), selfs as eggenote (r 9), moet hulle voortaan funksioneer. Hierdie verbintenis sal vir Gilgamesh baie voordelig wees. Ishtar belowe eerstens aan hom waardevolle besittings - 'n koets van onskatbare waarde, en boonop goed toegerus ook (r 10 & 11). Verder belowe sy aan hom mag (r 15 - 17). Aratta (r 15) is 'n stad in Seistan, Shahr i Sokhta (Parpola, 1997 : 146), en was gedurende Sumeriese tye 'n vyand van Uruk (Gardner & Maier, 1984 : 150). Belangriker egter as die rykdom en mag wat Ishtar aan Gilgamesh belowe, is die beloftes van die dinge waaroor sy veral beheer het: vrugbaarheid en voorspoed in die natuurlike wêreld (r 19 - 21).

Volgens die perke wat deur die waardes van eer en skaamte gestel word, oorskry Ishtar alle grense van welvoeglikheid (vgl. 2.2.2.5). Hierdie kodes het egter skynbaar nie vir alle vroue gegeld nie. Die eer van vroue in hoë sosiale kringe hoef nie deur 'n man beskerm te word nie (Peristiany, 1965 : 12). Hierdie vroue het 'n eer van hul eie, en kan dit dus waag om betreklik onbesorg oor hul seksuele eer te wees. 'n Bybelse voorbeeld van so 'n vrou is Potifar se vrou wat Josef probeer verlei het.

Ishtar val nog bo hierdie kategorie van vroue. Sy is nie eens 'n vorstin nie - sy is die liefdesgodin self! Sy hoef haar nie te steur aan die kodes wat vir gewone mense geld nie. Sy kan maar die inherente skaamte - as sy so-iets het - oorboord gooi en haarself op 'n skinkbord vir Gilgamesh aanbied. Wat 'n eer vir 'n mens om van 'n godin 'n huweliksaanbod te kry, en daarmee saam al die beloftes van rykdom, mag, en vrugbaarheid!

Maar Gilgamesh is nie so seker nie.

| | |
|---|---|
| 22 *Gilgameš pâšu īpušma iqabbi* | Gilgamesh |
| 23 *izakkara ana rubûti Ištar* | sê vir die grote Ishtar: |
| 24 *mīna anamdina ana kâši aḫḫazki* | "Ek trou met jou - wat gee ek jou?" |

Hierna ontbreek etlike reëls, maar dit doen geen afbreuk aan die feit dat Gilgamesh 'n orator by uitnemendheid is nie. Hy is 'n man wat dink - en hy ken sy mitologie! Hy herinner Ishtar:

| | |
|---|---|
| 42 *aiu ḫāmeraki irâmki ana dāriš* | "Watter van jou minnaars het jou nog steeds lief? |
| 43 *aiu allaki ša xxx īlu* | Watter voëltjie van jou wat xxx het opgegaan? |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 44 *alkimma luppi-xxx ḫărmiki* | Kom, laat ek jou vermaak met jou minnaars, |
| 45 *ša būdimma balta xxx idišu* | wat die skouer trots xxx sy arm: |
| 46 *ana Dumuzi ḫămiri ṣuḫrītiki* | Vir Tammuz, die minnaar van jou jeug |
| 47 *šatta ana šatti bitakka taltīmeššu* | laat jy jaar vir jaar aanmekaar huil. |
| 48 *allalla bitruma tarâmima* | Die bont amandelkraai het jy liefgehad, |
| 49 *tamḫaṣišuma kappašu taltebir* | jy't hom geslaan en sy vlerk gebreek, |
| 50 *izzaz ina qišatimma išessi kappi* | hy sit in die bos en skree: 'My vlerk!' |
| 51 *tarâmima nēša gamir emūqi* | Toe het jy die leeu lief, perfek en sterk - |
| 52 *tuḫtarriššu sebû u sebû šuttatī* | jy't sewe maal sewe putte gegrawe... |
| 53 *tarâmima sīsâ na'id qabli* | Jy't die perd liefgehad, so betroubaar in oorlog, |
| 54 *ištuḫḫa ziqta u dirrata taltīmeššu* | jy het die houe van die sweep en die lat vir hom bestem, |
| 55 *sebî bēri lasāma taltīmeššu* | om sewe myl ver te hardloop, |
| 56 *dalaḫa u šata taltīmeššu* | en om verward en dors te wees, |
| 57 *ana ummišu Silili bitakka taltīmi* | en sy ma, Sililu, laat jy aanmekaar huil! |
| 58 *tarâmima rē'â naqidda utulla* | Jy't die herder liefgehad, die hoof-veewagter, |
| 59 *ša kaiānamma tumri išpukaki* | wat altyd as vir jou opgehoop het, |
| 60 *ūmišamma uṭabbaḫāki uniqetī* | en elke dag vir jou jong bokooie geslag het. |
| 61 *tamḫaṣišuma ana barbari tuttirrišu* | Toe slaan jy hom en verander hom in 'n wolf: |
| 62 *uṭarradūšu kaparrū ša ramnīšu* | sy eie herderseuns jaag hom weg, |
| 63 *u kalbūšu unaššakū šaprīšu* | en sy honde byt sy dye. |
| 64 *tarâmima Išullanu nukaribbā abiki* | Jy het Ishullanu, jou pa se tuinier liefgehad |
| 65 *ša kaiānamma šugurra našâki* | wat altyd mandjies vol dadels vir jou gebring het. |
| 66 *ūmišamma unammarū paššūrki* | Elke dag het dit jou tafel opgehelder. |
| 67 *ina tattašišuma tatalkiššu* | Jy't hom raakgesien en na hom toe gegaan: |
| 68 *Išullanīa kiššūtaki i nikul* | 'O my Ishullanu, laat ons jou sterkte gebruik - |
| 69 *qātka šuṣamma luput ḫurdatni* | steek uit jou hand, raak aan my vulva!' |
| 70 *Išullanu iqabbiki* | Ishullanu sê vir jou: |
| 71 *iāsi mīna terišinni* | 'Ek? Wat wil jy van my hê? |
| 72 *ummi lā tepa anāku lā akul* | Ma, as jy nie bak nie, eet ek nie! |
| 73 *ša akkalu akla pīšati u erretī* | Wat ek eet, is brood van beledigings en vloeke, |
| 74 *ša kuṣṣi elpetu kutummīa* | en met 'n rietjie as my bedekking teen die koue!' |
| 75 *atti tašmima annâ qabašu* | Jy't gehoor wat hy sê, |
| 76 *tamḫaṣišu ana dallāli tutīrrišu* | jy't hom geslaan en in 'n padda verander, |
| 77 *tušešibišuma ina qabal mānaḫatišu* | en hom laat woon binne-in sy eie harde werk, |

| | |
|---|---|
| 78 *ul elû miḫḫa ul arid dalu-xxx* | boontoe kan hy nie, ondertoe ook nie. |
| 79 *u iâsi tarâmannima kî šâšunu tutârrinni* | En jy, jy't my lief: net soos hulle gaan jy my ook mismaak!" |

Gilgamesh noem al Ishtar se minnaars op wat sy op die een of ander wyse gruwelik verneder het. Die lys is intelligent gestruktureer. Gilgamesh wys haar eers op *Dumuzi*, oftewel Tammuz (r 46 & 47), 'n sterflike mens wat goddelike status verkry het deur sy verbintenis met Ishtar. Daar is meer as een Ishtar-Tammuz-mite: om op die verskillende mites en hul onderlinge ooreenkomste en verskille in te gaan, is nie van toepassing nie. Wat belangrik is, is om te weet dat die Tammuz-kultus baie oud en baie bekend was, en wyd verspreid in die Ou Nabye Ooste voorgekom het. Die geween oor Tammuz word selfs in die Bybel (Esegiël 8:14) genoem. Die Tammuz-kultus hou verband met die seisoene en fertiliteitsrites: elke jaar word Tammuz gedoem om 'n tyd lank in die onderwêreld deur te bring - daar moet hy bly totdat Ishtar kom om hom te haal. Intussen kwyn alles en almal op aarde. Met hierdie verwysing begin Gilgamesh.

Vervolgens noem hy 'n klomp diere op. Hy begin met die wilde diere, die amandelkraai en die leeu (r 48 - 52), en eindig die reeks met die perd (r 53 - 57), 'n dier wat deur die mens makgemaak is. Daarna noem hy weer mense op wat onder Ishtar deurgeloop het: eers die anonieme herder wat in 'n wilde dier, die wolf verander word (r 58 - 63), en daarna haar pa se tuinier met die naam Ishullanu. Op dieselfde manier as wat sy tot Gilgamesh toenadering soek, het sy na Ishullanu toe gekom (r 64 - 69). Net soos Gilgamesh was Ishullanu ook sterflik. Hy is die eerste wat dit waag om weerstand te bied (r 70 - 74) - en sy verander hom in 'n padda om in sy eie tuin wat hy met moeite bewerk het, te woon (r 75 - 78)!

Gilgamesh is dus nie onnosel nie. Hy weet wat op hom wag (r 79), en hy gooi die 'eer' wat Ishtar hom aanbied in haar gesig terug.

So word Ishtar ontmasker. Sy is nie wat sy voorgee om te wees nie. Sy's wispelturig - sy raak vinnig verlief, maar net so gou verveeld ook. Soos 'n kind wat moeg word vir speelgoed, breek sy haar minnaars een na die ander op 'n wrede manier en verdoem hulle tot 'n makabere, uitsiglose bestaan. Ishtar is niks anders as 'n bedorwe brokkie nie!

En hoe reageer Ishtar op Gilgamesh se teregwysing?

Presies soos 'n bedorwe brokkie!

| | |
|---|---|
| 80 *Ištar annâ ina šemiša* | Toe Ishtar dit hoor, |
| 81 *Ištar uggugatma ana šamâmi īli* | word Ishtar woedend, en gaan sy op na die hemel. |
| 82 *illikma Ištar ana pān Anu abiša ibakki* | Ishtar gaan na Anu toe, haar pa, en sy huil, |
| 83 *ana pān Antum ummiša illaka dīmaša* | tot by Antum haar ma, vloei haar trane. |
| 84 *abī Gilgameš ittazzaranni* | "Pappie! Gilgamesh het my oor en oor beledig! |
| 85 *Gilgameš undinna pīšatīa* | Gilgamesh het my beledigings opgenoem, |
| 86 *pīšatīa u erretīa* | my beledigings en my vloeke!" |
| 87 *Anu pâšu īpušma iqabbi* | Anu |
| 88 *izakkara ana rubûti Ištar* | sê vir die grote Ishtar: |
| 89 *aba lā atti tegri šarru Gilgameš* | "Het jy tog nie met koning Gilgamesh skoor gesoek nie? |
| 90 *u Gilgameš umanna pīšatīki* | En Gilgamesh het jou beledigings opgenoem, |
| 91 *pīšatīki u erretīki* | jou beledigings en jou vloeke!" |
| 92 *Ištar pâšu īpušma iqabbi* | Ishtar |
| 93 *izakkara ana Anu abiša* | sê vir Anu, haar pa: |
| 94 *abī alâ bīnamma* | "Pappie! Gee die Hemelbul! |
| 95 *Gilgameš lunīr xxx ina šubtišu* | Mag hy Gilgamesh in sy woonplek doodmaak! |
| 96 *šumma alâ lā tadanni* | As jy die Hemelbul nie vir my gee nie |
| 97 *amaḫḫaṣ daltum sikkurū ašebbir* | sal ek deure stukkend slaan en slotte breek, |
| 98 *ašebbir sippa daltī ušablakat* | ek sal deurpoorte breek en (alles) omkeer, |
| 99 *ušellamina mītī ikkalū balṭūtī* | ek sal die dooies laat opkom, en hulle sal die lewendes opeet, |
| 100 *eli balṭūtī ušamadu mītī* | en die dooies sal meer word as die lewendes!" |

Ishtar skop 'n kabaal op wat enige tweejarige sal beskaam. Sy huil en gaan verkla Gilgamesh by haar twee ouers, Anu en Antum (r 82 - 86). Anu weet Ishtar is waarskynlik nie so onskuldig soos wat sy voorgee nie (r 87 - 89), maar Ishtar wil niks weet nie. Al wat belangrik is, is dat sy in haar eer gekrenk is, en nou wil sy haarself wreek: sy eis dat haar pa vir haar die Hemelbul gee!

Die Hemelbul word gesien as 'n demoon (Parpola, 1997: 120), en word ook in verband gebring met die astrologiese konstellasie Taurus (George, 1998 : 47). Die Hemelbul se taak is om Gilgamesh dood te maak (r 95). Wat die aard van die dierasie is, is dat hy op vernietiging en uitwissing ingestel is. Met hierdie nuwe speelding wil Ishtar nou vir Gilgamesh vermaak. En as Anu weier, dreig Ishtar om self verwoesting te saai: dieselfde dreigemente as wat in "Ishtar se Reis na die Onderwêreld" voorkom, herhaal sy.

Die teks wat volg is gebroke. Dit lyk asof Anu met sy dogter probeer redeneer. Hy is tog besorg oor die welsyn van die mense op aarde.

| | |
|---|---|
| 101 *Anu pâšu īpušma iqabbi* | Anu |
| 102 *izakkara ana rubûti Ištar* | sê vir die grote Ishtar: |
| 103 *šumma alâ terrišinni* | "As jy die Hemelbul van my vra |
| 104 *x māti Uruk sebû šattu pê* | sewe jare lank sal daar kaf in die land van Uruk wees - |
| 105 *ana nišī pî lū tupaḫiri* | net kaf sal jy vir die mense versamel, |
| 106 *xxx lurabbi šammu* | mag jy tog maar gras laat groei!" |

Sewe jare hongersnood is wat op die mense van Uruk wag, indien Anu die Hemelbul vir Ishtar gee. Maar Ishtar bly beslis. 'n Samehangende relaas ontbreek, slegs die volgende geïsoleerde woorde help om 'n indruk te vorm van die gesprek tussen pa en dogter:

| | |
|---|---|
| 107 *Ištar pâšu īpušma iqabbi* | Ishtar |
| 108 *izakkara ana Anum abišu* | sê vir haar pa: |
| 109 *abī xxx-akkum* | "Pappie |
| 110 *xxx ušabši* | Daar bestaan xxx |
| 111 *xxx sebû šattu pê* | sewe jare kaf |
| 112 *ana nisī pê uptaḫḫir* | Vir die mense sal ek sewe jaar lank kaf bymekaar maak, |
| 113 *xxx šammu* | Gras... |
| 114 *xxx ša alê xxx šâšu* | wat die bul...hulle..." |

George (1999 : 51) se vertaling vul die ontbrekende woorde plek-plek in. Hieruit blyk dit dat Ishtar sowel as die mense genoegsame voorsorg getref het om sewe jare lank nog aan die lewe te bly. Al waarop Ishtar knaend aandring, is om haarself te wreek met die Hemelbul. En sy oortuig haar pa:

| | |
|---|---|
| 115 *išmema Anu qaba Ištar mārtišu* | Anu hoor wat Ishtar sy dogter sê. |
| 116 *ṣerret alîmma ana qātīša iškun* | Hy plaas die teuels van die Hemelbul in haar hande. |
| 117 *illikma ireddašu Ištar* | Hy gaan waar Ishtar hom lei... |
| 118 *ana ša Uruk ina kašādi* | na Uruk - om uit te wis! |

Die gevolg is, soos wat Anu voorsien het, 'n tragedie.

| | |
|---|---|
| 121 *ina nipšišu ša alê šuttatu ippeteme* | Toe die bul snork, gaan daar 'n put oop, |
| 122 *meat eṭlū ša Uruk imtaqutū ina libbi* | honderd mans van Uruk val binne-in. |
| 123 *ina šanî nipšišu šuttatu ippetema* | Met sy tweede snork gaan 'n put oop, |
| 124 *šanū meat eṭlū ša Uruk imtaqutū ana libbi* | 200 mans van Uruk val binne-in. |
| 125 *ina šalši nipšišu šuttatu ippetema* | Met sy derde snork gaan 'n put oop, |
| 126 *Enkidu imtaqut ana libbi* | Enkidu val binne-in! |

En die leser hou asem op. Wat nou? Waar is Enkidu? In 'n put, saam met die ander 300 mans van Uruk?

| | |
|---|---|
| 127 *išhiṭamma Enkidu alâ iṣṣabat ina qarnīšu* | Enkidu spring op, hy gryp die bul aan sy horings, |
| 128 *alâ ana pânišu issuka rupušta* | in die gesig van die bul gooi hy skuim, |
| 129 *ina kubur zibbatišu kabūssu xxx* | die mis aan sy dik stert xxx. |
| 130 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi* | Enkidu |
| 131 *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 132 *ibrī muštarriḫ* | "Vriend, ons sal beroemd wees!" |

(Reëls 133 -137, en 139 & 140 ontbreek heeltemal, maar vorm deel van Enkidu se woorde aan Gilgamesh.)

| | |
|---|---|
| 138 *luṣbat alâ ina kubur zibbatišu* | "Laat ek die bul aan sy dik stert gryp, |
| 141 *u ina birīt tikki qarnī u labâni* | en in die middel van die skof, horings en nek, |
| 142 *patarka ummid* | druk jou swaard in!" |
| 143 *iṣūdamma Enkidu xxx alâ* | Enkidu draai om na die bul, |
| 144 *iṣbatsuma ina kubur zibbatišu* | en gryp hom aan sy dik stert. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 145 >>>> | >>>>> |
| 146 *u Gilgameš kî ṭâbiḫu* | en Gilgamesh, soos 'n slagter, |
| 147 *qardi u xx* | heldhaftig, |
| 148 *ina birīt tikki qarnī u labâni pataršu ummid* | in die middel van die skof, horings en nek, druk hy sy swaard in. |

Weer eens het die twee helde nie teleurgestel nie. Nog 'n monster is daarmee heen. Nog 'n oorwinning. Nog eer.

Die beskrywing van die geveg (r 127 vv) is volgens Maier (Gardner & Maier, 1984 : 160) meer as 'n blote aanval op die Bul. Veel eerder word hier 'n soort atletiese spel gesuggereer - soortgelyk aan die voorstellings wat teen die mure van die paleis op Kreta afgebeeld word. Vir die mense - die wat die aanvalle van die Bul oorleef het - was hierdie stiergeveg 'n skouspelagtige belewenis, en dwing Gilgamesh en Enkidu net nog meer respek af.

Na afloop van die geveg, doen hulle die volgende:

| | |
|---|---|
| 149 *ištu alâ inārū libbašu inassaḫū* | Nadat hulle die Bul doodgemaak het, haal hulle sy hart uit |
| 150 *ina pān Šamaš xxx ištaknū* | en plaas dit voor Shamash. |
| 151 *irīqūnimma ana pān Šamaš uškinnū* | Hulle tree terug, en val voor Shamash neer. |
| 152 *ittašbū aḫū kilallan* | Albei die broers gaan sit. |

Shamash word slegs hier genoem. Teenoor sy prominente rol in die Humbaba-episode lyk dit nie asof hy enige aandeel in die Hemelbul-gebeure gehad het nie. Nietemin is hy die god aan wie Gilgamesh en Enkidu eer betoon. Natuurlik is Ishtar hoegenaamd nie beïndruk nie!

| | |
|---|---|
| 153 *īlima Ištar ina eli dūri Uruk supūri* | Ishtar gaan op na die mure van Uruk, |
| 154 *išḫiṭ ḫuppa ittadi arūrūta* | sy spring en dans, en sit 'n keel op: |
| 155 *allû Gilgameš ša uṭappilanni alâ idduk* | "Wee Gilgamesh wat my beswadder en die Hemelbul doodgemaak het!" |
| 156 *išmema Enkidu annâ qabe Ištar* | Enkidu hoor wat Ishtar sê. |
| 157 *išluḫ imittī alî ana pāniša iddi* | Die regterflank van die Bul ruk hy uit, en smyt dit in haar gesig. |
| 158 *u akkâsi lū akšudki kî šâšuma* | "En jy, vir jou sal ek uitwis, nes hy! |

| | |
|---|---|
| 159 *lū ušemiki* | Mag ek jou mismaak, |
| 160 *errēšu lū alula aḫīki* | en sy binnegoed aan jou arms ophang!" |
| 161 *uptaḫḫir Ištar kezretī* | Ishtar maak haar kezret-prostitute bymekaar, |
| 162 *šamḫatī u ḫarimatī* | die shamhat- en harimtu-prostitute, |
| 163 *ina eli imitti alî bikīta iškun* | en sy ween oor die regterflank van die Bul. |

In plaas daarvan dat die Hemelbul vir Gilgamesh doodmaak, maak Gilgamesh en Enkidu die Bul dood. Die *'ḫuppu'* (r 154) wat sy uitvoer, is 'n soort rituele dans (Parpola, 1998 : 126) - waarskynlik om die dood van die Bul te betreur. Net hierna spreek sy 'n vloek oor Gilgamesh uit. In die antieke tye was die wee-formule ook 'n skande-formule (Hanson, 1994 : 94) en word verstaan as 'n uitdaging vir die eer van die aangesprokene. Die doel van die uitspraak was om die ander een in die skande te bring, om hom sy status en respek in die samelewing te laat verloor.

Maar weer eens gebeur die teendeel vir arme Ishtar. Enkidu tree ter wille van sy vriend op. Nou, benewens die feit dat hulle haar nuwe speelding waarmee sy hulle wou vermaak, gebreek het, word die stukkende ding in haar gesig teruggegooi.

Eer en skaamte, gekoppel aan liggaamsdele (reëls 157 - 160) is betekenisvol in hierdie verband. Die regterkant van die Bul, sy sterk kant, simbool van mag en sterkte (vgl. 2.2.2.4) word deur Enkidu afgeruk - sy liggaam word dus geskend, onteer. Ishtar se eer, geassosieer met haar kop en gesig (vgl. 2.2.2.4) word geskend deurdat Enkidu die regterkant van die bul in haar gesig gooi. Hier was twee konflikterende partye: Gilgamesh en Enkidu teenoor Ishtar en haar Hemelbul. In hierdie voorval word egter nie al die reëls vir 'n uitdaging tot 'n eerstryd nagekom nie (vgl. 2.2.2.2): die twee partye is nie almal manlik (selfs nie eens menslik) nie, en hulle is ook nie sosiale gelykes nie. Nogtans vind die bloedige stryd om eer inderdaad in die openbaar plaas met die oorlewendes as getuies. Die Bul word doodgemaak, en Ishtar, daar op die mure van Uruk waar almal haar kan sien, beleef 'n openbare vernedering wanneer die Bul se flank in haar gesig gegooi word. Eer vir Gilgamesh en Enkidu en skande vir die godin. En Gilgamesh?

Tog so voorspelbaar:

| | |
|---|---|
| 164 *issima Gilgameš* | Gilgamesh roep |
| *ummani kiškatte kalâma* | die hele klomp ambagsmanne, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 165 *kubur qarnīšu unaddū māru umanni* | die klomp seuns prys die dikte van die horings: |
| *30 manû uqnû šipikšina* | 30 mina lapis lazuli is hul massa, |
| 166 *šinû ubāne taḫbâtušina* | twee vingers (dik), die omhulsel, |
| 167 *6 kurru šamnu ṣibit kilallē* | 6 kor olie is die kapasiteit van beide - |
| 168 *ana piššat ilišu Lugalbanda iqīš* | 'n reuksalf skenk hy vir sy god, Lugalbanda, |
| 169 *ušerimma ītalal ina urši ḫammutišu* | hy bring dit in, en hang dit op in sy slaapkamer. |

Nadat die klomp mans die horings bewonder en geprys het (r 164 - 167), bring Gilgamesh hulde aan die antieke koning van Uruk, Lugalbanda (r 168); daarna gaan hang hy die trofee in sy binnekamer om elke dag daarna te kyk.

Eers Humbaba, en nou die Hemelbul. Gilgamesh en Enkidu het hul eer dubbeld en dwars verdien. Hulle het hulself as helde bewys wat onaardse monsters onverskrokke en doodsveragtend tegemoet gaan...so-te-sê. Die mense van Uruk kan nie anders as om hulle te bewonder en te eer nie. Alles natuurlik in die openbaar.

| | |
|---|---|
| 170 *ina nāri Purattu imsū qātīšun* | In die Eufraat-rivier was hulle hul hande, |
| 171 *iṣṣabtūnimma illakūni* | hand aan hand kom hulle in, |
| 172 *sūqa ša Uruk rakbūni* | hulle ry in die strate van Uruk, |
| 173 *paḫrā nišū ša Uruk idaggalāšunu* | almal bymekaar kyk die mense van Uruk na hulle. |
| 174 *Gilgameš ana muttabbilatī ša ekallašu* | Gilgamesh sê vir die diensknegte van sy paleis: |
| 175 *amata izakkar* | Hy sê die woorde: |
| 176 *mannumma banî ina eṭlī* | "Wie's die beste onder die helde? |
| 177 *mannumma šaruḫ ina zikārī* | Wie staan uit onder die mans? |
| 178 *Gilgameš banî ina eṭlī* | Gilgamesh is die beste onder die helde! |
| 179 *Enkidu šaruḫ ina zikārī* | Enkidu staan uit onder die mans!" |

Gilgamesh basuin sy eie groot eer uit deur middel van 'n 'raaisel', wat hyself onmiddellik oplos. Natuurlik is hy en Enkidu die helde van die verhaal, daar is niemand groter en beter as hulle nie. Die verrigtinge word afgesluit met 'n openbare vertoon van eer. Gilgamesh se besittings stel hy ten toon in die vorm van 'n groot banket (vgl. 2.2.2.4).

| | |
|---|---|
| 183 *Gilgameš ina ekallišu ištakan ḫidūtu* | Gilgamesh hou 'n vreugdefees in sy paleis. |
| 184 *utullūma eṭlū ina maiāl mūši ṣallu* | Die jongmans lê en slaap in hul beddens vir die nag. |
| 185 *utūlma Enkidu šunanta inaṭṭal* | Enkidu lê, hy droom. |
| 186 *itbema Enkidu šunata ipaššar* | Enkidu staan op, hy lê die droom uit. |
| 187 *izakkara ana ibrišu* | Hy sê vir sy vriend: |
| 188 *ibrī aššu mīnama imtallikū ilânī rabûti* | "Vriend, waarom hou die groot gode beraad?" |

Tablet VI word op 'n onheilspellende noot afgesluit. Tot dusver het drome in die Gilgamesh-epos 'n belangrike rol gespeel. Tot dusver is al die drome positief geïnterpreteer, en het sake ten gunste van die helde verloop.

Maar hoe lank kan geluk hou? Hoe lank durf die mens op die kruin van sy sukses ry? Veral as die groot gode oor jou praat...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## H. DIE DOOD: NIE DAT NIE, MAAR HOE

Enkidu skrik rillend wakker van sy nagmerrie. Hy praat met sy vriend. Tablet VII begin:

| | |
|---|---|
| 1 *ibrī aššu mīnama imtallikū ilī rabûtī* | "Vriend, waarom hou die groot gode beraad? |
| 2 *šimanni ibrī šunata aṭṭul mūšītia* | Luister na my, my vriend, ek het vannag 'n droom gehad. |
| 3 *Anu Enlil Ea u Šamaš paḫruma imtalkū* | Anu, Enlil, Ea en Shamash het saam beraadslag. |
| 4 *Anu pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Enlil* | Anu sê vir Enlil: |
| 5 *aššu alâ iṣbatūma inārū* | 'Omdat hulle die hemelbul gegryp en doodgemaak het, |
| 6 *ušalpitū Ḫumbaba ša ina qišti erēni ašbu* | Humbaba oorweldig het wat in die sederbos gebly het, |
| 7 *aššu erēni ina ḫuršāni issuhū* | omdat hulle die seders op die berg uitgetrek het, |
| 8 *išten ina libbišunu limūt* | moet een van hulle sterf!' |
| 9 *Enlil pâšu īpušma iqabbi* | Enlil sê: |
| 10 *limūt Enkidu Gilgameš ai imūt* | 'Laat Enkidu sterf - Gilgamesh mag nie sterf!' |
| 11 *Šamaš pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Enlil* | Shamash sê vir Enlil: |
| 12 *ul ina eli pîka illikūma* | 'Het hulle dan nie op jou bevel gegaan, |
| 13 *inārū alâ ušalpitū Ḫumbaba* | die hemelbul doodgemaak en Humbaba oorweldig nie? |
| 14 *eninna Enkidu ša lā iḫṭu kīkī imât* | Nou, Enkidu wat nie gesondig het nie, hoekom moet hy sterf?' |
| 15 *Enlil izizma ana Šamaš amata izakkar* | Enlil was kwaad vir Shamash, en hy sê: |
| 16 *aššu ūmussu turriduma ša kīma šunūti xxx...* | 'Omdat jy elke dag afgaan wat soos hulle xxx...'" |
| 17 *nadima Enkidu ina maḫar Gilgameš* | Enkidu gooi homself neer voor Gilgamesh. |
| 18 *ša Gilgameš īnāšu imlâ dīmtū* | Gilgamesh se oë skiet vol trane. |
| 19 *ibrī talīmi ammīni kūm ibrīa umaššarūinni* | "My vriend, my broer! Waarom, laat hulle my gaan, in plaas van my vriend?" |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 'n droom sien Enkidu hoe die groot gode beraadslag en sy dood beplan. Verskrikking wag op die twee vriende. Die dood gaan 'n einde bring aan hul hegte vriendskap, en hulle is magteloos om iets daaraan te doen. Enkidu kan sy lot nie onmiddellik aanvaar nie. Aanvanklik reageer hy irrasioneel en met aggressie:

| | |
|---|---|
| 37 *Enkidu pānišu ittašima* | Enkidu lig sy gesig op. |
| 38 *itti dalti itama kî amēli* | Hy praat met die deur soos met 'n mens. |
| 39 *daltu ḫalbi lā ḫassāt* | "Deur van die bos, jy het geen geheue nie, |
| 40 *balāṭ uzniša lā ibaššu* | begrip vir die lewe bestaan nie." |

Hy beskryf vervolgens die aanskoulikheid van die deur: hoe hoog die boom was waaruit dit gemaak is, en hoe mooi die voltooide produk nou in Nippur lyk. Hy sluit sy rede af:

| | |
|---|---|
| 59 *eninna daltu anāku epuški* | "Nou Deur, ek het jou gemaak, |
| 60 *anāku aššaki xxx riš libbaki* | ek, ek het jou gedra, en jy was bly. |
| 61 *lū šarru ša ela arkatīa lizirki* | Mag die koning wat na my kom, jou vervloek!" |

Enkidu is kwaad en bitter. Die vloek wat op hom rus, projekteer hy na ander - eerstens na 'n lewelose objek, 'n deur. Seën en vloek staan direk teenoor mekaar (Hanson, 1994 : 87). Seëninge sowel as vloeke is gewoonlik uitgespreek deur iemand met gesag (Hanson, 1994 : 85). Mense is geseën met middele wat aan hulle eer in die gemeenskap gegee het: 'n vloek sou die verlies van hierdie middele beteken, en derhalwe skande in die gemeenskap meebring. Enkidu wil sy eie skande afweer deur skande oor ander te bewerk.

Gilgamesh raak bekommerd.

| | |
|---|---|
| 66 *Gilgameš amatī ša Enkidu ibrišu* | Gilgamesh hoor die woorde van Enkidu sy vriend, |
| 67 *ištenemme illakā dīmāšu* | en sy trane kom. |
| 68 *Gilgameš pâšu īpušma* | Gilgamesh sê |
| *izakkara ana Enkidu* | vir Enkidu: |
| 69 *Enkidu ibrī libbu rapšu pî kīnu* | "Enkidu, my vriend, so groothartig en welsprekend, |
| 70 *ibrī ša ṭemu rašu šanatima xxx* | my vriend wat verstand gekry het, het verander. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 71 *ammīni ibrī idbub libbaka šanatima* | Hoekom, my vriend, praat jou hart nou anders? |
| 72 *šuttum šūquratma pirittum ma'dat* | Die droom was eienaardig, die skrik was groot. |
| 73 *šaptāka iḫama kīma zumbī* | Jou lippe is soos lam vlieë. |
| 74 *xxx ma'du šuttum aqrat* | Groot was die (skrik?), die droom was eienaardig. |
| 75 *ana balṭi īzibū nasāsa* | Hulle los die een wat lewe om te huil, |
| 76 *šuttum ana balṭi nissata īzib* | die droom laat kommer vir die een wat lewe. |
| 77 *lullikma lusappa ilī rabûtī* | Laat ek gaan, laat ek tot die groot gode bid, |
| 78 *x lušte'a iluka luṣalli* | laat ek jou god soek, laat ek bid |
| 79 *ana Enlil maliki abi ilī xxx* | tot Enlil, raadgewer en vader van die gode! |
| 80 *ḫuraṣi lā mina ṣalamka lupuš* | Van goud sonder perke sal ek jou standbeeld maak!" |

Maar dit troos Enkidu glad nie.

| | |
|---|---|
| 81 *Enkidu pâšu īpušma iqabbi izakkara ana Gilgameš* | Enkidu sê vir Gilgamesh: |
| 82 *xxx lā tanamdin ḫuraṣa* | "Moenie goud gee nie. |
| 83 *ša Enlil iqbu ul kî mî ša bûri* | Wat Enlil sê is nie soos water van 'n put nie, |
| 84 *ša iqbu ul itūr ul inni* | wat hy sê, trek hy nie terug nie, verander hy nie, |
| 85 *ša dīssi iddu ul itūr ul ipšiṭ* | die oordeel wat hy gee, trek hy nie terug nie, wis hy nie uit nie! |
| 86 *ibrī ul xxx* > | My vriend ... |
| 87 *kīma iṣṣūrī šina nišū illaka* | soos voëls gaan die mense." |

Van 'n lewelose objek brei Enkidu sy vloeke uit na die lewendes:

| | |
|---|---|
| 88 *mimmû šēri ina namāri* | Toe alles in die oggend begin helder word, |
| 89 *išši rēšišu Enkidu ana pān Šamaš ibakki* | lig Enkidu sy kop op en huil voor Shamash, |
| 90 *ana pān šarurī ša šamaš illaka dīmašu* | in die strale van die son vloei sy trane: |
| 91 *amḫurka Šamaš aššu nakrati šīmti* | "Ek smeek jou, Shamash, oor die vyandige noodlot - |
| 92 *aššu ṣaiādi ḫabbilu amēlu* | oor die jagter, die wreedaard van 'n man |
| 93 *ša lā ušamṣanni mala ibrīa* | wat my nie toegelaat het om in elke opsig my vriend se gelyke te wees nie, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 94 *ṣaiādu aj imṣa mala ibrišu* | die jagter, mag hy in geen opsig sy vriend se gelyke wees nie! |
| 95 *nēmelšu lū ḫaliqma idišu muṭṭi* | Mag sy profyt verdwyn, mag sy krag verminder!" |

Selfs die tempelprostituut loop deur:

| | |
|---|---|
| 99 *u ḫarimti Šamḫat libbašu arāra ubla* | Sy hart dra 'n vloek na die prostituut Shamhat: |
| 100 *alki Šamḫat šīmata lušīmki* | "Kom Shamhat, laat ek die noodlot vir jou bepaal, |
| 101 *šīmat lā iqatta u ana dūr dāiar* | die lot wat vir ewig en altyd nie sal eindig nie." |

Sy sal nooit deel wees van 'n gesin nie, mooi klere sal sy nooit dra nie, deur mense, dronkaards en uitvaagsels sal sy misbruik word. Enkidu verstrek die rede vir die vloek:

| | |
|---|---|
| 128 *aššu iāši ellu x murṣu tēpešinni* | Want vir my, wat onbedorwe was, het jy siek gemaak, |
| 129 *u iāši ellu teddinni ina ṣēria* | ja, dit het jy vir my wat onbedorwe was, aangedoen op my steppe!" |

Vir die god van redelike denke is hierdie irrasionele redenasie onaanvaarbaar.

| | |
|---|---|
| 130 *Šamaš išma zikir pîšu* | Shamash hoor wat hy sê. |
| 131 *ulta ulânuma tukku ultu šamê iltanasaššu* | Skielik roep daar 'n stem uit die hemel: |
| 132 *ammīni Enkidu ḫarimti Šamḫat tananzar* | "Enkidu, waarom vloek jy die prostituut Shamhat? |
| 133 *ša ušakiluka akla simat ilūti* | Sy wat jou brood gevoer het wat pas by gode, |
| 134 *kurunna išquka simat šarrūti* | jou dadelwyn laat drink het wat pas by konings, |
| 135 *ulabbišuka lubša rabâ* | jou met pragtige klere aangetrek het, |
| 136 *u damqu Gilgameš tappa ušaršuka kâša* | en die aantreklike Gilgamesh as kameraad vir jou laat kry het? |
| 137 *eninnama Gilgameš ibri talīmeka* | Nou, Gilgamesh, vriend en jou broer, |
| 138 *ušnālkama ina maiāli rabî* | hy sal jou op 'n grootse bed laat lê, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 140 *ušeššebka šubta nīḫta šubat šumēli* | hy sal jou op 'n rustige sitplek, 'n sitplek aan die linkerkant laat sit, |
| 141 *malkū ša qaqqari unaššaqū šēplīka* | die konings van die aarde sal jou voete soen, |
| 142 *ušabkāka nīsī ša Uruk ušadmamaka* | hy sal die mense van Uruk oor jou laat huil en kerm, |
| 143 *šamḫatī nīšī umallaka dulla* | die prostitute van die mense sal vol hartseer wees oor jou. |
| 144 *u šu arkika ušašša malâ pagaršu* | Na jou sal hy sy liggaam laat vuil word, |
| 145 *iltabbiš maškī labbīmma irappud ṣēri* | hy sal 'n leeuvel aantrek en rondswerf op die steppe." |

Shamash openbaar homself hierdie keer nie deur 'n droom nie, maar direk (r 131). Hy herinner Enkidu aan al die wonderlike gawes wat hy uit die hand van Shamhat ontvang het - alles gawes wat met die beskaafde lewe te make het en wat hom as mens van die diere onderskei het (r 133 - 136). Deur die bemiddeling van Shamhat het Gilgamesh sy vriend en broer geword (r 137). Gilgamesh sit die reeks van gawes voort, selfs na Enkidu se dood (r 137 - 143). Die eerbetoon van die konings van die aarde (r 141) en die hartseer van die mense en prostitute (r 142 & 143) is deel van die proses. In hierdie verband dui die *šubat šumēli* (r 140), die sitplek links, waarskynlik op 'n plek langs Gilgamesh, simmetries, gelyk, en nie op 'n posisie van skande nie. Hierdie bewering word gestaaf in reëls 144 & 145 wanneer Gilgamesh se smart so groot word dat hy homself heeltemal verloor, en word wat Enkidu was, voordat hy met die beskawing in aanraking gekom het (Gardner & Maier, 1984 : 288).

'n Vloek is egter nie maar ydele woorde nie. 'n Vloek is 'n kragtige middel waarmee die noodlot verander kan word (Gardner & Maier, 1984 : 175), 'n vloek word nie uitgewis nie. Die enigste manier waarop 'n vloek uitgebalanseer kan word, is deur middel van 'n seën.

| | |
|---|---|
| 146 *išema Enkidu amat Šamši qurādi* | Enkidu hoor die woorde van Shamash, die held. |
| 147 *ipšaḫ agga libbašu inūḫ* | Sy woede kalmeer, sy hart word rustig. |

Shamhat is gelukkig - gelukkiger as die deur en die jagter. Haar vloek word met 'n seën uitgekanselleer, die deur en die jagter s'n nie.

| | |
|---|---|
| 151 *alki Šamḫat šīmtaki lunakkir* | "Kom Shamhat, laat ek jou lot verander, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 255 *ša ittika attallaku kalu marṣātu* | "Jy, saam met wie ek allerlei ontberinge ondergaan het, |
| 256 *ḫussannima ibrī mimmû atallaku ē tamši* | onthou my, my vriend, alles wat ek ondergaan het, moenie vergeet nie!" |

Die dood is onafwendbaar. Sy enigste hoop is gerig op diegene wat agterbly: dat hulle hom nie mag vergeet nie. Terwyl sy naam bly staan, terwyl hy nog onthou word, bly bestaan sy eer (vgl. 2.2.2.3).

Hierna word Enkidu vir die volgende twaalf dae al sieker en sieker.

| | |
|---|---|
| 264 *ša Enkidu murṣu iktabit šīrušu xxx* | Enkidu se siekte pynig sy vlees. |
| 265 *išteššerû u šinšerû xxx* | Elf, twaalf (dae lank?). |
| 266 *Enkidu ina maiālišu* | Enkidu is op sy bed. |
| 267 *ilsima Gilgameš mali piritta* | Hy roep Gilgamesh, hy is vol van vrees. |

Die res van die bestaande Akkadiese teks is uiters fragmentaries. Dit is egter insiggewend om George (1999 : 62) se vertaling aan te haal:

'[*My god*] has taken against me, my friend, ....,
[*I do not die*] like one who [falls] in die midst of battle.
I was afraid of combat, and .....
My friend, one who [falls] in combat [*makes his name,*]
but I, [*I do not fall*] in [*combat, and shall not make my name*].'

Uiteindelik word dit die ding wat Gilgamesh die meeste vrees. Die dood as sodanig is iets om voor bang te wees, maar die ergste van die dood is die manier waarop die mens sterf. Iemand wat op die slagveld sterf, maak vir homself naam, sy herinnering bly staan, hy word geëer vir wat hy gedoen het, selfs na sy afsterwe. Maar Enkidu sterf aan siekte - in skande.

Gilgamesh en Enkidu het nie genoegsame ontsag vir die gode gehad nie (vgl. 2.2.2). Vandat hulle teen Humbaba opgeruk het totdat hulle vir Ishtar in die openbaar verneder het, was hul houding een van minagting vir die gesag van die gode, en bring hulle die eer van die gode in die gedrang. Om hul gekrenkte eer te wreek, speel die gode die finale troefkaart wat hulle in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hul hand hou: die Dood. Die gode het die sê en die mag oor die dood - en wanneer hulle die dood in werking laat tree, is die mens magteloos om iets daaraan te doen. Slegs die dood kan Gilgamesh en Enkidu stuit - en dit gebeur baie doeltreffend wanneer Enkidu sterf. Hierdie rondte wen die gode.

Die res van Tablet VII ontbreek heeltemal.

Tablet VIII begin met Gilgamesh wat mense en dinge van heinde en ver oproep om oor Enkidu te treur. Die woord wat herhaaldelik gebruik word, is *'bakû'* - om te huil.

| | |
|---|---|
| 8 *libkâka ai iparakka* | "Mag hulle sonder ophou huil oor jou, |
| 9 *libkûnakka šībū* | mag die oudstes oor jou huil! |
| 14 *libkika šurmēni erēni* | Mag die seder-sipres oor jou huil! |
| 16 *libkika asu* | Mag die beer oor jou huil! |
| 18 *libkika Ulāia* | Mag die Ulaia-rivier oor jou huil, |
| 19 *libkika elletu Purattu* | mag die rein Eufraat oor jou huil! |
| 21 *libkûka eṭlū ša Uruk supūri* | Mag die jongmans van veilige Uruk oor jou huil! |
| 23 *libkika ikkāru* | Mag die boer oor jou huil!" |

Reëls 25, 27, 29, 31 en 33 begin elke keer met die logogram KI.MIN wat beteken dat die bostaande frases herhaal word. Hierdie reëls begin dus ook met die prekatief-vorm van *bakû* om mense of dinge tot 'n geween op te roep. Hierdie oproep sluit af:

| | |
|---|---|
| 35 *libkûka xxx* | "Mag xxx oor jou huil! |
| 37 *libkûka eṭlū aḫê libkû elika* | Mag die jongmans huil, mag die broers oor jou huil!" |

Uiteindelik val die fokuspunt van die roubeklaers op Gilgamesh self:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 40 *ina namêšuma abakkaka ṣarpiš* | "Op die velde sal ek bitterlik oor jou huil! |
| 41 *šimenni eṭlī šimenni iāši* | Luister na my, jongmans, luister na my, |
| 42 *šimenni šībūtū ša Uruk šimenni iāši* | luister na my, ou manne van Uruk, luister na my! |
| 43 *anāku ana Enkidu ibrīa abakki* | Ek sal huil oor Enkidu, my vriend, |
| 44 *kīma lallarīti anamba ṣarpiš* | soos 'n kermende vrou sal ek bitterlik kerm!" |

Alhoewel die diadiese persoonlikheid nie veronderstel is om sy innerlike gevoelens te laat blyk nie (vgl. 2.3), is daar wel sekere sosiale situasies waar daar van hom of haar verwag word om beheer te verloor (Neyrey, 1991 : 80). Die afsterwe van 'n geliefde is so 'n geleentheid. Gilgamesh tree op hierdie stadium nog heeltemal binne die reëls op as hy uiting gee aan sy diepe hartseer oor die dood van sy vriend.

Die einde is naby. Gilgamesh is aan die woord:

| | |
|---|---|
| 54 *eninna mīnu šittu ša iṣbatu ana kâši* | "Watter soort slaap het jou nou gegryp? |
| 55 *ta'adramma ul tašemmanni iāši* | Jy's bewusteloos! Hoor jy my dan nie? |
| 56 *u šu ul inašša rēšašu* | Hy lig nie sy kop nie! |
| 57 *alput libbašuma ul inakkud mimmama* | Ek voel aan sy hart - maar dit klop glad nie!" |
| 58 *iktumma ibri kî kallati pānušu* | Soos 'n bruid bedek hy die gesig van die vriend, |
| 59 *kî arê isâr elišu* | soos 'n arend sirkel hy rondom hom, |
| 60 *kî nēšti ša ina šuttate mūrānša* | soos 'n leeuwyfie wie se kleintjies in 'n put is, |
| 61 *ittanasḫur ana pānišu u arkassu* | loop hy in die rondte, voor hom, agter hom. |
| 62 *ibaqqam u itabbak qunnūntu pērtūm* | Sy krullerige hare pluk hy uit en skeer dit af, |
| 63 *inassaḫ u inamdi damquti asakkiš* | sy mooi klere trek hy uit en gooi dit weg, asof dit taboe is. |

Gilgamesh weier aanvanklik om te erken dat Enkidu dood is. Hy slaap net (r 54). Maar spoedig besef hy die werklikheid: sy vriend toon geen reaksie op wat hy sê of doen nie ( 55 - 57). Vanaf reël 58 - 63 is Gilgamesh nie langer aan die woord nie - sy smart is te groot. Die verteller neem van buite waar wat gebeur. Die vriendskapsband was gelykstaande aan 'n hegte huweliksband - dit blyk uit die manier waarop Gilgamesh sy vriend se gesig bedek (r 58). Maar net hierna blyk die eerste tekens van die dierlike, die redelose. Gilgamesh word eers met 'n arend vergelyk wat sirkel (r 59), en daarna met 'n leeuwyfie wat magteloos moet toekyk hoe haar kleintjies in 'n put vasgekeer is. Volgens Maier (Gardner & Maier, 1984 : 189) begin

Gilgamesh homself hiervandaan toenemend met Enkidu se bestaan op die steppe identifiseer. Nietemin is die uitruk van sy hare en die skeur van sy klere nog in orde: dit is die tradisionele wyse waarop mense in die Ou Nabye Ooste smart laat blyk het (Gardner & Maier, 1984 : 189).

Die redelike fase, die Apolliniese fase van die verhaal word afgesluit:

| | |
|---|---|
| 70 *Gilgameš ibna ṣalam ibrišu* | Gilgamesh maak 'n standbeeld van sy vriend. |

Soos wat Shamash aan Enkidu voorspel het (Tablet VII, reëls 137 - 145) neem Gilgamesh hom voor om die volgende te doen:

| | |
|---|---|
| 82 *ušnalkama ina maiāli rabûti* | "Ek sal jou op 'n grootse bed laat lê, |
| 83 *ina maiāl takni ušnalkama* | op 'n bed van eer sal ek jou laat lê, |
| 84 *ušeššebka šubta niḫta šubat šumēli* | ek sal jou op 'n rustige sitplek laat sit, 'n sitplek aan die linkerkant |
| 85 *malkū ša qaqqari unaššaqu šēpīka* | Die heersers van die aarde sal jou voete soen, |
| 86 *ušabkaku nišī ša Uruk ušadmamaka* | ek sal die mense van Uruk oor jou laat huil en kerm, |
| 87 *šamḫatī nišī umallaka dulla* | die prostitute van die mense sal ek vul met smart oor jou. |
| 88 *u anāku arkika ušašša malâ pagri* | Ek, na jou sal ek my liggaam laat vuil word, |
| 89 *altabbišma ammatu labbimma arappud ṣēri* | ek sal 5 meter van 'n leeu aantrek, ek sal rondswerf op die steppe." |

Tablet VIII eindig met 'n beskrywing van hoe Gilgamesh nog sy hoedanigheid as koning en hoëpriester die laaste rituele van Enkidu se begrafnis voltrek - die laaste eerbetoon aan sy vriend. Offers word gebring, en verder word verskeie kosbare objekte gewy aan die gode en ander inwoners van die onderwêreld sodat hy Enkidu gasvry mag ontvang. Slegs 'n voorbeeld van so 'n ritueel word aangehaal:

| | |
|---|---|
| 165 *mê kaṣûti linaqqišu* | "Laat hulle koue water offer, |
| 166 *ana ibrīa liqbima libbašu ai imraṣ* | dat my vriend se hart nie siek word nie, laat hulle praat! |
| 167 *patri ṣurtu ša uqnû širimšu* | 'n Blink swaard met 'n handstuk van lapis lazuli |

| | |
|---|---|
| 168 *mišilti elleti Puratti* | wat lyk soos die rein Eufraat - |
| 169 *ana Bibbu ṭābiḫu erṣetim Šamši uktallim* | vir Bibbu, die laksman van die onderwêreld wys hy vir Shamash. |
| 170 *Bibbu ṭābiḫu erṣetim rapāštim* | "Bibbu, die laksman van die wye onderwêreld - |
| 171 *itti ibrīa lū ḫadima idašu illik* | mag hy bly wees oor my vriend, mag hy langs hom loop!" |

Enkidu is dood en begrawe. Gilgamesh het alles gedoen wat 'n vriend, 'n priester en 'n koning moontlik kon doen. 'n Tydperk van rou is heeltemal toelaatbaar - daarna moet die gewone dinge van die lewe weer aangaan.

Maar Gilgamesh kan die proses nie afsluit nie. Hy het meer as 'n goeie vriend verloor. In alle opsigte was hy en Enkidu gelyk, was hulle mekaar se alter ego's. Daarom, as hulle in die lewe gelykes was, is dit net logies dat hulle op dieselfde manier sal sterwe.

Enkidu het nie in eer, op die oorlogsveld gesterf nie, maar aan siekte - in skande. Vir Gilgamesh is die moontlikheid dat hy op dieselfde manier sterf so angswekkend, dat hy nie in staat is om nugter te dink nie. Sy vrees gee aanleiding tot 'n diep, diep depressie: hy verwaarloos sy voorkoms, en hy is nie langer in staat om sy werk te doen nie.

Hiervan word in Tablet IX vertel.

## I. ONTDAAN VAN EER: OP SOEK NA DIE EWIGE LEWE

In sy angs en droefheid voel Gilgamesh soos 'n vasgekeerde dier. Hy verlaat sy stad, Uruk, en gaan terug na waar Enkidu vandaan gekom het: na die steppe. Tablet IX begin:

| | |
|---|---|
| 1 *Gilgameš ana Enkidu ibrišu* | Gilgamesh huil bitterlik oor Enkidu sy vriend |
| 2 *ṣarpiš ibakkima irappud ṣēri* | terwyl hy ronddwaal op die steppe. |
| 3 *anāku amâtma ul kî Enkiduma* | "Ek, sal ek dan nie soos Enkidu sterf nie? |
| 4 *nissatum īterub ina karšīa* | Kommer benewel my verstand, |
| 5 *mūta aplaḫma arappud ṣēri* | ek vrees die dood, terwyl ek dwaal op die steppe." |

Daar is een moontlikheid - maar nie sonder probleme nie:

| | |
|---|---|
| 6 *ana lēt mār Ubara-Tutu* | "Na die seun van Ubara-Tutu |
| 7 *urḫa ṣabtākuma ḫanṭiš allak* | sal ek die pad vat, ek sal gou-gou gaan. |
| 8 *ana nērebetī ša šadî aktašad mušītu* | In die nag kom ek by die poorte van die berge, |
| 9 *nēšī āmurma aptalaḫ anāku* | ek sien leeus, ek word bang! |
| 10 *aššī rēšīa ana Sîn akarrab* | Ek lig my kop op, ek bid tot Sin, |
| 11 *ana Sîn ṣeti ilī illikū supûa* | Sin, die lig van die gode, hoor my gebede." |

Gilgamesh is bang (r 5 en 9). 'n Man toon sy manlikheid deur sy waagmoed en aggressie (vgl. 2.2.2.5). Maar Gilgamesh, die eertydse onverskrokkene het handomkeer verander tot 'n bang lafaard. Daar is geen blyke van 'n man van eer nie. Hy strompel voort in skande.

Die seun van Ubara-Tutu (r 6) na wie Gilgamesh op pad is, is Utnapishtim, die enigste oorlewende van die Groot Vloed, die een vir wie die groot gode met die ewige lewe geseën het. Hierdie verhaal word later volledig vertel. Op hierdie stadium hoop Gilgamesh om die geheim van die ewige lewe by Utnapishtim te wete te kom.

George (1999 : 71) gee hierna 'n aanhaling uit die Ou Babiloniese teks - dit kom nie in Sin liqe unninni se verhaal voor nie, en ook nie in Parpola se transliterasie nie. Dit is egter weer eens een van die welbekende gedeeltes en daarom word dit ook in hierdie skripsie aangehaal. Thompson (1930 : 50) se teks word gevolg:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 5 *Šamšu ītašuš idaqqussu* | Shamash was bedroef, en gaan nader na hom toe. |
| 6 *izzakaram ana Gilgameš* | Hy sê vir Gilgamesh: |
| 7 *Gilgameš êš tadâl* | "Gilgamesh, waarheen gaan jy? |
| 8 *balāṭam ša tasaḫḫuru lā tutta* | Die lewe wat jy soek, sal jy nie vind nie." |
| 9 *Gilgameš ana šâšum izzakkar ana quradim Šamši* | Gilgamesh sê vir die kryger, Shamash: |
| 10 *ištu eli ṣīrim atallu kī dâlim* | "Nadat ek al dwalende die steppe opgegaan het - |
| 11 *ina libbu irṣitim qaqqadī ummadu* | moet ek my kop in die hart van die onderwêreld neerlê |
| 12 *attīllamma kalû šanatim* | om te bly slaap, al die jare lank? |
| 13 *īnāia šamšan liptulāma nawirtam lušbi* | Laat my oë tog na die son draai, laat ek die glans geniet! |
| 14 *rīqit iklitum kī maṣi nawirtum* | Die donkerte is ver terwyl daar lig is. |
| 15 *māti mītum līmuram šarūrū šamši* | Laat die een wat 'n dood gesterf het tog kyk na die strale van die son!" |

Shamash is een van die min gode wat werklik meegevoel met die mensdom toon. Hy kry Gilgamesh so jammer dat hy direk met hom praat, en hom probeer oortuig om af te sien van sy vrugtelose soektog (r 5 - 8). Maar die irrasionele het reeds die redelike verdryf: die verhaal het inbeweeg in die Dionisusiese fase en Gilgamesh wil nie en kan nie rede insien nie. Hy verwerp die goeie raad van Shamash. Hy strompel voort.

| | |
|---|---|
| 38 *ana šad māši ina kašādišu* | Hy kom aan by die Tweelingberge |
| 39 *ša ūmišamma inaṣṣarū āṣe u ēreba* | wat die uitgaan en ingaan daagliks bewaak. |
| 40 *elušunu šupuk šamê tarišma* | Hul kruin raak die uitgestrekte firmament van die hemel, |
| 41 *šapliš arallê irassunu kašdat* | hul basis reik tot in die onderwêreld. |
| 42 *girtablilû inaṣṣaru bābašu* | Die skerpioen-mense bewaak die poort daarvan. |
| 43 *ša rašbat pulḫassunu imrassunu mūtu* | Verskriklik hul skrik - hul aanblik is die dood. |
| 44 *rabûtu melammušunu saḫip ḫursânī* | Uiters skouspelagtig, oorweldigend is die berge |
| 45 *ana āṣe šamši u ēreb šamši inaṣṣarū šamšima* | wat die son bewaak soos wat hy uitgaan en ingaan. |

Gilgamesh is nou baie naby aan die einde van die aarde. Hy het aangekom by die *Mašu*berg, oftewel die Tweelingberge, vanwaar die son elke dag uitgaan en weer teen die aand ingaan (r 38 & 39; 44 & 45).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die poort van hierdie berge word egter deur skerpioen-mense bewaak: hul voorkoms is genoeg om enige mens daar en dan in sy spore te laat omdraai (r 42 & 43). Meesterlik plaas die verteller die beskrywing van die skerpioenmense in die middel van sy beskrywing van die berge, kontrasteer hy die asemrowende prag van die berge met die verskrikking van die bewakers van sy poort.

| | |
|---|---|
| 46 *īmuršunutima Gilgameš puluḫta* | Gilgamesh sien hulle, hy is bang, |
| 47 *u rašubbata īterim pānišu* | en die oorweldigende skrik laat hom sy gesig bedek. |
| 48 *iṣbat ṭēnšuma iqrub maḫaršun* | Hy kry homself bymekaar, en gaan nader na hulle. |
| 49 *girtablilû ana sinnistišu išessi* | Die skerpioenman roep sy vrou: |
| 50 *ša illikannāši šīr ilī zumuršu* | "Hy wat na ons toe gekom het - sy liggaam is die vlees van die gode!" |
| 51 *girtablilû sinnistušu ippalšu* | Die skerpioenman se vrou antwoord hom: |
| 52 *šittāšu ilu šullultašu amēlutu* | "Twee derdes van hom is god, 'n derde van hom is mens." |
| 53 *girtablilû zikāru išessi* | Die skerpioenman roep, |
| 54 *ana Gilgameš (x) ilu amatu izakkar* | hy sê iets vir Gilgamesh wat soos 'n god is: |
| 55 *mannu atta ša tallika rūqata urḫa* | "Wie is jy wat met die ver pad kom? |
| 56 *tasḫurma takšuda adi maḫrīa* | Jy het rondgeswerf en gekom tot by my, |
| 57 *tētenebir tâmata ša eberšina pašqu* | jy het seë oorgesteek waarvan die oorgang moeilik is. |
| 58 *xxx > alaktaka lulmad* | Laat ek leer van jou reis, |
| 59 *ana mannimma alaki pānuka šaknu* | na wie toe gaan jy, rig jy jou gesig? |
| 60 *xxx > lulmad* | Laat ek leer!" |

Dit lyk darem asof die skerpioenmense meer nuuskierig as vyandig is. Hulle stel in hom belang en vra hom uit. Die volgende reëls ontbreek, maar vermoedelik is dit Gilgamesh wat antwoord. Dit is sy woorde vanaf reël 75.

| | |
|---|---|
| 75 *xxx Utnapišti abīa* | "Utnapishtim, my (voor)vader |
| 76 *ša izzizuma ina puḫri ilī balāṭa eš'e* | wat in die vergadering van die gode gestaan het, en lewe, soek ek." |
| 77 *mūta u balāṭa xxx >* | Dood en lewe.... |

| | |
|---|---|
| 78 *girtablilû pâšu īpušma iqabbi* | Die skerpioenman |
| 79 *izakkara ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 80 *ul ibši Gilgameš xxx* | "Dit bestaan nie, Gilgamesh. |
| 81 *ša šadî mamma durgišu ul ētiq* | Niemand het nog by die deurgang van die berge verbygekom nie. |
| 82 *ana šinšeri bērī libbašu ukkul* | Twaalf myl ver is dit binnekant donker: |
| 83 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | die donkerte is dik, die lig bestaan nie." |

Die teks ontbreek tot by reël 127. Intussen het Gilgamesh weer eens aan die woord gekom. Die einde van sy rede verstrek hy:

| | |
|---|---|
| 127 *ina nissati šir'ānīa malû* | "My spiere is deurtrek met smart, |
| 128 *ina sarbi u ṣēti qummu pānūa* | my gesig is verbrand van koue en hitte, |
| 129 *ina tānēḫi emūqia ugammir* | van uitputting is my kragte gedaan. |
| 130 *eninna xxx* | Nou..." |

Dit lyk asof hy die skerpioenman oortuig het.

| | |
|---|---|
| 131 *girtablilû pâšu īpušma iqabbi* | Die skerpioenman |
| 132 *ana Gilgameš šarri amatu izakkar* | sê vir koning Gilgamesh: |
| 133 *alik Gilgameš lā tapallaḫ* | "Gaan Gilgamesh, moenie vrees nie, |
| 134 *šadû māšu xxx* | die Tweelingberge ... |
| 135 *šadî ḫursāni xxx* | die bergpad ... |
| 136 *abullu mātu* | die vloed, die land ..." |

Hy mag deurgaan.

| | |
|---|---|
| 137 *Gilgameš annîta ina šemêšu* | Toe Gilgamesh dit hoor, |
| 138 *ana zikri girtablilî xxx* | op die woord van die skerpioenman... |
| 139 *ḫarrānu šamši xxx* | xxx die pad van die son. |

Hierdie pad beteken 'n moordende gejaag teen tyd. Gilgamesh moet die pad van die son voltooi voordat die son hom inhaal (George, 1999 : 70). Die leser moet dit saam met hom op hierdie spanningsvolle reis waag: gaan hy die tog suksesvol voltooi, of gaan hy moeg word en tou opgooi? En as hy wel slaag - wat wag aan die anderkant?

| | |
|---|---|
| 141 *ištēn bēru ittalak xxx* | Hy gaan een myl: |
| 142 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 143 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 144 *šanû bēru ina kašādišu* | Twee myl op sy tog: |
| 145 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 146 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 147 *šalšu bēru ina kašādišu* | Drie myl op sy tog: |
| 148 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie |
| 149 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 150 *rebû bēru ina kašādišu* | Vier myl op sy tog: |
| 151 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 152 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 153 *ḫamšu bēru ina kašādišu* | Vyf myl op sy tog: |
| 154 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 155 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 156 *šeššu bēru ina kašādišu* | Ses myl op sy tog: |
| 157 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 158 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 159 *sebû bēru ina kašādišu* | Sewe myl op sy tog: |
| 160 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 161 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 162 *samānû bēru xxx iṣarraḫ* | Agt myl - en hy roep uit: |
| 163 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 164 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 165 *tišû bēru ina kašādišu iltānu* | Nege myl op sy tog: die noordewind, |
| 166 *xxx-ḫa pānišu* | xxx sy gesig. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 167 *šapat ekletumma ul ibašši nūru* | Dik is die donkerte, lig bestaan nie, |
| 168 *ul inamdinšu ana palāsa arkassu* | hy word nie toegelaat om agter hom te kyk nie. |
| | |
| 169 *ešrû bēru ina kašādišu* | Tien myl op sy tog: |
| 170 *xxx qitrub* | xxx het nadergekom. |
| 171 *xxx ša bēru* | Teen die (elfde?) myl |
| 172 *xxx ittaṣi lām šamši* | het hy voor die son uitgegaan. |
| 173 *ina šinšerû bēri namirtu šaknat* | Na twaalf myl is daar helder lig! |
| 174 *xxx iṣī sa abnī ina amari īšir* | Daar is bome van steen: hy gaan reguit daarheen om te kyk. |
| 175 *samtu našat inibša* | Die vrug is van karneel, |
| 176 *ishunnatum ullulat ana dagāla ḫipat* | druiwe hang, pragtig om na te kyk, |
| 177 *uqnû naši ḫasḫalta* | die blare is van lapis lazuli, |
| 178 *inba našima ana amari ṣaiaḫ* | die vrugte lyk smaaklik. |

Vir elf myl lank is die duisternis tasbaar (r 140 - 170). Vir elf myl lank lyk dit asof daar niks anders as die dik donkerte vir Gilgamesh wag nie. Boonop is daar geen omdraaikans nie. In hierdie donkerte jaag Gilgamesh voort. Hy weet nie wat op hom wag nie. Geen mens het dit tot hiertoe gewaag nie. Niemand, behalwe hy, het al deur die poort van die Tweelingberge gegaan nie.

Skielik is daar helder lig (r 173). Gilgamesh het deurgebreek. In plaas van 'n angswekkende toneel, bevind hy hom in 'n pragtige tuin, amper soos 'n paradys. Gilgamesh soek die ewige lewe: hy vind 'n onverganklike tuin, maar dit lewe nie. Alles in die tuin is van kosbare gesteentes gemaak (r 174 - 178). Tydloos, onverganklik, maar leweloos en blote versiering . Dit is nog nie wat Gilgamesh soek nie. Hy moet by Utnapistim uitkom.

Hoe?

Iemand sien vir Gilgamesh raak. Tablet X vertel hiervan:

| | |
|---|---|
| 1 *Siduri sābītum ša ina sapan tâmti ašbat* | Siduri, die kroegmeisie wat op die oewer van die see woon, |
| 2 *ašbatma xxx* | sy woon... |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 3 *epšuši kannu epšuši namzitum ša ḫurāṣu* | Staanders en brouvate van goud was vir haar gemaak |
| 4 *kutummi kuttumatam xxx* | Sy het haarself met sluiers bedek... |

Wie en wat Siduri is, is nie heeltemal seker nie. George (1999 : 75) sien haar as 'n wyse godin, Maier (Gardner & Maier, 1984 : 211) sien haar selfs as die manifestasie van Ishtar. Parpola (1997 : 146) hou slegs by die adjektief wat haar beskryf: *sābītum* - 'n kroegmeisie. Na alle waarskynlikheid was sy een van die vroue in die antieke tye wat 'n bestaan gemaak het deur bier te brou of deur wyn te maak - nie mans nie, maar vroue het hierdie beroep beoefen. Hulle was geëerde en gerespekteerde lede van die samelewing, en, soos dit ook sal blyk, het hulle oor baie wysheid beskik.

| | |
|---|---|
| 5 *Gilgameš uttaggišamma xxx* | Gilgamesh, al ronddwalende |
| 6 *maška labiš bu-xxx* | dra leeuvelle, |
| 7 *īši šīrī ilī ina zumrišu* | het die vlees van gode aan sy lyf; |
| 8 *ibašši nissatu ina karšišu* | daar is smart in sy binneste, |
| 9 *ana alik urḫi rūqati pānušu mašlu* | sy gesig lyk soos die van een wat met 'n ver pad kom. |
| 10 *sābītum ana rûqi inaṭṭalamma* | Die kroegmeisie hou hom van ver dop. |
| 11 *uštamma ana libbiša amata izakkar* | Sy dink by haarself en sê |
| 12 *itti ramanišama ši imtallik* | terwyl sy met haarself praat: |
| 13 *mindēma annû munā'iru amēlu* | 'Miskien is hierdie man 'n moordenaar, |
| 14 *anumma išira ina xxx* | nou kom hy reguit (hierheen?)'. |
| 15 *ēmuršuma sābītum ētedil bābaša* | Die kroegmeisie sien hom en maak die deur toe, |
| 16 *bābaša ētedilma ētedil sikkūri* | sy maak haar deur toe, sy sluit die slot. |
| 17 *u šu'īši uzna Gilgameš ana xxx* | En Gilgamesh verstaan. |
| 18 *ušaqqi zuqatsuma ištakan xxx* | Hy lig sy ken, hy plaas ... |
| 19 *Gilgameš ana šâšima izakkara ana sābīt* | Gilgamesh sê vir die kroegmeisie: |
| 20 *sābītum mīna tāmuri tēdili bābaki* | "Kroegmeisie, waarom sluit jy jou deur, toe jy my sien? |
| 21 *bābaki tēdilima tēdili sikkūri* | Jy sluit die deur, jy sluit die slot - |
| 22 *amaḫḫaṣ daltum sikkūru ašebbir* | ek sal die deur stukkend slaan, ek sal die slot breek!" |

Die tweegesprek tussen Gilgamesh en Siduri (r 23 - 33) is te fragmentaries vir 'n sinvolle vertaling. Die draad word eers weer vanaf reël 34 opgetel.

| | |
|---|---|
| 34 *ušalpit Ḫumbaba ša ina qišti erēni ašba* | "Ek het Humbaba oorweldig wat in die sederbos gebly het, |
| 35 *ina nerēbetī ša šadî adūk nēsī* | by die ingange van die berge het ek leeus doodgemaak!" |
| 36 *sābītum ana šâšuma izakkar ana Gilgameš* | Die kroegmeisie sê vir Gilgamesh: |
| 37 *xxx Gilgameš ša maṣṣāru tanāra* | "Gilgamesh, jy wat die bewaarder doodgemaak het, |
| 38 *tušalpitu Ḫumbaba ša ina qišti erēni ašba* | Humbaba ooweldig het wat in die sederbos gebly het, |
| 39 *ina nerēbetī ša šadî tadūk nēšī* | by die ingange van die berge leeus doodgemaak het, |
| 40 *taṣbatma alâ tanāra ša ultu šamê urdu* | die Hemelbul wat van die hemel afgekom het, gegryp en doodgemaak het: |
| 41 *ammēni akla letaka quddudu pānuka* | waarom is jou wange hol, is jou gesig geboë, |
| 42 *lummun libbaka qatû zīmūka* | jou hart bekommerd, lyk jy gedaan, |
| 43 *ibašši nissati ina karšika* | bestaan daar smart in jou gemoed - |
| 44 *ana alik urḫi rūqati pānuka mašlu* | en lyk jou gesig soos die van een wat met 'n ver pad gekom het? |
| 45 *ina sarbi u ṣeti qummu pānuka* | (Waarom) is jou gesig deur koue en hitte verbrand, |
| 46 *maškī labbī labšatama tarappud ṣēri* | dra jy leeuvelle, en swerf jy rond op die steppe?" |

Siduri bemerk die skandelike toestand waarin Gilgamesh verkeer. Geen teken van eer is te bemerk aan sy voorkoms nie. Sy gesig (by implikasie sy hoof) is nie meer omhoog nie, maar geboë (r 41; vgl. ook 2.2.2.4) Sy kleredrag (r 46; vgl. ook 2.2.2.4) weerspieël nie meer die aanvaarbare tekens van rou nie, trouens, hy dra geen konvensionele klere nie, maar leeuvelle. Verder het hy sy voorkoms heeltemal verwaarloos: skynbaar eet hy nie genoeg nie (r 41), blootstelling aan hitte en koue (r 45) het sy gesig verbrand. Kommer en smart gee hom 'n gehawende voorkoms (r 42 - 44). Hierdie voorkoms rym nie met die heldedade waarvan Gilgamesh gepraat het nie. Vir Siduri lyk hy meer na 'n boemelaar of 'n moordenaar as na 'n held! Die vrede vertrou sy glad nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Maar Gilgamesh kan verduidelik:

| | |
|---|---|
| 47 *Gilgameš ana šāšima izakkara ana sābītum* | Gilgamesh sê vir die kroegmeisie: |
| 48 *kî lā akla letaīa lā quddudu pānūa* | "Sal my wange nie hol wees, my gesig nie geboë wees nie, |
| 49 *lā lummun libbī lā qatu zīmūa* | sal my hart nie bekommerd wees en my voorkoms gedaan lyk nie? |
| 50 *lā ibašši nissatu ina karšīa* | Sal daar nie smart in my gemoed bestaan, |
| 51 *ana alik urḫi rūqati pānūa lā mašlu* | en sal my gesig nie lyk soos die van een wat met 'n ver pad gekom het nie? |
| 52 *ina sarbi u ṣeti la qummu pānūa* | Sal my gesig nie deur hitte en koue verbrand wees nie, |
| 53 *maški labbī lā labšākuma lā arappud ṣēri* | sal ek nie leeuvelle dra en rondswerf op die steppe nie? |
| 54 *ibrī kūdani ṭardu akkannu ša šadî nimru ša ṣēri* | My vriend, 'n muil, 'n jagende wilde bergdonkie, luiperd van die steppe, |
| 55 *Enkidu ibrī kūdani ṭardu* KI.MIN | Enkidu my vriend, die muil, die bergdonkie, die luiperd: |
| 56 *ša ninnenduma nīlu šadâ* | ons het saamgespan, ons het die berg opgegaan, |
| 57 *niṣbatuma alâ nināru* | ons het die Hemelbul gegryp en doodgemaak, |
| 58 *nušalpitu Ḫumbaba ša ina qišti erēni ašbu* | ons het Humbaba oorweldig wat in die sederbos gebly het, |
| 59 *ina nērebetī ša šadî nidūku nēsī* | ons het by die ingange van berge leeus doodgemaak. |
| 60 *ibrī ša arâmmu danniš ittīa ittallaku kala marṣāti* | My vriend wat ek baie liefhet, wat saam met my allerlei beproewinge ondergaan het, |
| 61 *Enkidu ša arâmmu danniš ittīa ittallaku* KI.MIN | Enkidu wat ek baie liefhet, wat saam met my allerlei beproewinge ondergaan het: |
| 62 *ikšudsu šīmat amēluti* | die lot van die mens het hom oorgekom! |
| 63 *šeššū urrī u sebû mūšāti elišu abki* | Ses dae en sewe nagte lank het ek oor hom gehuil, |
| 64 *ul addišu ana qebēri* | het ek hom nie laat begrawe nie, |
| 65 *adi tūltu imqut ina appišu* | totdat 'n wurm uit sy neus geval het. |
| 66 *ādurma mūta aplaḫma arappud ṣēri* | Ek was bang, vir die dood was ek bang, en het gaan rondswerf op die steppe. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 67 *amat ibrīa kabtat elīa* | Die saak van my vriend is pynlik vir my, |
| 68 *urḫa rūqata arappud ṣēri* | met 'n lang pad swerf ek rond op die steppe. |
| 69 *amat Enkidu ibrīa* KI.MIN | Die saak van Enkidu is vir my pynlik, |
| 70 *ḫarrānu rūqata arappud ṣēri* | met 'n lang pad swerf ek rond op die steppe. |
| 71 *kīkî luskut kīkî luqūl* | Hoe kan ek stilbly, hoe kan ek swyg? |
| 72 *ibrī ša arâmmušu īṭemi ṭiṭṭis* | My vriend wat ek liefhet, het in klei verander, |
| 73 *Enkidu ibrī ša arâmmu īṭemi ṭiṭṭis* | Enkidu my vriend wat ek liefhet, het in klei verander. |
| 74 *anāku ul kî šâšuma anēlamma* | Ek, sal ek dan nie soos hy gaan lê nie? |
| 75 *ul atebba dūr dār* | Sal ek vir ewig dan nie opstaan nie?" |

Op hierdie stadium antwoord Siduri met haar welbekende woorde van wysheid wat nie in die Standaard Babiloniese teks voorkom nie, maar wel in die Ou Babiloniese verhaal. Thompson (1930 : 53) word aangehaal:

| | |
|---|---|
| 14 *sâbītum ana šâšum izzakaram* | Die kroegmeisie |
| *ana Gilgameš* | sê vir Gilgamesh: |
| 1 *Gilgameš êš tadâl* | "Gilgamesh, waarheen gaan jy? |
| 2 *balāṭam ša tasaḫḫuru lā tutta* | Die lewe wat jy soek, sal jy nie vind nie. |
| 3 *inūma ilâni ibnû awīlutam* | Toe die gode die mens geskep het, |
| 4 *mūtam iškunū ana awīlutim* | het hulle die dood daargestel vir die mens. |
| 5 *balāṭam ina qâtīšunu iṣṣabtū* | Die lewe gryp hulle in hul hande vas. |
| 6 *atta Gilgameš lū mali karaška* | Jy Gilgamesh, laat jou maag vol wees, |
| 7 *urrī u mūsī ḫidâtu atta* | jy moet dag en nag vrolik wees, |
| 8 *ûmišam šukun ḫidûtam* | elke dag moet jy bly wees, |
| 9 *urrī u mūsī sur u mēlil* | dans en speel, dag en nag! |
| 10 *lū ubbubu ṣubatuka* | Jou klere moet skoon wees, |
| 11 *qaqqadka lū mesi mê lū ramkāta* | Jou kop moet gewas wees, in water moet jy bad. |
| 12 *zubbi ṣeḫram ṣabitu qātika* | Luister na die kleintjie wat jou hand vashou, |
| 13 *marḫitum liḫtaddam ina sunika* | laat jou vrou vrolik wees op jou skoot: |
| 14 *annama šipir awīlutim* | waarlik, dis die taak van die mens!" |

Hierdie wysheid lê naby aan die soort wysheid wat ook in Prediker voorkom. Maar Siduri se woorde van wysheid val op dowe ore. Gilgamesh vra nie na wysheid nie: Gilgamesh soek die ewige lewe. Die Standaard-Babiloniese verhaal gaan voort:

| | |
|---|---|
| 76 *Gilgameš ana šâšima izakkar* | Gilgamesh sê |
| *ana sābītu* | vir die kroegmeisie: |
| 77 *eninna sābīt mīnu ḫarrān ša* | "Nou kroegmeisie, wat is die pad na Utnapishtim? |
| *Utnapištim* | |
| 78 *mīnu ittaša iāši idni* | Wat is die teken? Gee dit vir my! |
| 79 *idnimma ittaša iāši* | Gee vir my die teken! |
| 80 *šumma naṭuma tâmta lūbir* | As dit moontlik is, laat ek die see oorsteek, |
| 81 *šumma lā naṭuma ṣēri lurpud* | as dit nie moontlik is nie, laat ek dan op die |
| | steppe rondswerf!" |
| 82 *sābīt ana šâšuma izakkara* | Die kroegmeisie sê |
| *ana Gilgameš* | vir Gilgamesh: |
| 83 *ul ibši Gilgameš nēberu matīma* | "Daar was nog nooit 'n oorgang nie, Gilgamesh, |
| 84 *u mamma ša ultu ūm ṣât māti* | en sedert vergange dae het niemand van die land |
| *lā ibbiru tâmta* | die see oorgesteek nie. |
| 85 *ebir tâmti Šamaš qurādummu* | Shamash die held het die see oorgesteek, |
| *ak lā Šamaš ibbir mannu* | wie kan sonder Shamash oorsteek? |
| 86 *pašqat nēbertum šupšuqat uruḫša* | Die oorgang is moeilik, die pad is moeilik, |
| 87 *u bira mê mūti ša pānāssa parku* | en die waters van die dood wat die voorfront vorm, |
| | verhoed 'n mens om ondersoek in te stel. |
| 88 *alumma Gilgameš tētebir tâmta* | Maar Gilgamesh, jy wil die see oorsteek: |
| 89 *ana mê mūti kî taktaldu teppuš mīna* | as jy by die waters van die dood kom, wat doen jy? |
| 90 *Gilgameš ibašši Uršanabi* | Gilgamesh, Urshanabi die bootsman |
| *mallāḫu ša Utnapištim* | van Utnapishtim is daar. |
| 91 *šūt abnū ittišu ina libbi qišti* | Die klipgoed is by hom - in die hart van die bos |
| *iqattap urna* | pluk hy *urnu*. |
| 92 *alikma līmuru pānika* | Gaan, laat hom jou gesig sien. |
| 93 *šumma naṭuma ebir ittišu* | As dit moontlik is, gaan oor saam met hom, |
| *šumma lā naṭuma iḫis arkika* | as dit nie moontlik is nie, gaan terug!" |

Gilgamesh laat nie op hom wag nie.

| | |
|---|---|
| 94 *Gilgameš annîta ina šemêšu* | Toe Gilgamesh dit hoor, |
| 95 *iššī ḫaṣṣinna ana idišu* | neem hy die byl aan sy sy, |
| 96 *išlup namṣari ina šibbišu* | hy trek die swaard in sy gordel uit. |

| | |
|---|---|
| 97 *iḫlulma ittardašunūti* | Hy seil, en hy kom op hulle af, |
| 98 *kî šiltāḫ ana birišunu imqut* | soos 'n pyl val hy tussen hulle. |
| 99 *ina libbi qišti išeppu rigma* | In die middel van die bos skreeu hy hard. |
| 100 *īmurma Uršanabi namraxxx* | Urshanabi sien die helder xxx |
| 101 *išši ḫaṣṣinnamma xxx* | hy neem die byl, |
| 102 *u šu imḫaṣ qaqqadušu Gilgameš* | maar Gilgamesh kap na sy kop, |
| 103 *iṣbat kappašuma xxx irtesu* | hy gryp sy arm vas, en ... sy bors, |
| 104 *u sūt abnū x lā xxx eleppu* | die klipgoed, |
| 105 *ša lā balušunu ibbiru mê mūti* | waarsonder die boot nie die waters van dood kan oorsteek nie, |
| 106 *xxx tâmta rāpišta* | die breë see: |
| 107 *ina nāri iddišunūtima nēbera ikla* | hy gooi hulle in die rivier, die oortog verhinder hy, |
| 108 *uḫtappi sūt abnī ittaddi ana nāri* | hy breek die klipgoed en gooi hulle in die rivier. |
| 109 *xxx eleppu* | Die boot ... |
| 110 *u xxx ina kibri* | en op die oewer.... |
| 111 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Uršanabi mallāḫi* | Gilgamesh sê vir Urshanabi die bootsman: |
| 112 *xxx erruba* | "Ek sal oorgaan! |
| 113 *xxx kâša* | en jy..." |

Iets van die ou, heldhaftige maak-en-breek-Gilgamesh het teruggekeer. Hy oorrompel die niksvermoedende bootsman, die klipgoed waarsonder die boot nie die see kan oorsteek nie, breek hy en gooi hulle in die rivier. Urshanabi is vas.

Dit lyk egter nie asof Urshanabi hom doodgeskrik het nie.

| | |
|---|---|
| 114 *Uršanabi ana šâšuma izakkara ana Gilgameš* | Urshanabi sê vir Gilgamesh: |
| 115 *ammēni akla letaka quddudu pānuka* | "Waarom is jou wange hol, jou gesig geboë, |
| 116 *lummun libbaka qatu zīmuka* | jou hart bekommerd, lyk jy gedaan, |
| 117 *ibašši nissatu ina karšika* | bestaan daar smart in jou binneste |
| 118 *ana alik urḫi rūqati pānuka mašlu* | en lyk jou gesig soos die van een wat met 'n ver pad gekom het? |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 119 *ina sarbi u ṣēti qummu pānuka* | (Waarom) is jou gesig deur koue en hitte verbrand, |
| 120 *maški labbi labšatama tarappud ṣēri* | dra jy 'n leeuvel, en swerf jy rond op die steppe?" |

Net soos Siduri neem Urshanabi onmiddellik Gilgamesh se bejammerenswaardige toestand waar. Pleks dat die bootsman vir Gilgamesh skrik, kry hy hom jammer.

Gilgamesh se antwoord (r 121 - 152) is woordeliks dieselfde antwoord as wat hy ook aan Siduri gegee het (r 47 - 81) - uitgesonderd reëls 64, 65 en 69. Hy verwoord die heldedade wat hy en Enkidu saam verrig het, en hy gee uiting aan sy diepe smart oor die dood van sy vriend. Net soos wat hy vir Siduri die pad na Utnapishtim toe gevra het, vra hy dit ook vir Urshanabi. Sy versoek sluit hy af:

| | |
|---|---|
| 151 *šumma naṭuma tâmta lūbir* | "As dit moontlik is, laat ek die see oorsteek, |
| 152 *šumma lā naṭuma ṣēri lurpud* | as dit nie moontlik is nie, laat ek dan rondswerf op die steppe!" |

Urshanabi antwoord:

| | |
|---|---|
| 153 *Uršanabi ana šâšuma izakkar ana Gilgameš* | Urshanabi sê vir Gilgamesh: |
| 154 *qātaka Gilgameš ikla ebēra* | "Met jou eie hande, Gilgamesh, het jy gekeer dat jy oorsteek; |
| 155 *tuḫtappi šūt abnī tattadi ana nāri* | jy't die klipgoed gebreek en in die rivier gegooi, |
| 156 *šūt abnū ḫuppūma šunu ul* | die klipgoed is gebreek..." |

In plaas van 'n heldedaad te verrig, het Gilgamesh eintlik 'n groot gek van homself gemaak. Hy het heeltemal oorreageer toe hy op Urshanabi afgestorm het en die klipgoed gebreek het. Hy het sy eie kanse belemmer om die see van die dood oor te steek. Dit lyk egter asof alles nog nie verlore is nie. Ursanabi sê vir Gilgamesh:

| | |
|---|---|
| 157 *iši Gilgameš ḫaṣṣinna ana idika* | Vat die byl aan jou sy, Gilgamesh, |
| 158 *erid ana qištima* | gaan af na die bos, |
| *parīsi ša ḫamšu nindāni ikis* | kap pale af van 5 *nindani*, |
| 159 *kupurma šukun tulâ* | vee skoon, lê die bokant neer, |
| 160 *bil lā xxx* | dra, nie..." |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 161 *Gilgameš annîta ina šemêšu* | Toe Gilgamesh dit hoor, |
| 162 *išši ḫaṣṣinna ana aḫišu* | vat hy die byl aan sy sy, |
| 163 *išlup namṣaru ina šibbišu* | hy trek die swaard in sy gordel uit, |
| 164 *urid ana qištima* | hy gaan af na die bos, |
| *parīsi ša ḫamšu nindāni ikkiš* | hy kap pale af van 5 *nindani,* |
| 165 *ikpurma ištakan tulâ* | hy vee skoon en lê die bokant neer, |
| 166 *ūbilma xxx* | hy dra... |

Gilgamesh het gedoen wat hy moes. Alles is gereed.

| | |
|---|---|
| 167 *Gilgameš u Uršanabi irkabū eleppa* | Gilgamesh en Urshanabi klim in die boot, |
| 168 *eleppu gilla iddūma šunu irtakbū* | hulle laat die boot te water, en hulle vaar. |
| 169 *mālak arḫu u 15 ūmī* | 'n Reis van 'n maand en 15 dae |
| *ina šalši ūme ittalkū* | lê hulle af binne 3 dae. |
| 170 *ikšudamma Uršanabi mê mūti* | Urshanabi kom aan by die waters van die dood. |
| 171 *Uršanabi ana šâšuma izakkara* | Urshanabi sê |
| *ana Gilgameš* | vir Gilgamesh: |
| 172 *duppir Gilgameš leqe parīsa* | "Bly weg, Gilgamesh, vat 'n paal! |
| 173 *mê mūti qātāka ai iltapit xxx* | Jou hande mag nie die waters van die dood |
| | raak nie. |
| 174 *šanâ šalša u rebâ Gilgameš* | Vat 'n tweede, 'n derde en 'n vierde paal, |
| *leqe parīsa* | Gilgamesh! |
| 175 *ḫamša šešša u sebâ Gilgameš* | Vat 'n vyfde, 'n sesde en 'n sewende paal, |
| *leqe parīsa* | Gilgamesh! |
| 176 *samāna tišâ u ešrâ Gilgameš* | Vat 'n agtste, 'n negende en 'n tiende paal, |
| *leqe parīsa* | Gilgamesh! |
| 177 *ištaššera u šinšerâ Gilgameš* | Vat 'n elfde en 'n twaalfde paal, Gilgamesh!" |
| *leqe parīsa* | |
| 178 *ina šalši šiddi Gilgameš ugdammera* | Na twee stadia het Gilgamesh die pale |
| *parīsī* | opgebruik. |
| 179 *u šu ipṭur qablašu ana xxx* | Hy maak die middel los, |
| 180 *Gilgameš iḫtamaṣ ṣubātaša* | Gilgamesh trek sy klere uit, |
| 181 *ina kappīšu karâ ušaqqi* | met sy arms lig hy 'n mas op. |

Gilgamesh se aankoms is nie onopgemerk nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 182 *Utnapišti ana rūqi inaṭṭalamma* | Utnapishtim hou hom van ver dop. |
| 183 *uštamma ana libbišu amata izakkar* | Hy dink by homself |
| 184 *itti ramanišuma šu imtallik* | terwyl hy met homself praat: |
| 185 *mīna ḫuppu ša eleppu šūt abnīša* | "Hoekom is die klipgoed van die boot gebreek |
| 186 *u lā tillaša rakib* | en seil sy nie met haar toerusting nie? |
| 186 *ša illakamma ul iā'u amēlu* | Hy wat kom, is nie my man nie!" |

Die breuk in die teks - tot reël 213 verhaal waarskynlik die ontmoeting, die eerste konfrontasie tussen Gilgamesh en Utnapishtim. Dis ongelukkig verlore. Reëls 214 - 248 is egter 'n woordelikse herhaling van Gilgamesh se gesprek met Siduri (r 41 - 75). Ook Utnapishtim merk Gilgamesh se gehawende toestand op en vra hom daarna uit. Gilgamesh antwoord deur te vertel watter hoogtepunte hy en Enkidu saam bereik het, en watter smart hy na Enkidu se dood ervaar. Hy kan nie anders as om in die diepste donkertes van depressie te verkeer nie. Is sy lot dan om vir ewig nooit op te staan nie?

| | |
|---|---|
| 248 *ul atebba dūr dār* | "Sal ek vir ewig dan nie opstaan nie? |
| 249 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Utnapištim* | Gilgamesh sê vir Utnapishtim: |
| 250 *tukuma lullikma Utnapišti rūqa ša idabbubūš lūmr* | "Dus, laat ek gaan, en Utnapishtim, die Veraf-Een van wie hulle praat, laat ek hom sien! |
| 251 *asḫur allika kališina mātī* | Ek het omgedraai en alle lande deurkruis, |
| 252 *etettiqa šadî marṣūtī* | dikwels het ek berge met groot moeite oorgegaan, |
| 253 *u etetebira kališina tâmatum* | en dikwels het ek alle oseane oorgesteek: |
| 254 *šitta ṭabta ul išbu pānūa* | die soete slaap het my gesig nie geniet nie, |
| 255 *ultezziq ramāni ina dalāpi* | ek het myself bekommer deur wakker te bly, |
| 256 *širanīa nissatu umtalli* | my spiere is deurtrek van smart, |
| 257 *mīna aktešir ina manaḫtīa* | - en wat het dit my in die sak gebring? |
| 258 *lēt sābīt ul akšudamma lubūšti iqti* | Nog voordat ek by die kroegmeisie uitgekom het, was my klere gedaan! |
| 259 *adūka asa buṣa nēša nimri aialu* | Ek het die beer, hiëna, leeu, luiperd, jagluiperd en takbok doodgemaak, |
| 260 *turaḫa būla u nammaššê ša ṣēri* | die ibeks, vee en wilde diere van die steppe. |
| 261 *šīrīšunu akkal maškīšunu uṭappi* | Ek het hul vleis geëet en hul velle opgestapel. |
| 262 *ša nissatu lidilu bābuša* | Laat die deur van smart dan nou toegaan, |
| 263 *ina ittî u kupri lipḫuša* | laat dit met pik en teer geseël wees! |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 264 *aššu iāši mīlula lā xxx* | Ter wille van my mag die speletjies nie (ophou nie?) |
| 265 *iāši paddi'i umaṭṭanni* | Vir my ontbreek daar 'n verlosser." |

Gilgamesh het in selfbejammering versink. As Utnapishtim teen hierdie tyd nie 'n traan wegpink nie, is alles regtig tevergeefs.

| | |
|---|---|
| 266 *Utnapišti ana šâšuma izakkara ana Gilgameš* | Utnapishtim sê vir Gilgamesh: |
| 267 *ammēni Gilgameš nissata turrik* | "Hoekom verleng jy die smart, Gilgamesh? |
| 268 *ša ina šīri ilū u amēlitī epšu* | Jy wat uit die vlees van gode en mense gemaak is: |
| 269 *ša kīma abika u ummika ipšūka attama* | hulle het vir jou net soos jou pa en jou ma gemaak." |

Utnapishtim praat baie lank met Gilgamesh. Baie gedeeltes is fragmentaries of ontbreek heeltemal. Vanaf reël 300 begin hy sy rede afsluit, en is daar ook 'n meer volledige teks.

| | |
|---|---|
| 300 *inūma ilū ibnû amēluti* | "Toe die gode die mens gemaak het, |
| 301 *mūta ilqû ana šīmtišu* | het hulle die dood vir sy lot bestem. |
| 302 *atta taddalip mīna tanaqqu* | Jy bly wakker - waarom wil jy boet? |
| 303 *ina dalāpi tunnaḫa emūqika* | Deur wakker te bly, put jy jou kragte uit, |
| 304 *šer'ānuka nissata tumalla* | maak jy jou spiere vol van smart, |
| 305 *rūqutu tuqarrab ūmīka* | en bring jy jou ver dae nader. |
| 306 *amēlutum ša kî qanî api ḫāṣiṣu šumašu* | Soos 'n rietjie in 'n bos, knak die mens se naam. |
| 307 *eṭla damqa ardata damiqtum* | 'n Sterk jongman, 'n sterk meisie, |
| 308 *xxx mūti* | .... die dood, |
| 309 *ul mamma mūtu immar* | die dood sien niemand nie, |
| 310 *ul mamma ša mūti immar pānišu* | en niemand sien die gesig van die dood nie, |
| 311 *ul mamma ša mūti rigmašu išemme* | niemand hoor die stem van die dood nie: |
| 312 *agga mūtum ḫaṣiṣ amēlutim* | die wrede dood breek die mens. |
| 313 *immatīma nippuša bīta* | Wanneer ons 'n huis bou, |
| 314 *immatīma nikannak kunukka* | wanneer ons 'n seël verseël, |
| 315 *immatīma aḫū izuzzū zitta* | wanneer broers hul erfporsie verdeel, |
| 316 *immatīma zērūtum ibaši ina mātim* | wanneer daar haat in die land bestaan, |

| | |
|---|---|
| 317 *immatīma nāru išša milu ublu* | wanneer die rivier styg en 'n vloed bring, |
| 318 *kulīli iqqeleppa ina nāri* | die naaldekoker oor die rivier sweef, |
| 319 *pānū ša inaṭṭalū pān šamši* | gesigte sien die gesig van die son. |
| 320 *ultu ullanumma ul ibašši mimma* | Dan skielik is daar niks! |
| 321 *šallu u mītum kî pî aḫāmešma* | Gevangene en dooie is spreekbuise van mekaar, |
| 322 *ša mūti ul iṣṣiru ṣalamšu* | die dood se beeld word nie geteken nie. |
| 323 *lullû amēlu ēziz ul iqruba karabi šumu* [2] | Die primitiewe mens was kwaad, hy kon nie nader kom aan seën vir sy naam nie. |
| 324 *anunnaki ilū rabûtū paḫrū* | Die Anunnaki, die groot gode vergader, |
| 325 *Mammētu banat šīmti ittišunu šīmatu išimmi* | Mammitu, die skepper van die lot, bepaal saam met hulle die lot: |
| 326 *ištaknū mūta u balāṭa* | hulle bepaal lewe en dood, |
| 327 *ša mūti ul uddū ūmišu* | maar die dag van dood maak hulle nie bekend nie. |


Utnapishtim probeer vir Gilgamesh 'n lewenswaarheid tuisbring: die waarheid van die dood. Die groot gode het dit so beskik dat dit die mens se lot is om te sterf. Elke dag, onder alle omstandighede, hetsy positief of negatief, is die dood 'n realiteit. Die dood ontsien niemand nie. En wanneer die dood toeslaan, is dit onverwags.

Hier hoor Gilgamesh dit nou uit die mond van die enigste mens wat die ewige lewe verkry het. Sy lot is dat hy gaan sterf, daar is eintlik nie veel wat hy daaraan kan doen nie.

Maar Gilgamesh het lank gereis en met 'n moeilike pad tot hier gekom. Hy het wilde diere en uiterste klimaatstoestande trotseer, hy het deur die pad van die Tweelingberge die moordende jaagtog teen die son voltooi, hy het die see van die dood oorgesteek, sonder die nodige klipgoed. Verwag Utnapishtim werklik dat hy gedweë sal omdraai en op sy spore teruggaan?



[2] Afwyking van Parpola se transliterasie



LU.U$_{18}$.LU-*u* *e-ziz ul iq-ru-ba ka-ra-bi* MU

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tablet IX en X het vertel van Gilgamesh se skande. Simbole waaraan eer gekoppel word, het verdwyn (vgl.2.2.2.4). Sy voorkoms, sy kleredrag, en sy lewensingesteldheid is die van 'n man van skande. Niemand herken hom eens as die dapper doodsveragtende koning van Uruk wat selfs die vleitaal van 'n godin weerstaan het nie. Gilgamesh is uitgelewer aan die genade van ander. Met die voorkoms van die laagste onder die laagste klasse swerf hy haweloos rond, verweerd, verward, en bang. In plaas daarvan dat hy ontsag wek en vrees inboesem, kry mense hom jammer en, gelukkig ook maar, ontferm hulle hulle oor hom.

Sy einddoel was om by Utnapishtim die Veraf-een uit te kom. Hier is hy nou. Hy het gehoor wat Utnapishtim sê. Maar Utnapishtim se wysheid is nog nie Gilgamesh se wysheid nie. Hy moet vir homself uitvind wat die waarheid is. En dit gaan nie gebeur as hy nou omdraai nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## J. DIE GEHEIM VAN DIE EWIGE LEWE, MAAR DIE TOETS GEDOP

Gilgamesh aanvaar nie nee vir 'n antwoord nie. Tablet XI begin:

| | |
|---|---|
| 1 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Utnapišti rūqi* | Gilgamesh sê vir Utnapishtim die Veraf-Een: |
| 2 *anaṭṭalakuma Utnapišti* | "Ek kyk na jou, Utnapishtim, |
| 3 *minātūka šanâ kî iātima atta* | jou vorm is 'n tweede ek, |
| 4 *u atta ul šanata kî iātima atta* | en jy is nie anders as ek nie. |
| 5 *gummurka libbi ana epeš tuqunti* | Ek wou jou in 'n geveg afskryf, |
| 6 *atta aḫī nadata elu ṣērika* | jy, my broer, jy lê op jou rug! |
| 7 *qibanni kî tazzizma ina puḫri ilī balāṭa teš'u* | Sê my, hoe staan jy in die vergadering van die gode - het jy die lewe gesoek?" |

Wat Gilgamesh betref, lyk Utnapishtim nie juis anders as gewone mense nie. Tog, iets maak hom anders: hy staan in die vergadering van die gode: hy is onsterflik. Die lot van die mens het by hom verbygegaan. Gilgamesh gaan nie rus voordat hy nie weet hoe dit gebeur het nie.

Utnapishtim gaan nou aan Gilgamesh die verhaal van die Groot Vloed vertel. Dit toon ooreenkomste sowel as verskille met die Bybelse verhaal. Alhoewel hierdie verhaal nie direk met Gilgamesh te make het nie, is dit so boeiend in die Akkadies, dat die grootste gedeelte vertaal gaan word.

| | |
|---|---|
| 8 *Utnapištim ana šâšuma izakkara ana Gilgameš* | Utnapishtim sê vir Gilgamesh: |
| 9 *lupteka Gilgameš amat niṣirti* | "Laat ek 'n geheime ding vir jou openbaar, Gilgamesh. |
| 10 *u pirišta ša ilī kâša luqbika* | laat ek 'n geheim van die gode vir jou vertel! |
| 11 *ālu Surippak āla sa tīdušu atta* | Die stad Suruppak, 'n stad wat jy ken |
| 12 *ina kišādi Puratti šaknu* | wat op die oewer van die Eufraat geleë is, |
| 13 *ālu šu labīrma ilū qerbušu* | daardie ou stad, met die gode binne-in: |
| 14 *ana šakan abūbi ubla libbašunu ilū rabûtū* | die groot gode het besluit om die Vloed te veroorsaak. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 15 *ublama abišunu Anu* | Anu, hul vader was daar, |
| 16 *malikšunu quradu Enlil* | hul raadgewer, Enlil die kryger, |
| 17 *guzalûšunu Ninurta* | hul troondraer Ninurta, |
| 18 *gugallašunu Ennugi* | hul kanaalinspekteur Ennugi - |
| 19 *Niššiku Ea ittišunu tamma* | Nissiku-Ea het ook saamgesweer. |
| 20 *amassunu ušanna ana kikkišu* | Hul woorde herhaal hy aan 'n riethut: |
| 21 *kikkiš kikkiš igār igār* | 'Riethut, riethut, muur, muur! |
| 22 *kikkišu šimena igāru hissas* | Riethut luister, muur onthou! |
| 23 *amēlu Surippaku māru Ubara-Tutu* | Mens van Surripak, seun van Ubara-Tutu, |
| 24 *uqur bīta bini eleppa* | breek die huis af en bou 'n skip, |
| 25 *muššir mešrâma še'i napišta* | laat vaar rykdom, soek die lewe, |
| 26 *makkura zērma napišta bulliṭ* | verfoei eiendom, lewe die lewe, |
| 27 *šulima zēri napšati kalama ana libbi eleppi* | laat die saad van alles wat lewe in die skip ingaan. |
| 28 *eleppu ša tabannuši atta* | Die skip wat jy gaan bou |
| 29 *lū minduda minātuša* | moet presies afgemeet word: |
| 30 *lū mitḫur rupussa u mūrakša* | haar breedte en haar lengte moet gelyk wees, |
| 31 *kīma apsî šâši ṣulliši* | soos die diepsee haar oordekking.' |
| 32 *anāku īdima asakkara ana Ea bēlia* | Ek, ek het verstaan, en ek praat met Ea, my heer. |
| 33 *zikra bēlī ša taqba atta kīam* | 'My heer, soos wat u gesê het, |
| 34 *atta'īd anāku eppuš* | het ek opgelet, en sal ek doen: |
| 35 *kî luppul āla ummânū u šībutūm* | maar hoe sal ek die stad antwoord - die geleerdes en die oudstes?' |
| 36 *Ea pâšu īpusma iqabbi* | Ea sê |
| 37 *izakkara ana ardišu iātu* | vir my, sy dienskneg: |
| 38 *u atta kīam taqabbašunūti* | 'So sal jy hulle antwoord: |
| 39 *mindēma iāši Enlil izêrannima* | "Miskien is Enlil vir my kwaad, |
| 40 *ul uššab ina ālikunumu* | en kan ek nie in julle stad bly nie, |
| 41 *ina qaqqar Enlil ul ašakkana šēpīama* | op Enlil se grond kan ek nie my voete sit nie. |
| 42 *urradma ana apsî itti Ea bēlia ašbāku* | Ek gaan af na die diepsee om by Ea my heer te gaan bly. |
| 43 *eli kâšunu ušaznakunūši nuḫšamma* | Op julle sal hy oorvloediglik laat reën, |
| 44 *hiṣib iṣṣūrī puzur nūnī* | 'n oorvloed van voëls, 'n dak van visse, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 45 *ušaznakunūši mešra eburamma* | hy sal op julle laat reën 'n ryke oes, |
| 46 *ina šēr kukki* | koekies in die oggend, |
| 47 *ina līlāti ušaznanakunūši šamut kibati* | en in die aand sal hy op julle 'n stortvloed van graan laat reën.'" |

Reëls 50 - 80 beskrywe hoedat verskillende mense oor die hele land met al hul gereedskap bymekaarkom om die skip te bou. Die presiese afmetings van die verskillende dele van die skip word gegee, en daar word ook vertel van alles en almal wat aan boord gaan. Dit word vanaf reël 81 opgesom:

| | |
|---|---|
| 81 *mimma īšu eṣenši kaspa* | "Ek laai al my silwer, |
| 82 *mimma īšu eṣenši ḫurāṣa* | ek laai al my goud, |
| 83 *mimma īšu eṣenši zēri napišti kalāma* | ek laai die saad van alles wat lewe naaste aan my: |
| 84 *uštēli ana libbi eleppi* | in die hartjie van die skip laat ek |
| *kala kimtīa u salātīa* | my familie en my naasbestaandes ingaan, |
| 85 *būl ṣēri umam ṣēri* | kudde en wilde diere van die veld, |
| 86 *mārī ummâni kališunu ušēli* | seuns van al die ambagsmanne laat ek ingaan. |
| 87 *adanna Šamaš iškunamma* | Shamash het die tyd bepaal. |
| 88 *ina šēr kukki ina līlāti ušaznanu šamut kibati* | In die oggend koekies en in die aand 'n stortvloed van koring, sal hy laat reën. |
| 89 *erub ana libbi eleppima piḫi bābaka adannu šu iktalda* | "Gaan in, binne-in die skip, sluit jou deur, daardie tyd het aangebreek!" |
| 90 *adannu šu iktalda* | Daardie tyd het aangebreek - |
| 91 *ina šēr kukki ina līlāti izannanu šamut kibati* | in die oggend sal daar koekies reën, en in die aand 'n stortvloed van koring!" |
| 92 *ša ūmi attaṭal bunašu* | Ek sien hoe lyk die storm: |
| 93 *ūmu ana itaplusi puluḫta īšu* | dit was verskriklik om die storm te sien. |
| 94 *ērub ana libbi eleppi apteḫi bābi* | Ek gaan in die hartjie van die skip en sluit die deur. |
| 95 *ana peḫi ša eleppi ana Puzur-Kurgal mallāḫi* | Vir die een wat die boot gesluit het, vir Puzur-Kurgal die bootsman |
| 96 *ekalla attadin adi būšešu* | gee ek die paleis met besittings en al. |
| 97 *mimmu šēri ina namāri* | Toe alles die oggend lig word, |

| | |
|---|---|
| 98 *īlamma ištu išid šamê urpatum ṣalimtum* | kom daar vanaf die horison 'n swart wolk op. |
| 99 *Adad ina libbiša irtammamma* | Adad donder binne-in, |
| 100 *Šullat u Ḫaniš illakū ina maḫru* | Sullat en Hanis kom voor hom uit, |
| 101 *illakū guzalū šadû u mātum* | berg en land, die troondraers kom! |
| 102 *tarkullī Errakal inassaḫ* | Errakal ruk die ankerpale uit, |
| 103 *illak Ninurta miḫra ušerde* | Ninurta laat damwalle oorvloei, |
| 104 *Anunnaki iššū diparatī* | die Anunnaki dra fakkels, |
| 105 *ina namririšunu uḫammaṭu mātum* | die land brand van hul lig - |
| 106 *ša Adad šuḫarrasu ibâ'u šamê* | en die verskriklike stilte van Adad vee deur die hemel... |
| 107 *mimma namru ana eṭūti uttirru* | Alles wat lig was, verander in duisternis, |
| 108 *xxx mātu kî karpati iḫpu* | en die land breek soos 'n pot. |
| 109 *ištēn ūmu meḫû eli māti izīqa* | Die eerste dag woed die storm oor die land, |
| 110 *ḫanṭiš izīqamma xxx māti* | gou woed ....(oor?) die land, |
| 111 *kīma qabli eli xxx ibâ'u xxxs* | soos oorlog gaan dit deur... |
| 112 *ul immar aḫu aḫašu* | Broer sien broer nie, |
| 113 *ul ūtadda nišī ina šamê* | mense kan nie van die hemel onderskei word nie. |
| 114 *ilū iplaḫū abūbamma* | Die gode raak bang vir die vloed! |
| 115 *itteḫsû ītelū ana šamê ša Anu* | Hulle gaan weg, op na die hemel van Anu, |
| 116 *ilū kīma kalbī kunnunū ina kamāti rabṣū* | soos honde lê hulle buitekant opgekrul. |
| 117 *išessi Ištar kīma ālitti* | Ishtar skree soos 'n vrou 'n barensnood, |
| 118 *unamba Bēlet-ilī ṭābat rigma* | Belet-ili se soet stem kerm: |
| 119 *ūmu ullû ana ṭiṭṭi lū itūrma* | 'Daardie dag het in klei verander, |
| 120 *aššu anāku ina puḫur ilī aqbu lemutta* | omdat ek in die vergadering van die gode kwaad gepraat het. |
| 121 *kî aqbi ina puḫur ilī lemutta* | Hoe kon ek kwaad praat in die vergadering van die gode? |
| 122 *ana ḫulluq nišīa qabla aqbima* | Ek het oorlog gepraat om my mense te laat verdwyn, |
| 123 *anākumma ullada nišū'ama* | ek, ek wat aan die mense geboorte gegee het! |
| 124 *kî mārī nūnī umallā tâmtamma* | Seuns maak die see vol soos visse!' |
| 125 *ilū šūt Anunnaki bakû ittiša* | Die gode van die Anunnaki huil saam met haar, |
| 126 *ilū ina nurub nissati ina bikīti* | die gode kerm, deurweek van verdriet, |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 127 *katma šaptašunu leqa puḫrêti* | hul mond is gesnoer, hulle hou mekaar vas. |
| 128 *šeššu urrī u sebû mūšātī* | Ses dae en sewe nagte lank |
| 129 *illak šāru abūbu meḫû isappan māta* | kom die wind, die vloed, en die storm, en maak die land gelyk. |
| 130 *sebû ūmu ina kašādi ittarak meḫû abūbu qabla* | Toe die sewende dag aanbreek, midde-in die tierende vloedstorm |
| 131 *ša imtaḫṣu kīma ḫaiālti* | wat tekere gaan soos 'n vrou wat baar, |
| 132 *inuḫ tâmtu ušḫarirma imḫullu abūbu ikla* | trek die see terug, die bose wind word stil, die vloed hou terug. |
| 133 *appalsamma ūma šakin qūlu* | Ek kyk na die dag: daar is stilte; |
| 134 *u kallat tenēšēti itūrā ana ṭiṭṭi* | die hele mensheid het teruggekeer tot klei. |
| 135 *kīma ūri mitḫurat ušallu* | Die vallei was so gelyk soos 'n dak. |
| 136 *apti nappāšamma ṣetu imtaqut eli dūri appīa* | Ek maak die luggat oop, die lig val op die brug van my neus. |
| 137 *uktammisma attašab abakki* | Ek kniel, ek sit, ek huil. |
| 138 *eli dūri appīa illaka dimaīa* | Oor die brug van my neus rol my trane. |
| 139 *appalis kibrati pāttu tâmti* | Ek kyk na die oewer, die grens van die see. |
| 140 *ana šinšeret ītela nagu* | Die twaalfde keer kom daar 'n stuk land op. |
| 141 *ana šadî Nimuš ītemid eleppu* | Die skip rus op die berg Nimus; |
| 142 *šadû Nimuš eleppa iṣbatma ana naši ul iddin* | Die berg Nimus hou die skip vas sodat dit nie kan oplig nie." |

Vir sewe dae lank rus die skip op die berg Nimus ( r 143 - 146).

| | |
|---|---|
| 146 *sebīšu ūmu ina kašādi* | "Toe die sewende dag aanbreek |
| 147 *ušeṣima summa umaššir* | stuur ek uit, ek laat 'n duif gaan. |
| 148 *illik summu itūramma* | Die duif gaan, maar hy kom terug, |
| 149 *manzāzu ul īpašuma issaḫra* | daar was nie vir hom 'n vastrapplek sigbaar nie, en hy kom terug. |
| 150 *ušeṣima sinunta umaššir* | Ek stuur uit, ek laat 'n swaeltjie gaan. |
| 151 *illik sinuntu itūramma* | Die swaeltjie gaan, maar hy kom terug, |
| 152 *manzāzu ul īpašuma issaḫra* | daar was nie vir hom 'n vastrapplek sigbaar nie, en hy kom terug. |
| 153 *ušeṣima āriba umaššir* | Ek stuur uit, ek laat 'n kraai gaan. |

| | |
|---|---|
| 154 *illik āribima qarūra ša mê īmurma* | Die kraai gaan, hy sien die water terugtrek. |
| 155 *ikkal išaḫḫi itarri ul issaḫra* | Hy eet, hy skrop, vlieg weg, hy kom nie terug nie. |
| 156 *ušeṣima ana rebî šārī attaqi niqâ* | Ek stuur uit, na die vier windstreke offer ek 'n offer. |
| 157 *aškun surqinnu ina eli ziqqurrat šadî* | Ek plaas 'n offer op die ziggurat van die berg. |
| 158 *sebû u sebû adakurrī uktīn* | 7 x 7 houers laat ek stewig staan, |
| 159 *ina šaplišunu attabak qanî erēni asi* | onderin gooi ek seder- en mirte-takkies. |
| 160 *ilū īṣinū iriša* | Die gode ruik die reuk, |
| 161 *ilū īṣinū iriša ṭā'iba* | die gode ruik die soet reuk; |
| 162 *ilū kīma zumbē eli bēl niqi iptaḫrū* | die gode koek saam soos vlieë rondom die baas van die offer. |
| 163 *ultu ullânumma Bēlet-ilī ina kašādiša* | Skielik kom Belet-ili daar aan. |
| 164 *išši zumbī rabûtī ša Anu īpušu kî ṣûḫišu* | Sy lig die groot vlieë op wat Anu gemaak het vir haar vermaak. |
| 165 *ilū annûti lū uqnû kišādia ai amši* | 'Gode, mag hierdie lapis lazuli om my nek my nooit laat vergeet nie, |
| 166 *ūmū annûti lū aḫsusamma ana dāriš ai amši* | Hierdie dae sal ek vir ewig onthou, mag ek nooit vergeet nie! |
| 167 *ilū lillikūni ana surqinnu* | Laat die gode na die offer toe kom: |
| 168 *Enlil ai illika ana surqinni* | maar Enlil mag nie na die offer toe kom nie |
| 169 *aššu lā imtalkuma iškunu abūbu* | want hy het nie beraad gehou nie, hy het die vloed veroorsaak |
| 170 *u nišīa imnu ana karašî* | en my mense oorgegee vir verdelging!' |
| 171 *ultu ullânumma Enlil ina kašādišu* | Skielik kom Enlil daar aan. |
| 172 *īmur eleppa īteziz Enlil* | Enlil sien die skip, hy's kwaad, |
| 173 *libbāti imtali sa ilī Igīgī* | hy's vol van woede vir die Igigi-gode. |
| 174 *aiumma uṣi napišti* | 'Watter lewe het ontsnap? |
| *ai ibluṭ amēlu ina karašî* | Geen mens mag bly lewe in die verdelging nie!' |
| 175 *Ninurta pâšu īpušma iqabbi* | Ninurta sê |
| 176 *izakkar ana qurādi Enlil* | vir die kryger Enlil: |
| 177 *mannumma ša lā Ea amatu ibanni* | 'Wie, behalwe Ea het dit gedoen? |
| 178 *u Ea īdema kala šipri* | Ea is baie vernuftig!' |
| 179 *Ea pâšu īpušma iqabbi izakkar ana qurādi Enlil* | Ea sê vir die kryger Enlil: |

| | |
|---|---|
| 180 *atta apkallu ilī qurādu* | 'Jy, slimkop, kryger van die gode - |
| 181 *kīkî lā tamtalikma abūba taškun* | hoe kon jy nie beraadslag hou nie - jy het die vloed veroorsaak! |
| 182 *bēl hiṭṭi emid hiṭṭašu* | Straf die baas van die oortreding met sy oortreding, |
| 183 *bēl gillati emid gillassu* | straf die baas van die misdaad met sy misdaad! |
| 184 *rumme ai ibatiq šudud ai xxx* | Gee skiet, moenie afsny nie, hou uit, moenie... |
| 185 *ammaki taškunu abūba* | In plaas daarvan dat jy 'n vloed veroorsaak |
| 186 *nēšu litbamma nišī lisahhir* | moet daar liewers 'n leeu kom en die mense minder maak, |
| 187 *ammaki taškunu abūba* | in plaas daarvan dat jy 'n vloed veroorsaak |
| 188 *barbaru litbamma nišī lisahhir* | moet daar liewers 'n wolf kom en die mense minder maak, |
| 189 *ammaki taškunu abūba* | in plaas daarvan dat jy 'n vloed veroorsaak |
| 190 *hušahhu liššakinma māti lit -xx* | laat daar liewers hongersnood in die land wees, |
| 191 *ammaki taškunu abūba* | in plaas daarvan dat jy 'n vloed veroorsaak |
| 192 *Erra litbamma nišī lišgiš* | laat Erra die pesgod liewers kom en die mense uitwis. |
| 193 *anāku ul apta piristi ilī rabûtī* | Ek, ek het nie die geheim van die groot gode openbaar nie: |
| 194 *Atrahasis šunata ušabrišumma* | Atrahasis (Utnapishtim) het 'n droom gehad |
| 195 *pirišti ilī išme* | en die geheim van die gode uitgevind. |
| 196 *eninnama milikšu milku* | Nou, die plan was sy plan.' |
| 197 *īlamma Enlil ana libbi eleppi* | Enlil gaan op, binne-in die skip. |
| 198 *iṣbat qātīama ultēlanni iāši* | Hy vat my hand, hy laat my opgaan, |
| 199 *uštēli uštakmis sinništi ina idīa* | hy laat my vrou opgaan en langs my kniel, |
| 200 *ilput pūtnima* | hy raak aan ons koppe, |
| *izzaz ina birinni ikarrabannāši* | hy staan tussen ons en hy seën ons. |
| 201 *ina pān Utnapištim amēlutumma* | 'Vantevore was Utnapishtim 'n mens, |
| 202 *eninnama Utnapištim u sinništišu lū emū kî ilī nāšima* | mag Utnapishtim en sy vrou nou verander net soos ons gode. |
| 203 *lū ašibma Utnapištim ina rūqi ina pî nāri* | Utnapishtim sal ver gaan bly, by die mond van die rivier.' |
| 204 *ilqûnnima ina rūqi ina pî nāri uštešibûnni* | Hulle neem my ver weg, by die mond van die rivier laat hulle my bly. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 205 *eninnama ana kâša mannu ilī upaḫḫarakkumma* | Maar nou vir jou - wie sal die gode vir jou bymekaar laat kom?" |

En dan sê Utnapishtim die woorde wat Gilgamesh die heel graagste wil hoor.

| | |
|---|---|
| 206 *balâṭa ša tuba''u tutta atta* | "Die lewe wat jy gesoek het, sal jy kry!" |

Dis egter nie so maklik nie - Gilgamesh moet eers 'n toets slaag.

| | |
|---|---|
| 207 *gana ē tattīl šeššu urrī u sebû mūšāti* | "Kom, vir 6 dae en 7 nagte lank mag jy nie gaan lê nie!" |

Hierdie toets vra nie van Gilgamesh om kragte met mense of met monsters te meet nie. Hy moet 'n kompetisie aangaan met slaap - die kleinboetie van die dood. Net soos die lewe en die dood, is slaap ook 'n krag wat hy in homself ronddra. Binne homself is dit nou eros en thanatos - *balâṭu u mūtu* - wat die stryd aanknoop. Hierdie laaste toets, die passiefste stryd wat hy nog gestry het, is ook die heel moeilikste. Die uitslag van hierdie kompetisie gaan bepaal of hy die ewige lewe gaan verkry of nie.

| | |
|---|---|
| 208 *kīma ašbuma ina birīt purīdīšu* | Skaars het hy op sy hurke gaan sit, |
| 209 *šittu kīma imbari inappuš elīšu* | of die slaap blaas soos 'n miswolk oor hom. |
| 210 *Utnapištim ana šâšima izakkar ana marḫītišu* | Utnapishtim sê vir sy vrou: |
| 211 *amri eṭla ša īrišu balâṭa* | "Kyk die man wat die lewe begeer - |
| 212 *sittu kīma imbari inappuš elīšu* | die slaap blaas soos 'n miswolk oor hom!" |
| 213 *marḫissu ana šâšuma izakkar ana Utnapištim rūqi* | Sy vrou sê vir Utnapishtim, die Veraf-Een: |
| 214 *lupussuma liggelta amēlu* | "Raak aan hom sodat die man kan wakker word. |
| 215 *ḫarrāni illaka litūr ina šulme* | Hy het die pad gekom, laat hy heelhuids terugkeer, |
| 216 *abulla uṣa litūr ana mātišu* | hy het by die stadshek uitgegaan, laat hom na sy land terugkeer!" |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Utnapishtim se vrou kry vir Gilgamesh jammer - net soos die skerpioenmense, Siduri en Urshanabi. Sy sien dat hy op die punt is om die toets te faal. Maar Utnapishtim is onverbid-dellik. Gilgamesh wou nie luister nie - dan moet hy maar die waarheid aan eie lyf ervaar.

| | |
|---|---|
| 217 *Utnapištim ana šâšima izakkara* | Utnapishtim sê |
| *ana marḫītišu* | vir sy vrou: |
| 218 *raggat amēlutu iraggigki* | "Die mens is boos - hy sal jou leed aandoen! |
| 219 *gan epi kurummatišu* | Kom! Bak vir hom broodjies, |
| *šitakkani ina rēšišu* | sit dit neer by sy kop. |
| 220 *u ūmī ša ittīlu ina igāri eṣri* | En die dae wat hy slaap moet jy op die muur aanteken. |

Utnapishtim ken die mens. Hy weet Gilgamesh gaan met hierdie toets bedrieg as hy enigsins die geleentheid kry. Daarom moet hy voorsorgmaatreëls tref.

| | |
|---|---|
| 221 *ši ēpi kurummatišu* | Sy bak vir hom broodjies |
| *ištakkan ina rēšišu* | en sit dit by sy kop neer. |
| 222 *u ūmī ša ittīlu ina igāri uddaššu* | En die dae wat slaap, maak sy op die muur bekend. |

Die uitslag:

| | |
|---|---|
| 223 *ištāt šabulat kurummassu* | Sy eerste broodjie was uitgedroog, |
| 224 *šanûtum muššukat šalšutum raṭbat* | die tweede was vrot, die derde klam, |
| *rebûtum ipteṣi kamânšu* | sy vierdie soet koekie was wit, |
| 225 *ḫamšutum šība ittadi* | die vyfde het grys gelyk, |
| *šeššutum bašlat* | die sesde was pas gebak, |
| 226 *sebutum ina pēttīmma* | die sewende was nog op die kole, |
| *ilpussuma iggelta amēlu* | toe raak hy aan hom, en die man word wakker. |

Wat die mens betref, was Utnapishtim reg.

| | |
|---|---|
| 227 *Gilgameš ana šâšuma izakkar* | Gilgamesh sê |
| *ana Utnapištim rūq* | vir Utnapishtim die Veraf-een: |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 228 *annimiš šittum irḫu elīa* | "Net toe die slaap my oorval |
| 229 *ḫanṭiš taltaptannima taddikanni atta* | toe raak jy gou aan my, en jy laat my opstaan!" |
| 230 *Utnapištim ana šâšuma izakkar ana Gilgameš* | Utnapishtim sê vir Gilgamesh: |
| 231 *tebi Gilgameš muna kurummatika* | "Staan op, Gilgamesh, tel jou broodjies, |
| 232 *u ûmī ša tattīlu lū ēdakka kâša* | sodat die dae wat jy geslaap het aan jou bekend word!" |

Die bewyse lê voor hom:

| | |
|---|---|
| 233 *ištât šabulat kurummatka* | Jou eerste broodjie is uitgedroog, |
| 234 *šanûtum muššukat šalšutum raṭbat rebûtum ipteṣi kamanka* | die tweede is vrot, die derde klam, jou vierde soet koekie is wit, |
| 235 *ḫamšutum šiba ittadi šeššutum bašlat* | die vyfde lyk grys, die sesde is pas gebak, |
| 236 *sebutum ina pēttīmma tettegelta atta* | die sewende is nog op die kole - toe word jy wakker." |

Wat 'n skande! Hy het die toets gedop. Hy kan nie stry nie. Nêrens kan hy eens een punt bykry wat hom 'n slaagsyfer gaan gee nie. Maar erger as die skande dat hy die toets gedop het, is die feit dat hy ook die ewige lewe nie kan kry nie. Arme Gilgamesh!

| | |
|---|---|
| 237 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Utnapištim rûqi* | Gilgamesh sê vir Utnapishtim die Veraf-een: |
| 238 *kîkî lūpuš Utnapištim aiâkani lullik* | "Hoe sal ek maak, Utnapishtim waarheen sal ek gaan? |
| 239 *šīrīa uṣṣabbitum ekkemu* | 'n Dief het my vlees vasgegryp! |
| 240 *ina bīti maiālīa aššib mūtum* | In my slaapkamer sit die dood, |
| 241 *u ašar pānīa luškun šû mûtumma* | en waar ek my ookal draai, daar is die dood!" |

Maar Utnapishtim het nou genoeg van sy besoeker gehad.

| | |
|---|---|
| 242 *Utnapištim ana šâšuma izakkara ana Uršanabi mallâḫi* | Utnapishtim sê vir Urshanabi die bootsman: |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 243 *Uršanabi kāru ai iḫdika nēberu lizirka* | "Mag die hawe nie oor jou bly wees nie, en mag die oorgang jou verafsku |
| 244 *ša ina aḫiša tattallak aḫša zumme* | jy wat na die oewer gekom het, daardie oewer ontbreek vir jou! |
| 245 *amēlu ša tallika pānāssu* | Die man wat jy hierheen laat kom het - |
| 246 *iktasû malû pagaršu* | vuilheid koek op sy liggaam, |
| 247 *maškū uqtattû dumuq šīrīšu* | velle doen afbreuk aan sy aantreklike vlees. |
| 248 *leqešuma Uršanabi ana namsê bilšuma* | Vat hom na die wasplek, Urshanabi, en was hom, |
| 249 *malêšu ina mê kî elli limsi* | laat hy sy vuilheid skoon in die water was, |
| 250 *liddi maškīšuma libil tâmtum ṭâbu lū ṣapu zumuršu* | laat hom sy velle afgooi en laat die see dit wegdra, laat hy sy liggaam week totdat dit goed is, |
| 251 *lū udduš parsīgu ša qaqqadišu* | laat hy 'n nuwe kopband vir sy kop kry, |
| 252 *tēdīqi lū labiš ṣubāt baltišu* | laat hy klere dra, 'n kleed vir sy waardigheid |
| 253 *adi illaku ana ālišu* | totdat hy na sy stad toe gaan, |
| 254 *adi ikaššadu ana urḫišu* | totdat hy by sy pad aankom: |
| 255 *tēdīqu šīpa ai iddima edēšu lidiš* | sy klere mag nie verweerd lyk nie - nuut, dit moet nuut wees!" |

Utnapishtim antwoord nie Gilgamesh se vraag nie, trouens, hy praat glad nie met Gilgamesh nie. Hy praat met sy bootsman, Urshanabi. Maar waarom sou hy Urshanabi verbied om die waters van die dood ooit weer oor te steek en na Utnapishtim toe terug te keer (r 243 & 244)?

Deur die see oor te steek, het Gilgamesh alle verdere moontlikhede vernietig vir enigiemand om na hom dit weer te doen (Gardner & Maier, 1984 : 247). Die bootsman moet saam met Gilgamesh weggaan en nooit weer terugkom nie. Hy sal nooit weer iemand na Utnapishtim se blyplek kan bring nie - daarvan gaan Utnapishtim seker maak.

Utnapishtim gee opdrag dat Gilgamesh se eer herstel word - deur middel van sy persoonlike higiëne, sy kleredrag en sy hooftooisel (r 245 - 255 ; vgl. 2.2.2.4). Dit word egter van buite aan hom gedoen: Gilgamesh self neem nog geen inisiatief in die poging om hom weer 'n eerbare lid van die samelewing te maak nie. Weer eens word die woord *baltu* gebruik wat op eer sowel as op skaamte dui (r 252). Met waardigheid, en nie in skande nie, moet Gilgamesh na sy stad terugkeer.

Urshanabi doen wat aan hom opgedra word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 256 *ilqešuma Uršanabi ana namsê ubilšuma* | Urshanabi neem hom na die wasplek en was hom, |
| 257 *malêšu ina mê kî ellim imsi* | hy was sy vuilheid in die water skoon, |
| 258 *iddi maškīšuma ubil tâmtu* | hy gooi sy velle af en die see dra dit weg, |
| 259 *ṭâbu iṣṣapi zumuršu* | hy laat sy liggaam week totdat dit goed is, |
| 260 *ūteddiš parsigu ša qaqqadišu* | hy kry 'n nuwe kopband vir sy kop, |
| 261 *tēdīqa labiš ṣubăt baltišu* | klere dra hy, 'n kleed vir sy waardigheid, |
| 262 *adi illaku ana ālišu* | totdat hy na sy stad toe gaan, |
| 263 *adi ikaššadu ana urḫišu* | totdat hy sy by sy pad aankom. |
| 264 *têdīqu šipa ai iddima edēšu līdiš* | "Sy klere mag nie verweerd lyk nie - nuut, dit moet nuut wees!" |

Gilgamesh bly passief terwyl sy eer in opdrag van Utnapishtim deur Urshanabi herstel word. Hulle is gereed om Utnapishtim te verlaat.

| | |
|---|---|
| 265 *Gilgameš u Uršanabi irkabū eleppa* | Gilgamesh en Urshanabi klim in die skip, |
| 266 *eleppa gilla iddū šunu irtakbū* | hulle laat die skip te water om te seil. |
| 267 *marḫissu ana šâšuma izakkar ana Utnapišti rūqi* | Utnapishtim se vrou sê vir Utnapishtim die Veraf-een: |
| 268 *Gilgameš illika innaḫa išūṭa* | "Gilgamesh het gekom, hy is moeg, hy't geswoeg - |
| 269 *mīna tattannama itâr ana ālišu* | hy gaan terug na sy stad - wat gee jy hom?" |
| 270 *u šu išši parīsa Gilgameš* | Gilgamesh het die paal opgelig, |
| 271 *eleppa uṭṭeḫḫa ana kibri* | hy bring die skip nader na die oewer toe. |
| 272 *Utnapištim ana šâšuma izakka ana Gilgameš* | Utnapishtim sê vir Gilgamesh: |
| 273 *Gilgameš tallika tannaḫa tašūṭa* | "Gilgamesh, jy het gekom, jy is moeg, jy't geswoeg - |
| 274 *mīna attannakuma tatâr ana ālika* | jy gaan terug na jou stad - wat gee ek jou? |
| 275 *lupte Gilgameš amat niṣirti* | Ek gaan 'n geheime ding vir jou openbaar, Gilgamesh, |
| 276 *u pirišta ša ilī kâšu luqbika* | ek gaan 'n geheim van die gode vir jou vertel. |
| 277 *šammu šu kīma eṭṭetti šuršūšu* | Daar's 'n plant met wortels soos 'n doringbos, |
| 278 *siḫilšu kî amurdinnimma usaḫḫal qātāka* | sy dorings is soos 'n braambos, hy sal jou hande prik. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| 279 *šumma šamma šâšu ikaššada qātāka balāṭa tutta* | As jy die die plant in die hande kry, sal jy lewe vind!" |

Het Utnapishtim tog nie na sy vrou geluister nie? Kry Gilgamesh sowaar nog 'n kans?

| | |
|---|---|
| 280 *Gilgameš annîtu ina šemêšu ipti rāṭa* | Toe Gilgamesh dit hoor, maak hy die pyp oop, |
| 281 *urakkis abnī kabtutī ina šēpīšu* | hy bind swaar klippe aan sy voete vas, |
| 282 *ildudušuma ana apsî mušab Ea* | hy trek homself af na die diepsee waar Ea bly. |
| 283 *šu ilqe šammama isḫil qātāšu* | Hy vat die plant, dit steek sy hande, |
| 284 *ubattiq abnī kabtutī ša šēpīšu* | hy sny die swaar klippe van sy voete af, |
| 285 *tâmtum issukašu ana kibrišu* | die see spoel hom op die oewer uit. |

Maar Gilgamesh vertrou nie die vrede nie. Utnapishtim het hom een maal 'n streep getrek.

| | |
|---|---|
| 286 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Uršanabi mallāḫi* | Gilgamesh sê vir Urshanabi die bootsman: |
| 287 *Ursanabi šammu annû šammu nikitti* | "Urshanabi, hierdie plant is 'n euforia-struik |
| 288 *ša amēlu ina libbišu ikaššadu napšassu* | waarmee die mens sy lewe kan wen. |
| 289 *lubilšu ana libbi Uruk supūri* | Ek gaan dit in veilige Uruk invat |
| 290 *lušākil šībamma šamma lultuk* | en die oumense die plant laat eet - laat ek dit toets: |
| 291 *šumša šību iṣṣaḫir amēlu* | sy naam is: 'Oumens-word-jonk'. |
| 292 *anāku lukulma lutūr ana ša ṣuḫrīama* | Laat ek dit dan eet en na my jeug terugkeer!" |

Die plant van Gilgamesh gekry het, sal hom nie die ewige lewe gee nie. Dit is egter 'n verjongingskuur (r 291): terwyl hy dit gebruik, sal hy voortdurend jonger word en daardeur darem sy lewe 'n bietjie verleng - waarskynlik sonder die kwale wat die ouderdom meebring. As dit op die senior burgers van Uruk werk, sal dit ook op Gilgamesh werk ( r 290 & 292). Met hierdie voornemens keer Gilgamesh saam met Urshanabi terug.

| | |
|---|---|
| 293 *ana 20 bērī iksupū kusāpu* | Na 20 myl breek hulle brood, |
| 294 *ana 30 bērī iškunū nubatta* | na 30 myl maak hulle gereed vir die aand. |
| 295 *īmurma būra Gilgameš ša kaṣû mêša* | Gilgamesh sien 'n put met koue water, |
| 296 *urrid ana libbima mê irammuk* | hy gaan af en was hom in die water... |

| | |
|---|---|
| 297 *ṣerru īteṣin nipiš šammu* | 'n Slang ruik die reuk van die plant, |
| 298 *šaqummeš īlamma šammu išši* | stilletjies kruip hy op en vat die plant, |
| 299 *ina tārišu ittadi quliptum* | toe hy omdraai gooi hy sy skubberige vel af. |

Vroeër as wat hy beplan het, sien Gilgamesh dat die plant inderdaad 'n verjongingskuur was: die slang het sy ou vel afgegooi en met 'n nuwe, jonger vel voortgeseil (r 299). En daar gaan Gilgamesh se laaste kans! Hy dop die toets van die ewige lewe, en deur sy eie nalatigheid word sy troosprys voor sy neus weggeraap. Hierdie keer het hy niemand om te blameer nie - net homself.

| | |
|---|---|
| 300 *ina ūmešuma Gilgameš ittašab ibakki* | Daardie dag gaan sit Gilgamesh en huil, |
| 301 *eli dūri appišu illaka dīmašu* | oor die brug van sy neus rol sy trane. |
| 302 *iṣbat qātī ša Uršanabi mallāḫu* | Hy gryp Urshanabi, die bootsman se hande: |
| 303 *ana mannīa Uršanabi inăḫa idaīa* | "Vir wie, Urshanabi, het my arms moeg geword, |
| 304 *ana mannīa iballi dāmu libbīa* | vir wie is die bloed van my hart geblus? |
| 305 *ul aškun dumqa ana ramnīa* | Nie vir myself het ek voorspoed bewerk nie, |
| 306 *nēšu ša qaqqari dunqa ētepuš* | ek het die leeu van die grond gelukkig gemaak! |
| 307 *eninna ana 20 bērī edu inašamma* | Nou het die getygolf vir 20 myl gelig, |
| 308 *rāṭa kî aptu attabak unūtu* | en toe ek die pyp oopgemaak het, het ek die gereedskap weggegooi! |
| 309 *utta aita ana ittīa išakkanu anāku luḫḫis* | Wat het ek gevind? Vir my is daar 'n teken: laat ek teruggaan |
| 310 *u eleppa ētezib ina kibri* | en die skip op die oewer los." |

Diep verneder, in skande kan Gilgamesh maar net gaan sit en huil (r 300 & 301). Al sy moeite en ontberinge was tevergeefs (r 303 - 305). Die enigste wese wat baat daarby gevind het, was die leeu van die grond (r 306) - die slang.

Was alles egter heeltemal tevergeefs? Gilgamesh het wel 'n teken gevind (r 309), 'n teken waarmee hy na sy stad sal terugkeer (r 309 & 310). Hy beskrywe nie die aard van die teken nie, en ook nie waar of hoe hy dit gevind het nie - waarskynlik is dit eerder psigiese insig as 'n fisiese objek. Hierdie teken oortuig Gilgamesh dat hy moet teruggaan na sy stad.

## K. DEUR Oë VOL TRANE

Gilgamesh en Urshanabi die bootsman pak die terugtog aan.

| | |
|---|---|
| 311 *ana 20 bērī iksupū kusāpa* | Na 20 myl breek hulle brood |
| 312 *ana 30 bērī iškunū nubatta* | na 30 myl maak hulle gereed vir die aand. |
| 313 *ikšudūnimma ana libbi Uruk supūri* | Hulle kom aan in die hart van veilige Uruk. |
| 314 *Gilgameš ana šâšuma izakkara ana Uršanabi mallāḫi* | Gilgamesh sê vir Urshanabi die bootsman: |
| 315 *elima Uršanabi ina eli dūri Uruk itallak* | "Gaan bo-op die mure van Uruk, Urshanabi, loop daar rond, |
| 316 *temenna ḫiṭima libitta ṣubbi* | Let op die basis, kyk mooi na die bakstene: |
| 317 *šumma libittīšu lā agurrat* | as die bakstene darem nie van hardgebakte steen is nie, |
| 318 *u uššišu lā iddū 7 muntalkī* | en die 7 wyses nie die fondament neergelê het nie! |
| 319 *1 šar ālu 1 šar kirû 1 šar issû pitir bītu Ištar* | Een sar is stad, 1 sar is boorde 1 sar is kleiput, oop grond en die huis van Ishtar! |
| 320 *3 šar u pitru Uruk tamḫu* | Drie sar en oop grond - dis die omtrek van Uruk!" |

Reëls 315 - 320 van Tablet XI herhaal woordeliks reëls 16 - 21 van Tablet I. Daar is egter 'n paar verskille. Dis nie nou 'n anonieme verteller wat 'n uitnodiging aan 'n anonieme leser rig nie. Gilgamesh, die koning van Uruk is nou self aan die woord en hy praat met Urshanabi, die bootsman. Verder kom hierdie uitnodiging aan die einde van die verhaal voor, nie in die proloog nie. Die heel belangrikste verskil lê egter in die feit dat die Gilgamesh wat hier aan die woord is, 'n ander Gilgamesh is as wat die leser aan die begin leer ken het: hierdie Gilgamesh het die *nagbu* - die diepte - gesien. Die *ša nagba īmuru* van reël 1 in Tablet I - die een wat die diepte gesien het - het 'n naam gekry: Gilgamesh.

Dis 'n ouer Gilgamesh wat aan die woord is: gemartel en gelouter deur gebeure, maar veral deur sy emosionele belewenisse van gebeure, sien hy die wêreld nou deur nuwe oë. Hy spog weer oor sy stad, maar terwyl hy spog, is sy oë vol trane. Hy is weer 'n man van eer, maar sy eer dra vlekke van skande. In die woorde van Jackson (1992 : XXXII): "Something miraculous has happened. Experience has forced the immature braggart to redefine his idea of holy. His dark night of the soul is behind him. A terrible beauty has been born."

# HOOFSTUK IV

## INTEGRASIE VAN GEGEWENS

### 1. INTERPRETASIE VAN DIE EPOS

Die Epos van Gilgamesh vertoon twee duidelike fases wat diametries teenoor mekaar staan. Die motief wat albei fases deurkruis, is die motief van onsterflikheid. In die eerste fase wil Gilgamesh onsterflikheid deur persoonlike eer bekom - deur gode, mense en monsters uit te daag. In die tweede fase wil hy onsterflikheid bekom deur vir ewig te lewe - die enigste manier om dit reg te kry, is om sy eie menslike feilbaarheid uit te daag. Die eerste helfte van die epos vertel van eer, die tweede helfte vertel van skande. Die verhaal word vervolgens saamgevat en geïnterpreteer soos wat dit meer breedvoerig in Hoofstuk III verloop.

Die Epos van Gilgamesh handel oor Gilgamesh, eerbare koning van Uruk, twee-derdes god en een-derde mens. Na die lofrede wat die proloog hom toeswaai, word hy egter heeltemal teenoorgesteld aan die leser voorgestel. Hy is jonk, arrogant en respekteer nie werklik die grense wat die samelewing neerlê nie. Reeds heel aan die begin van sy loopbaan as koning, kan Gilgamesh nie as 'n diadiese persoonlikheid bestempel word nie. Hy is 'n individu, hy steur hom min aan wat 'n goeie koning mag en behoort te doen. Hy oorskry sy grense tot so 'n mate dat hy skande oor sy gemeenskap bring: die mense van sy stad kom in bittere verset teen sy tirannie. Hulle is egter magteloos om sy eer uit te daag, omdat daar onder hulle geen gelyke vir hom is nie. Die enigste oplossing is dat dieselfde gode wat Gilgamesh gemaak het, sy gelyke moet maak om hom besig te hou, sodat die mense van Uruk in vrede kan lewe.

Enkidu, die wilde, primitiewe mens is die verhoring op die mense se gebede. Nadat hy 'n jagter die skrik op die lyf gejaag het, word hy sistematies die beskawing ingelei deur Shamhat, die tempelprostituut. Sy neem hom Uruk toe om hom aan Gilgamesh voor te stel. Met hul aankoms in die stad is daar feesverrigtinge aan die gang. Enkidu verneem dis 'n huweliksfees, maar die koning eis huweliksregte op voordat die bruidegom dit mag doen. Woedend oor hierdie skandelike praktyk bestorm hy die huwelikshuis, en hy en die jong koning raak hand-

gemeen in die openbaar terwyl die skare met groot afwagting toekyk. Uiteindelik word die koning se eer uitgedaag. Wanneer dit lyk asof Enkidu die oorhand gaan behaal, kalmeer sy woede egter: hy en Gilgamesh sluit 'n hegte vriendskap. Soos broers is hulle vir mekaar: Ninsun, Gilgamesh se ma bevestig hierdie verhouding wanneer sy vir Enkidu as seun aanneem.

Ten spyte van sy nuutgevonde vriend raak Enkidu toenemend bedruk oor sy krag wat hom verlaat het. Gilgamesh se oplossing vir die depressie, is aksie: aksie in die vorm van 'n nuwe avontuur waarmee hulle hul naam deur 'n groot heldedaad kan verewig. Om naam te maak, beteken om eer te verwerf: deur 'n eervolle naam te verewig, is daar 'n moontlikheid om onsterflikheid te bekom. Die aangewese manier om eer te verwerf, is om 'n waardige teenstander uit te daag. Gilgamesh waag dit om god en monster uit te daag: waar is 'n beter opponent as Humbaba, die bewaker van die sederbos, die monster wat deur die god Enlil aangestel is? Op hierdie stadium is dood nog deel van die dobbelspel: selfs al sou hulle sterf, bly hulle onsterflik deur hul naam en eer wat voortleef. Weer eens toon Gilgamesh geen teken van 'n diadiese persoonlikheid nie. Almal probeer hom afraai om teen Humbaba op te ruk, maar hy steur hom min aan goeie raad: nou is dit nie meer Enkidu se depressie wat hom motiveer nie, maar sy eie versugting na eer.

Wanneer hulle toenemend nader aan die monster kom, wil-wil hul moed hulle begewe. Hulle druk nietemin deur en gaan tot 'n aanval oor, maar spoedig staar die dood hulle in die oë. Die god Shamash gryp in en verblind die monster met 'n aantal bose winde. Gilgamesh en Enkidu keer in glorie na Uruk terug met Humbaba se kop as trofee.

Hierdie heldedaad beïndruk niemand minder nie as die grote godin Ishtar, godin van liefde en oorlog. Wellustig rig sy 'n huweliksaansoek tot Gilgamesh, maar hy wys die eer van die hand. Hy ontmasker Ishtar as 'n bedorwe brokkie en 'n wrede minnares. Diep verneder gaan verkla sy hom by haar pa, Anu, en eis dat hy vir haar die Hemelbul gee waarmee sy haarself op Gilgamesh wil wreek. Nadat die Bul 'n groot gedeelte van Uruk se bevolking uitgewis het, kry Gilgamesh en Enkidu hom beet, en word ook hierdie monster van kant gemaak. Ishtar word verder verneder wanneer die Bul se hart aan Shamash geoffer word, en Enkidu die regterflank van die gedierte in haar gesig gooi. Gilgamesh hou 'n groot partytjie van eervertoon. Maar op die hoogtepunt van eer gryp die noodlot in. Die gode kan die gedrag van die twee bloedbroers nie langer duld nie: die dood sal hulle skei en die ander een tot inkeer bring. Daar word besluit dat Enkidu sal sterf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die dood van Enkidu ruk vir Gilgamesh. Hy betreur die heengaan van sy vriend, maar terselfdertyd pak 'n allesoorheersende vrees vir die dood hom beet. Enkidu het gesterf, nie in eer op die slagveld nie, maar in skande - deur siekte. Sy naam sal nie vir ewig bly staan nie.

Weer eens probeer Gilgamesh onsterflikheid bekom - hierdie keer nie deur eer en roem te verwerf nie, maar deur letterlik onsterflik te probeer word. Die enigste een wat die geheim van die ewige lewe ken, is Utnapishtim, die mens wat die Groot Vloed oorleef het en vir wie die gode met onsterflikheid geseën het.

Gilgamesh doen weg met alle uiterlike eersimbole: hy verlaat sy stad Uruk in 'n droewige toestand, en gekleed in velle swerf hy in 'n vuil en gehawende toestand rond op soek na Utnapishtim. Niemand wat hy teenkom, herken hom as die trotse koning van Uruk nie. Telkens moet hy verduidelik wie hy is en wat hy doen. Nog steeds is hy nie 'n diadiese persoonlikheid nie - na die voorgeskrewe routydperk bly hy treur, en stel hy sy gevoelens openlik ten toon vir almal om te sien. Gelukkig is die mense wat hy teenkom, hulpvaardig. Die skerpioenmense laat hom deur die Tweelingberge gaan op die pad van die son. Gilgamesh voltooi 'n moordende jaagtog teen tyd en bevind homself in 'n steenparadys: onverganklik, ewig, maar dood. Siduri, die kroegmeisie wat op die oewer van die see bly, wys hom waar hy Urshanabi, die bootsman van Utnapishtim in die hande kan kry. Gilgamesh bederf amper sy kans wanneer hy die bootsman oorrompel en die klipgoed breek waarsonder die skip nie die waters van die dood kan oorsteek nie, maar nadat hy houtpale maak, neem Urshanabi hom na Utnapishtim toe.

By Utnapishtim leer hy wat die geheim van die ewige lewe is: sy teenstanders is nie gode, mense of monsters nie, maar sy eie menslikheid. As hy die stryd teen sy eie menslikheid wen, as hy daarin kan slaag om vir ses dae en sewe nagte te kan wakker bly, sal hy die eer van onsterflikheid bekom.

In plaas van eer, beleef Gilgamesh die skande dat hy die eerste toets dop. Teen die slaap kan hy nie stry nie. Op aandrang van sy vrou, gee Utnapishtim vir Gilgamesh 'n afskeidsgeskenk, 'n troosprys: 'n plant wat as 'n soort verjongingskuur werk. Dit beloof nie aan Gilgamesh onsterflikheid nie, maar stel die ouderdom en dood 'n bietjie uit. Utnapishtim gee opdrag aan sy bootsman om Gilgamesh se uiterlike eer te herstel deur middel van sy kleredrag en sy persoonlike higiëne. Terselfdertyd belet hy Urshanabi om sy voete ooit weer op die oewer van die waters van

die dood te sit. Na Gilgamesh moet niemand hom weer kom pla oor die geheim van die ewige lewe nie.

Gilgamesh en Urshanabi keer terug na Uruk. Langs die pad span hulle uit vir die nag. Gilgamesh gaan was homself in 'n put met koue water. Die kosbare plant sit hy langs die kant neer - en 'n slang kom raap dit voor sy neus weg. Die slang gooi sy ou skubberige vel af en seil weg met 'n blink nuwe vel: 'n sekere bewys dat die plant inderdaad 'n verjongingskuur was. Weereens word Gilgamesh met sy eie menslikheid gekonfronteer. Weens sy eie nalatigheid het hy sy tweede kans deur sy vingers laat glip, dop hy die tweede kragmeting teen homself. Moedeloos gaan hy sit en huil.

Paradoksaal eindig die vertelling nie op 'n wanhopige noot nie. Die verhaal sluit af waar Gilgamesh en Urshanabi op die mure van Uruk rondloop, en dit lyk asof Gilgamesh oor sy stad spog. Ten spyte van sy mislukkings, kan hy weer spog. Waarom?

Daar het iets met Gilgamesh gebeur. Hy het verander. Die hipotese gaan vervolgens ondersoek word om te kyk of dit eer en skaamte is wat tot Gilgamesh se karakterontwikkeling bygedra het.

## 2. GEVOLGTREKKING: DIE HIPOTESE AANVAAR OF VERWERP

Die volgende hipotese is gestel: ***Eer en skaamte motiveer die karakterontwikkeling van Gilgamesh terwyl hy groei van jeug na volwassenheid.***

In hierdie skripsie is die Epos van Gilgamesh gelees en die eer-en-skaamte-model van Bruce Malina het gedien as agtergrond waarteen gebeure in die epos geïnterpreteer word. Bruce Malina en sy medewerkers beskou eer en skaamte as kernwaardes van antieke Mediterreense samelewings, die spil waarom alles draai en die agtergrond waarteen gebeure afspeel. Volgens hierdie model is eer en skaamte sosiale waardes: die samelewing bepaal wat eerbaar is en wat nie, die samelewing bepaal wie geëer word, en wie nie. Eer en skaamte, soos deur die samelewing gedefinieer, lê sosiale grense neer, struktureer die gemeenskap en skryf toepaslike gedragskodes voor. Binne so 'n samelewing is daar vir 'n individu nie plek nie - die term 'diadiese

persoonlikheid' word gebruik om na 'n groepsmens te verwys, iemand wie se persoonlikheid deur die groep gedefinieer word, en wat homself/haarself daarop toespits om aan die norme van die groep te konformeer. Die diadiese persoonlikheid is onbewus van begrippe soos individuele persoonlikheidsontwikkeling of selfverwesenliking.

Ten opsigte van eer en skaamte as sosiale waardes wat samelewings struktureer en sosiale gedrag voorskryf, is daar in die Epos van Gilgamesh 'n groot mate van kontinuïteit met Malina se model. Die samelewing lê sekere reëls neer, selfs vir 'n koning. Wanneer Gilgamesh sy grense oorskry, kom sy mense in opstand. Sy eer word uitgedaag in die persoon van Enkidu volgens al die reëls van die spel: twee gelykes, albei manlik, die konfrontasie vind in die openbaar plaas, en daar is toeskouers teenwoordig wat die afloop van die stryd evalueer. Die resultaat van die geveg is 'n hegte vriendskap tussen twee gelykes wat saam die een hoogtepunt na die ander wil bereik. Hul ekspedisie teen Humbaba illustreer 'n verdere soeke na eer, na openbare erkenning, en ook 'n minagting vir die gesag van 'n god: Humbaba is deur Enlil aangestel om die sederbos te bewaak. Hierna beskerm Gilgamesh sy eie eer deur Ishtar te verneder, omdat hy weet dat haar huweliksaanbod vir hom net skande uitspel. Daardeur oorskry hy egter sy perke tot so 'n mate dat die groot gode ingryp. Op hierdie stadium het Gilgamesh se soeke na roem en eer die eer van die gode in die gedrang gebring - hulle beskerm hul eer deur wraak te neem, en daarom hulle laat die Dood in werking tree, daardie mag waaroor slegs hulle beskik en waaroor die mens geen beheer het nie.

Die draaipunt in die verhaal is Enkidu se dood - in skande. Gilgamesh swerf rond, in 'n skandelike, bejammerenswaardige toestand. Hy gooi alle uiterlike simbole van eer af, en laat toe dat skande oor sy hele wese gestempel word. Hy belewe die skande daarvan om twee toetse te dop. Wanneer hy uiteindelik na sy stad terugkeer, is dit waarskynlik om hierdie keer te lewe binne die grense wat die samelewing daar stel. Hy het 'n les geleer. Vermoedelik het hy 'n inherente gevoel van skaamte ontwikkel, en sal hy van nou af konformeer aan die gedragskodes wat die gode en die samelewing aan hom voorskryf.

Ten opsigte van die diadiese persoonlikheid is daar egter in die Epos van Gilgamesh 'n groot mate van diskontinuïteit met Malina se model. Van die begin af blyk dit dat Gilgamesh nie 'n diadiese persoonlikheid het nie. Hy gedra homself nie volgens die reëls wat die samelewing vir 'n goeie koning neerlê nie. Hy steur hom nie aan die waarskuwing van die oudstes as hy beplan om teen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Humbaba op te ruk nie. Hy bevraagteken die motiewe van 'n godin se huweliksaanbod en tree beledigend, selfs brutaal teenoor haar op. Wanneer sy vriend sterf, toon hy sy intieme emosies openlik en intens, selfs nadat die voorgeskrewe tydperk van rou afgeloop het. Hy verlaat sy stad en versaak sy pligte as koning, op soek na die ewige lewe. Hy luister nie na die goeie raad van Shamash en Siduri nie: hy moet vir homself duidelikheid kry oor wat onsterflikheid beteken. Wanneer hy Utnapishtim uiteindelik ontmoet, wil hy hom ook nie glo dat die dood eintlik onafwendbaar is nie. Hy is bereid om die kompetisie met slaap aan te gaan - wat hy verloor: eers wanneer hy die euforia-struik deur sy eie natlatigheid verloor, aanvaar Gilgamesh dat hy ook sal sterf, soos alle mense.

Tog oorleef hy. Gemartel deur sy emosies, beproef deur omstandighede, kom hy tot nuwe insigte. Hy het nuwe idees oor eer en skande - sy eie idees, nie die wat die samelewing aan hom voorskryf nie. Dit mag ooreenstem met hulle s'n, maar Gilgamesh het vir homself uitgemaak wat die waarheid is, daarom kan hy daarmee saamleef. Vir Gilgamesh strek eer nou verder as bloot sosiale plig: hy het iets geleer van 'n persoonlike verantwoordelikheid.

Die hipotese kan dus gestaaf word: ***eer en skaamte motiveer die karakterontwikkeling van Gilgamesh terwyl hy groei van jeug na volwassenheid.*** Bruce Malina se sosiologies-antropologiese model bied 'n nuttige agtergrond waarteen die epos gelees kan word, maar uiteindelik is eer en skaamte vir Gilgamesh veel meer psigologies as sosiologies van aard. Juis omdat Gilgamesh nie 'n diadiese persoonlikheid is nie, kan hy groei. Uit sy eie pyn en vernedering leer Gilgamesh dat onsterflikheid te make het met die wyse waarop 'n mens lewe: in eer of in skande. Die konkrete, onverganklike mure van Uruk as produkte van Gilgamesh se kulturele bedrywigheid verkry besondere simboliese waarde. Onsterflikheid en eer word gerelativeer deur daardie dinge wat blywende betekenis gee aan 'n mens se eie lewe, hier en nou, en ook aan die lewens van ander.

Op 'n pynlike manier moes Gilgamesh leer wat dit beteken om groot te word en om die verantwoordelikhede van die volwasse lewe te aanvaar. Dit was 'n lang en moeilike pad, 'n pad wat van hom moed en deursettingsvermoë gevra het. Dit is die pad van persoonlike groei wat Scott Peck beskryf in sy blitsverkoper "The Road Less Travelled" (1989). Hierdie pad vra van elke mens om homself of haarself individueel te konfronteer - en om, as die lewe moeilik word, nie af te dwaal op sypaadjies van ontkenning of ontwyking nie. Scott Peck beskryf die proses in moderne psigologiese terme; Sin-liqe-unninni het dit by wyse van 'n verhaal en 'n karakter

gedoen. Vir Gilgamesh was dit die moeite werd om die moeilike pad te kies. Uiteindelik het hy groot geword. Derhalwe die titel van die skipsie :

***Gilgamesh sien die Diepte : van Skande tot Eer.***

## 3. LEEMTES IN DIE NAVORSING EN TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Die Epos van Gilgamesh is 'n literêre meesterstuk. Min letterkunde is so ryklik geskakeerd en vertoon soveel verskillende fasette soos hierdie lang gedig. Eer en skaamte is maar een invalshoek waarmee die verhaal moontlik benader kan word. Daar is baie meer. Daarom is hierdie skripsie afgebaken, beperk, en fokus dit slegs op spesifieke aspekte wat met eer en skaamte verband hou.

'n Keuse moes uitgeoefen word om gedeeltes in die epos af te baken wat as eer-en-skaamte-momente kwalifiseer. Terselfdertyd was dit nodig om die storielyn te handhaaf sodat die funksie van eer en skaamte in die epos as geheel geïnterpreteer kan word. Tereg kan 'n vraagteken geplaas word oor die gedeeltes in die epos wat uiteindelik in die skripsie vertaal is: te veel, of te min?

Verder is die teks wat gebruik is, 'n gerekonstrueerde teks met die uitsluitlike doel om studente in 'n klassituasie met Akkadiese letterkunde vertroud te maak. Dit is dus nie die "beste" teks wat as uitgangspunt gedien het nie. Dit lyk egter tog ook nie of daar tot op hede 'n beter teks is nie.

Moontlikhede vir verdere navorsing is legio. Uit die epos blyk dit reeds dat eer en skaamte nie die enigste manier is om die verhaal te ondersoek nie. Daar is baie ander terreine vir verkenning: op strukturele gebied wemel die moontlikhede. Daar kan gekyk word na die bydraes van die verskillende 'episodes' in die opbou van die groot verhaal, die verskillende klimaks-momente; verder kan die rol van die verteller, skrywerstegnieke, die aanwending van tyd en ruimte, en die rol van die hoof- en bykarakters ondersoek word - daar is talle meer. Op tematiese gebied is veral die temas van wysheid en onsterflikheid van kardinale belang, en verdien bepaald aandag. Sekere 'episodes' en aanhalings in die Gilgamesh-epos het raakpunte met die Ou Testament - in hierdie verband kan vergelykings getref word en kan die ooreenkomste en verskille insiggewend wees.

# 4. FINALE OPMERKINGS

Die Epos van Gilgamesh kan selfs in 'n post-moderne era vir die post-modernistiese mens 'n boodskap bring - juis omdat dit so 'n ryklik geskakeerde verhaal is. Dit is 'n aangrypende storie van 'n mens, en al het hy meer as 4000 jaar gelede geleef, kan enige mens vandag met hom identifiseer. Hy is iemand wat sukses geken het, maar ook mislukkings; hy het vreugde geken, maar ook smart - kortom, hy het gelewe en gesterf soos almal voor hom, en soos wat almal na hom sal leef en sterf. Die wysheid en insig wat hy op sy lewenspad opgedoen het, het hy gehoop om met almal na hom te deel: daarom is dit belangrik om hierdie epos te lees en daardeur bemoedig te word, maar verder om veral die waarheid wat Gilgamesh ontdek het, toe te pas: lewe die stuk lewe wat jy kry met oorgawe.

**BIBLIOGRAFIE**

Beek, M A 1960. *Atlas van het Tweestromenland.* Amsterdam: Elsevier.

Bergant, D 1994. The Song of Songs and Honor and Shame, in *Semeia* 68, 23 - 37.

Botha, P J 1998. Eer en skande in die antieke Mediterreense wêreld. Klasaantekeninge *AKG 210*, UP.

Chance, J K 1994. The Anthropology of Honor and Shame: Culture, Values and Practice, in *Semeia* 68, 139 - 149.

*Chicago Assyrian Dictionary*, 1956, vol IV. Chicago: Oriental Institute.

*Chicago Assyrian Dictionary*, 1965, vol II. Chicago: Oriental Institute.

Cloete, T T (red) 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-Literêr.

Dalley, S 1992. *Myths from Mesopotamia.* Oxford: Oxford University Press.

*Deutsch - Akkadisches Wörterbuch* 1998. Munster.

De Vaux, R 1988. *Ancient Israel.* London: Darton, Longman & Todd.

Gardner, J & Maier, J 1984. *Gilgamesh.* New York: Alfred A. Knopf.

George, A 1999. *The Epic of Gilgamesh.* Great Britain: Barnes & Noble Books.

Hanson, K C 1994. How honorable! How shameful! in *Semeia* 68, 81 - 104.

Hooker, J T 1996. *Reading the Past.* London: British Museum Press.

Jackson, D P 1992. *The Epic of Gilgamesh.* Wauconda: Bolchazy-Carducci.

Jacobsen, T 1976. *The Treasures of Darkness.* London: Yale University Press.

Jacobsen, T 1980. "Sumer" in Cotterell, A (ed). *The Encyclopedia of Ancient Civilizations.* London: Rainbird Publishing Group Ltd.

Kluger, R S 1991. *The Archetypal Significance of Gilgamesh : a Modern Ancient Hero.* Einsiedeln: Daimon.

Kressel, G M 1994. An anthropologist's response to the use of social science models in biblical studies, in *Semeia* 68, 153 - 160.

Malina, BJ 1993. *The New Testament World.* Louisville, Kentucky: John Knox Press.

Mc Vann, M & Malina BJ (eds.) 1994. *Semeia* 68, Atlanta, Scholars Press.

Matthews, V H & Benjamin, D C 1994. Social sciences and Biblical Studies, in *Semeia* 68, 9 - 20.

Neyrey, J H (ed) 1991. *The Social World of Luke-Acts.* Massachusetts: Hendrickson.

Neyrey, J H 1994. Despising the shame of the cross: honor and shame in the Johannine passion narrative, in *Semeia* 68, 113 - 133.

Parpola, S 1997. *The Standard Babylonian Epic of Gilgamesh.* SAACT 1. Neo-Assyrian Text Corpus Project.

Peck, M S 1989. *The Road Less Travelled.* London: Rider.

Peristiany, J G (ed) 1965. *Honour and Shame: the values of Mediterranean society.* London: Weidenfeld and Nicolson.

Pitt-Rivers, J 1965. Honour and social status in Peristiany, J G (ed). *Honour and Shame: the values of Mediterrean society,* 19 ev. London: Weidenfeld and Nicolson.

Prinsloo, GTM 1999. *Mesopotamië: Geboorteplek van ons beskawing.* Pretoria: UP.

Pritchard, J B 1975. *The Ancient Near East,* vol 1. Princeton: University Press.

Saggs, HWF 1984. *The Might that was Assyria.* London: Sidgwick & Jackson.

Sandberg, A s.j. *The priestesses of Inanna.* Internet.

Seibert, I 1974. *Woman in Ancient Near East.* Leipzig: Edition Leipzig.

Simkins, R A 1994. Honor and shame in Joel, in *Semeia* 68, 41 - 52.

Stansell, G 1994. Honor and shame in the David-narratives, in *Semeia* 68, 55 - 74.

Thompson, R C 1930. *The epic of Gilgamesh.* Oxford: Clarendon Press.

Tompkins, J P 1980. *Reader-response criticism. From Formalism to Post-structuralism.* Baltimore: Johns Hopkins.

Van Selms, A 1970. Die epos in die Ou Nabye Ooste, in Cronje, G *Die Epos.* Pretoria: JL van Schaik.

Von Soden, W 1965 - 1981. *Akkadisches Handwörterbuch* Band I, II, III. Wiesbaden: Otto Harrassowitz.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

***Gilgamesh sien die Diepte : van Skande tot Eer***
***deur***
***Gezina Gertruida de Villiers***

**Promotor : Prof G T M Prinsloo**
**Department : Antieke Tale**
**Degree : Magister Artium**

Hierdie verhandeling neem die Standaard Babiloniese teks van die Epos van Gilgamesh as vertrekpunt. Die teks word gelees vanuit 'n post strukturalistiese benadering wat die leser se respons beklemtoon, maar terselfdertyd word die konvensies van die immanente teks gehandhaaf. Bruce Malina se sosio-antropologiese model van eer en skaamte word op die epos toegepas om te ondersoek of 'n moderne teorie inderdaad lei tot 'n beter verstaan van antieke letterkunde. Die hipotese stel dat eer en skaamte 'n belangrike rol speel in die karakterontwikkeling van Gilgamesh terwyl hy groei van jeug na volwassenheid. Die-eer-en-skaamte-momente in die epos word uitgelig en aan die hand van die teorie getoets.

Gilgamesh word voorgestel as 'n eerbare koning, maar sy skaamtelose gedrag skok terwyl hy daarna strewe om nog meer eer te bekom. Sy eer word uitgedaag deur Enkidu: na 'n aanvanklike stryd om eer, word hulle geswore vriende. Saam streef hulle na nog meer eer, en oorweldig Humbaba, die monster wat die god Enlil aangestel het om sy sederbos te bewaar. Daarna verwerp Gilgamesh die huweliksaanbod van die godin Ishtar. Enkidu help hom om die Hemelbul, waarmee sy haarself wil wreek, dood te maak. Diep verneder, besluit die gode om hul geskonde eer te herstel en neem wraak met die finale troefkaart van mag wat hulle in hul hande het: die dood. Hulle laat Enkidu siek word en sterf - hy sterf nie eerbaar soos een wat in die oorlog gesneuwel het nie, maar in skande, deur siekte.

Beangs dat hy ook soos Enkidu in skande gaan sterf, gooi Gilgamesh alle eersimbole weg en dwaal hy rond op die steppe, op soek na die hoogste eer: die ewige lewe. Uiteindelik kom hy uit by Utnapishtim, die enigste wat die Groot Vloed oorleef het, en vir wie die gode met die ewige lewe vereer het. Utnapishtim openbaar die geheim van die ewige lewe aan Gilgamesh:
die toets wat hy moet slaag, is om slaap vir 'n week lank te weerstaan. Gilgamesh faal skandelik. Dan, deur sy eie nalatigheid word hy weer eens beskaam as 'n slang sy afskeidsgeskenk, 'n plant wat as verjongingskuur werk, letterlik voor sy neus wegraap.

Paradoksaal, eers dan, nadat Gilgamesh vernedering en skande ervaar het, kan hy na sy stad terugkeer as 'n volwasse en eerbare koning.

# SUMMARY

*Gilgamesh sees the Deep : from Shame to Honour*

*by*

*Gezina Gertruida de Villiers*

**Promoter : Prof G T M Prinsloo**
**Department : Ancient Languages**
**Degree : Magister Artium**

This thesis takes the Standard Babylonian version of the Epic of Gilgamesh as point of departure. In reading the text, a post structuralistic approach which emphasizes the response of the reader is followed, whilst respect for the conventions of the immanent text is being maintained. Bruce Malina's social anthropological model of honour and shame is applied to the epic in order to examine whether a modern theory does indeed lead to a better understanding of ancient literature. The hypothesis proposes that honour and shame play an important role in the character development of Gilgamesh as he grows from youth to maturity. Incidents featuring honour and shame in the epic, are highlighted.

Gilgamesh is introduced as an honourable king, but his shameful behaviour shocks as he strives towards even more honour. His honour is challenged in the person of Enkidu: after an initial contest for honour they become close friends. Together they aspire towards more honour and slay Humbaba appointed by the god Enlil to guard his cedar woods. Thereafter Gilgamesh spurns the marriage proposal of the goddess Ishtar. Enkidu assists him to kill the Bull of Heaven with which she wishes to take revenge. Deeply shamed, the gods restore their violated honour and retaliate with the ultimate power they have in their hands: death. By their hands Enkidu becomes ill and dies - not in honour as one who has fallen in battle, but in shame, by illness.

Petrified that he might die shamefully like Enkidu, Gilgamesh strips himself of all symbols of honour and roams the plains, in search of the ultimate honour: eternal life. Eventually he reaches Utnapishtim, survivor of the Deluge, whom the gods honoured with eternal life. Utnapishtim reveals the secret of eternal life to Gilgamesh and puts him to the test of defying sleep for a week long. Gilgamesh shamefully fails. Then, by his own carelessness he is shamed once again when he loses his parting gift, a plant with rejuvenating capacities, to a snake.

Paradoxically, only then, after experiencing humiliation and shame, he can return to his city as a mature and honourable king.

## SLEUTELTERME

Assiriologie
eer
skaamte
Epos
Gilgamesh
diadiese persoonlikheid
strukturalisme
post-strukturalisme
dekonstruksie
leser-responskritiek

## KEY TERMS

Assyriology
honour
shame
epic
Gilgamesh
diadic personality
structuralism
post structuralism
deconstruction
reader response criticism